A.2 VERSLAG VAN DIE MODERAMEN (ASM)

1. DIE VERSLAG VAN DIE ASM

1.1 OPDRAG VAN DIE ASM

Die ASM ontleen sy bestaan aan Artikel 1 van die Kerkorde van die NG Kerk. Artikel 1 bepaal die opdrag en funksionering van die ASM as volg:

"3. OPDRAG

3.1 Die moderamen neem aanspreeklikheid vir leierskap en geestelike onderskeiding tussen sinodesittings met betrekking tot die sake wat met die taak van die Algemene Sinode (vergelyk Artikel 43 van die Kerkorde) ooreenkom en die opdragte wat die Algemene Sinode dienooreenkomstig aan die moderamen gee.

3.2 Die moderamen

3.2.1 die strategiese prioritisering van die Algemene Sinode;

3.2.2 wys algemene taakspanne en projekspanne aan indien dit nie tydens die Algemene Sinode in sitting geskied het nie;

3.2.3 koördineer en integreer tussen sinodesittings die werksaamhede van die Algemene Sinode op strategiese gebied aan die hand van Artikel 43 van die Kerkorde;

3.2.4 hanteer tussentydse sake met verslag aan die Algemene Sinode;

3.2.5 tree op as die ledevergadering van die Algemene Sinode se mediamaatskappye;

3.2.6 belyn die werksaamhede van die kerklike maatskappye en ander regsentiteite met die strategie en prioriteite van die Algemene Sinode;

3.2.7 adviseer die direksies van die mediamaatskappye rakende die aanstelling van die uitvoerende hoof en die redakteur van Kerkbode;

3.2.8 werk ten nouste saam met die leierskapstrukture in die sinodes rondom kommunikasie en uitvoering van besluite;

3.2.9 keur, wanneer die Algemene Sinode spesiale volmag daartoe gee, reglemente en reglementwysigings vir die werksaamhede van die Algemene Sinode goed;

3.2.10 wys, soos vakatures mag ontstaan, lede van die Ouditkomitee aan, wanneer die Algemene Sinode nie in sitting is om dit te doen nie;

3.2.11 keur die begroting vir die werksaamhede van die Algemene Sinode goed op aanbeveling van die bedryfspan, wanneer die Algemene Sinode nie in sitting is om dit te doen nie;

3.2.12 keur die jaarlikse geouditeerde finansiële state en die bestuursbrief goed, wanneer die Algemene Sinode nie in sitting is om dit te doen nie;

3.2.13 stel die senior personeel in die kantoor van die Algemene Sinode in ooreenstemming met die personeelbeleid aan na oorleg met die bedryfspan en Taakspan Fondse en Bates."

1.2 DIE TAAK EN FUNKSIE VAN DIE ALGEMENE SINODE

Artikel 43 van die Kerkorde bepaal die taak en funksie van die Algemene Sinode en het dus direkte betekenis vir die bepaling van die taak van die ASM. Artikel 43 lui as volg:

"Tot die taak van die Algemene Sinode hoort:

43.1.1 dit wat uitdrukking gee aan die Kerk se gemeenskaplike identiteit in terme van Woord, belydenis, Kerkorde, roeping en beleid;

43.1.2 dit wat die Kerk se nasionale en internasionale ekumeniese verhoudinge raak;

43.1.3 dit wat die Kerk se publieke getuienis op nasionale en internasionale gebied raak (vergelyk Artikel 67.4 van die Kerkorde);

43.1.4 die viering van die Kerk se onderlinge verbondenheid;

3.1.5 die aanwysing van die Bybelvertaling(s) wat amptelik gebruik moet word;

43.1.6 die vasstelling van die belydenisskifte ooreenkomstig Artikel 44, die Kerkorde, die liturgiese formuliere en gebruike, die liederebundel(s) en die liturgiese grondlyne vir eredienste;

43.1.7 die vasstelling van die formele vereistes vir die opleiding van die predikante;

43.1.8 die administrasie van vaste eiendom en fondse van die Algemene Sinode;

43.1.9 die beheer oor algemene kerklike media;

43.1.10 die hantering van appèlsake wat voor die Algemene Sinode gebring word."

Hierdie verslag van die ASM aan die Algemene Sinode handel met die uitvoering van die opdrag van die ASM ingevolge Reglement 1 en die beskrywing van die taak van die Algemene Sinode in Artikel 43 van die Kerkorde. Die ASM was van mening dat sy opdrag vereis dat die ASM volledig verslag behoort te doen van die wyse waarop die ASM sy opdrag uitgevoer het.

1.3 VERGADERINGS VAN DIE ASM

Die ASM het sedert sy aanwysing deur die Algemene Sinode in 2015 twee maal per jaar vergader.

1.3.1 VERSLAGGEWING

Die vergaderings word gekenmerk deur volledige en deeglike verslaggewing deur die moderatuur en taakspanne van die sinode.

1.3.2 KULTUUR VAN DIE VERGADERINGS

Die vergaderings het oor die verloop van die termyn ontwikkel van 'n ruimte van spanning en konflik tot 'n ruimte van diepgaande besinning oor die belangrike funksies van die Algemene Sinode soos belydeniskwessies (byvoorbeeld oor die betekenis van die Dordtse Leerreëls, die *Joint Declaration on the Doctrine of Justification* en missionale transformasie), ekumene (byvoorbeeld ons toetrede tot die Wêreldraad van Kerke en die Church Unity Commission in Suid-Afrika, asook terugvoer oor die vergadering van die Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke in Leipzig in 2017), die eenheid van die kerk (byvoorbeeld die ontwikkeling en goedkeuring van 'n tussenorde vir die susterskerke), publieke getuieniskwessies (byvoorbeeld grondhervorming, onderwys, haatspraak, die ekonomie, armoede en vroeëkinderontwikkeling), beleidsake (byvoorbeeld selfdegeslagverhoudings), kerkordelike kwessies (byvoorbeeld kerkverband en 'n kerkorde vir 'n missionale kerk), Bybelvertaling (oor die Nuwe Testament en Psalms: 'n Direkte Vertaling), oor teologiese opleiding (byvoorbeeld die implimentering van vyf bane van teologiese opleiding), oor bestuurskwessies (byvoorbeeld die aanstelling van 'n algemene bestuurder en 'n nuwe kommunikasiebeleid). Hierdie en baie ander sake het die vergaderings se agendas gevul. Die vergaderings het oor die verloop van die termyn ontwikkel in geloofwaardige ruimtes van diepgaande onderskeiding, ontmoeting met mekaar en met die Hoof van die kerk.

1.3.3 TOERUSTING VAN LEDE

Die moderatuur het dikwels 'n spreker na die vergaderings van die ASM genooi om lede toe te rus met meerdere kennis oor kontensieuse onderwerpe. Die adjunkminister vir Telekommunikasie en Posdiens, prof Hlengiwe Mkhize, het byvoorbeeld met die ASM gepraat oor die rol van die kerk in Suider-Afrika. Dr Renier Koegelenberg van die Ecumenical Foundation of Southern Africa (EFSA) het die ASM toegespreek oor die rol van die kerk in internasionale en nasionale kontekste en veral in ekumeniese verbande. Dr Christo van der Rheede (adjunk-uitvoerende direkteur van AgriSA) het die ASM toegespreek oor onteiening van grond sonder vergoeding. Mnr Paul Colditz (hoof uitvoerende beampte van Fedsas) het die ASM toegespreek oor godsdiens in die onderwys.

1.3.4 SPIRITUALITEIT

Die ASM benut ruim tyd tydens sy vergaderings vir oordenking van die Skrif, gebed en onderskeiding.

1.4 MODERATUUR

Die moderatuur van die Algemene Sinode funksioneer soos ’n dagbestuur van die ASM en het by elke vergadering van die ASM volledig verslag gedoen van sy werksaamhede in die interim tussen vergaderings van die ASM. Die drie moderatuursvergaderings by Kierieklapper, ’n plaas in die Bosveld, wat deur ’n lidmaat aan ons beskikbaar gestel is, was besonder geseënd. Die moderatuur het ook dikwels telefonies vergader.

2. FOKUSSE VAN DIE ASM

Die ASM het tydens sy eerste vergadering na die Algemene Sinode van Oktober 2015, gehou op 16-18 November 2015, die belangrikste prioriteite van die termyn geïdentifiseer, naamlik:

1. die missionale transformasie van die kerk, en
2. die herbesinning oor die aard van die kerkverband met spesifieke verwysing na die samestelling van die Algemene Sinode.

Die Algemene Sinode het oor beide die sake leidinggewende besluite geneem en taakspanne aangewys om die verdere werk wat daaruit voortgespruit het, te verrig.

2.1 MISSIONALE TRANSFORMASIE

Die ASM het geoordeel dat dit, veral met betrekking tot die groot aantal taakspanne wat met aspekte van missionale transformasie gemoeid was, ’n belangrike koördineringsfunkie het. Die ASM was ook van mening dat elke werksaamheid van die Algemene Sinode nuut moes dink oor die missionale roeping daarvan. Die ASM het gevolglik tydens sy vergaderings ruim tyd afgestaan om saam met die Taakspan vir Missionale Transformasie te dink oor die betekenis van missionale transformasie vir die roepingsverstaan van al die Algemene Sinode se taakspanne.

Al die taakspanne vir missionale transformasie het begin om gelyktydig te vergader en op dieselfde plek sodat deeglike gemeenskaplike besinning oor die teologiese vertrekpunte van ’n missionale kerk en die koördinering van die onderskeie taakspanne se werk kon plaasvind.

Die Taakspan vir Missionale Transformasie het telkens die ASM getoets in sy ontwikkeling van ’n praktiese teologie van missionaliteit. Eers na die eerste vier vergaderings van die ASM het die helderheid oor die missionale teologie wat gedaag het die platform geword vir verdere gesprek oor die transformasie van die onderskeie gestaltes en werksaamhede van die kerk (*Sien prioriteite van ASM, Punt A3, p 164 e.v).*

Die skielike afsterwe van dr Freddie Schoeman, voorsitter van die Taakspan vir Missionale Transformasie, tydens ’n gesamentlike taakspanwerkswinkel op 19 April 2017 te eMseni, was vir die ASM ’n baie groot skok. Sy leierskap en diep insigte was rigtinggewend vir die missionale transformasieproses. Dr Lourens Bosman is hierna deur die taakspan aangewys as voorsitter en die taakspan kon sy werk voortsit onder die bekwame leiding van sy nuwe voorsitter.

2.2 TAAKSPAN VIR KERKVERBAND (

Die taakspan is deur die Algemene Sinode saamgestel uit een verteenwoordiger per samestellende sinode. Die taakspan het die ASM ingelig oor sy vordering. Die taakspan is tydens die vergadering van die ASM van 9 September 2018 uitgebrei met die volgende persone: die voorsitter van die ASM, die aktuarius en dr Frederick Marais in sy hoedanigheid as ondervoorsitter van die algemene kuratorium. Die doel van die uitbreiding van die taakspan was om ’n groter integrasie en koördinering te verseker tussen die denke en werk van die taakspan en die res van die werksaamhede van die sinode, byvoorbeeld teologiese opleiding, ekumene en die ontwikkeling van ’n missionale kerkorde. Die taakspan het by geleentheid die ASM as klankbord gebruik vir kwessies wat in die taakspan onder bespreking was. Dr Barry Tolmay tree as voorsitter van die taakspan op *(Sien prioriteite van ASM, Punt A3, p 219).*

3. SAMESTELLENDE SINODES

3.1 BESOEKE VAN DIE MODERATUUR AAN DIE SAMESTELLENDE SINODES

Aangesien die Algemene Sinode ’n sinode van sinodes is, het die ASM dit goedgedink om besoeke te bring aan die leierstrukture van die onderskeie sinodes. Die voorsitter of ondervoorsitter en algemene sekretaris het die meeste van die besoeke gebring. Daar is oor elke besoek verslag gedoen aan die ASM. Na die eerste rondte besoeke het die ASM besluit dat daarmee op ’n jaarlkse basis voortgegaan

moet word. Die besoeke het daartoe bygedra dat die lede van die ASM meer bewus was van mekaar se sinodale werksaamhede en uitdagings. Dit het ook telkens geblyk dat die besoeke aan die sinodale leierstrukture daartoe bydra dat kommunikasie verbeter, misverstande uit die weg geruim word, inligting beter versprei word en die onderlinge verhoudinge tussen sinodes en met die Algemene Sinode baie daarby baat vind. Belangrike inligting oor die oortuigings en werk van die onderskeie sinodes kon ook geïntegreer word met die denke en werk van die Algemene Sinode.

3.2 RAMPE

Verskeie natuurrampe dwarsoor Suidelike-Afrika het veroorsaak dat sinodes mekaar onderling begin bystaan het met hulpverlening en sorg. Tydens die droogtes in die noordelike gebiede van Suid-Afrika en Kwazulu-Natal het van die ander sinodes en gemeentes uit ander sinodale gebiede daadwerklik betrokke geraak deur fondse vir hulp beskikbaar te stel, maar ook veevoer en ander fisiese hulp. Toe die droogte egter sy tol begin eis in die Oos- en Wes-Kaap was die hulp uit die Vrystaat, Oos-Kaap, Noordwes, en ander sinodale gebiede ’n baie groot getuienis van die sin van onderlinge verbondenheid en omgee vir mekaar.

Nêrens het die krag van die gemeenskap en eenheid van gelowiges egter duideliker geblyk as met die Knysna-brande wat ongekende lyding en skade veroorsaak het. Ook later met die uitgebreide veldbrande in die Vrystaat, is daar oor sinodale grense bystand verleen.

Tydens die vloede in Mosambiek en Zimbabwe is daar, in samewerking met die Oostelike Sinode, hulp aan die gebiede georganiseer. Die algemene sekretaris het in samewerking met die SARK noodvoorrade aan veral die gemeentes van Egreja Reformada em Mosambique kon stuur. ’n Noodfonds is gestig en daar is ook ondersteuning beloof deur die WBGK.

Die ASM het ook besluit om ’n algemene sinodale rampfonds te aktiveer sodat onderlinge hulp beter bestuur en geadministreer kan word en verder gereik kan word met die omgee en sorg van die kerk.

3.3 DIE BESLUITE VAN DIE ALGEMENE SINODE OOR SELFDEGESLAGVERHOUDINGS

Beide die besluite van die Algemene Sinode, dié van 2015 en 2016, het gelei tot uitermate spanning in die kerk, en gevolglik ook in die ASM. Die ASM was tot ’n groot mate uitgeskakel m.b.t. die regsprosesse wat uit die twee sinodes se besluite oor selfdegeslagverhoudings gespruit het, aangesien die Kerkorde bepaal dat die Algemene Taakspan Regte (ATR) verantwoordelik is vir die hantering van alle kwessies waar die Algemene Sinode in regsgedinge en dispute betrek word. Die lede van die ASM het nietemin daarin geslaag om hulle verhoudinge te konsolideer en die gemeenskaplike grond van geloof te benut as die basis van voortgesette verbondheid aan mekaar.

Die optredes van die ATR het egter dikwels die verdeeldheid tussen lede oor hierdie kontensieuse kwessie blootgelê. Dit het hierin nie net altyd gegaan oor teologiese verskille nie, maar dikwels oor prosedures en regstegniese kwessies. Die vraag of ’n appèl teen ’n besluit van ’n kerklike vergadering die uitvoering van daardie besluit outomaties opskort, het byvoorbeeld verdeeldheid veroorsaak. So ook het die vraag of ’n appèl teen ’n besluit van die Algemene Sinode in terme van die Kerkorde moontlik is, tot verdeeldheid en spanning gelei. Dit het duidelik geblyk dat kerkmense dikwels nie vaardig is in die hantering van regstegniese kwessies nie en dat die kerklike prosedures oor die hantering van regsake hersien sal moet word. Spanning ontstaan veral wanneer die ATR besluite neem wat deur die moderatuur en algemene sekretaris verduidelik moet word. Hieroor sal ook verder gedink moet word. Die optrede van die ASM insake die besluite van 2015 en 2016 word verder in punt 6.1, p56, e.v. toegelig.

4. EKUMENE

4.1 INLEIDEND

Ekumene, nasionaal en internasionaal, is volgens Artikel 43 van die Kerkorde een van die kernfunksies van die Algemene Sinode. Die NG Kerk bely saam met talle ander kerke dat ons deel het aan een algemene kerk. Ons ekumeniese betrokkenheid by en verbondenheid aan ander denominasies gee hieraan praktiese uitdrukking. Ons ekumeniese deelname bied aan die NG Kerk ’n geleentheid om deel te neem aan baie verrykende teologiese en etiese gesprekke en saam met ander kerke ons baie belangrike getuienis te kan lewer. Ons ekumeniese vennote gee dikwels hulle groot waardering vir die teologiese leiding en profetiese standpuntinname van die NG Kerk oor talle sake te kenne.

4.2 WÊRELDRAAD VAN KERKE (WRK)

4.2.1 HERTOETREDE

Die NG Kerk is op 27 Junie 2016 na 55 jaar weer toegelaat as lid van die WRK. Die sentrale komitee van die WRK het na ’n aansoekproses wat reeds lank tevore begin is, in Trondheim, Noorweë die finale besluit geneem om ons weer as volle lid van die raad toe te laat.

Die Kaapse en Transvaalse Sinodes van die NG Kerk was afsonderlik lede van die WRK sedert die ontstaan daarvan in 1948. Dit was die skietdood van 69 mense in Sharpeville op 21 Maart 1960 wat die oë van die hele wêreld op die Suid-Afrikaanse politieke toneel gevestig het. Die Suid-Afrikaanse regering was baie drasties in sy onderdrukking van enige verdere versetaksies. Op 24 Maart 1960 is ’n noodtoestand afgekondig. 11 503 mense is in hegtenis geneem en aangehou. Op 8 April 1960 is die ANC en die PAC verban. Dr HF Verwoerd, die destydse premier, was ’n sleutelfiguur in hierdie politieke hoogdrama. Op 9 April 1960 is daar ’n aanslag op sy lewe gemaak. Hy was gelukkig om dit te oorleef.

Die WRK het in die lig van al hierdie verwikkelinge besluit om betrokke te raak by die bespreking van die onreg van Sharpeville en ’n beraad van sy lidkerke is op 14-17 Desember 1960 in Cottesloe, Johannesburg gehou. Al agt die Suid-Afrikaanse lidkerke van die WRK was teenwoordig. Hulle was die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Transvaal, die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (Kaapland), die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, die Metodistekerk, die Presbiteriaanse Kerk in Suid-Afrika, die Bantoe Presbiteriaanse Kerk, die Anglikaanse Kerk (Church of the Province of South Africa) en die Kongregasionalistiese Kerk (Independente Kerk).

Tydens die konsultasie is baie sterk beding vir die insluiting van swart mense in die politieke bedeling in Suid-Afrika. Uiteindelik is ’n verklaring uitgereik wat die inhoud en besluite van die konsultasie verwoord het. Onbillike diskrimasie teen swart mense in talle vorme is afgewys. Besluite met die volgende inhoud is ook geneem:

“In ’n tyd van snelle maatskaplike verandering het die kerk ’n besondere verantwoordelikheid om vreesloos binne die maatskappy te getuig.” “Daar is geen Skriftuurlike gronde vir ’n verbod op gemengde huwelike (tussen verskillende rasse) nie.” “Die huidige stelsel van werkreservering moet plek maak vir ’n billiker werkstelsel wat die belange van almal wat daarby betrokke is, beveilig.” “Dit is ons oortuiging dat die reg om grond te besit waar hy ook al gedomisilieer is en om deel te hê aan die regering van sy land, deel is van die waardigheid van die volwasse mens.” “Dit is ons oortuiging dat daar in beginsel geen beswaar kan wees teen die direkte verteenwoordiging van die Kleurlingbevolking in die Parlement nie.” Die NG Kerk afgevaardigdes het hierdie verklaring gesteun. Die verklaring het egter ’n geweldige storm in die kerk en in Afrikanergeledere ontketen. Dr Verwoerd het in sy nuwejaarstoespraak op 1 Januarie 1961 ’n sogenaamde wig ingedryf tussen die kerk se afgevaardigdes en die res van die kerk deur te sê dat hierdie kerklui nie die amptelike standpunt van die kerk verteenwoordig nie.

Een na die ander het die sinodes van die NG Kerk die besluite van Cottesloe verwerp. Die Vrystaatse Sinode se afwysing is gevolg deur gelykluidende besluite van die Federale Raad van NG Kerke en die Natalse Sinode. Laasgenoemde het selfs so ver gegaan om te besluit dat indien die te stigte Algemene Sinode van die NG Kerk lidmaatskap van die WRK aanvaar, hulle sal bedank. In April 1961 het die Transvaalse Sinode besluit om uit die WRK te tree. In November 1961 het die Kaapse Sinode ook met ’n oorweldigende meerderheid besluit om die WRK te verlaat. Al hierdie sinodes het sterk afkeurende besluite geneem ten aansien van die Cottesloe-verklaring.

Die Algemene Sinode van die NG Kerk het in Oktober 1962 tot stand gekom. Lidmaatskap van die WRK was nie eens op die agenda nie.

Die WRK het ’n baie aktiewe rol gespeel om rassisme en apartheid te beveg. Sy amptelike kampanje teen rassisme het geweldig omstrede geraak toe die organisasie in 1970 besluit het om die bevrydingsbewegings finansieel te ondersteun. Hiermee het die WRK ’n vyand geword van die destydse Suid-Afrikaanse staat. Die WRK het ook agter die politieke skerms gewoeker om stukrag te verleen aan die versetbeweging en veral om internasionale steun te werf vir sanksies en verset teen apartheid. Die plaaslike kerke en ander ekumeniese liggame het ewe-eens groot druk op die NG Kerk geplaas en die NG Kerk al hoe meer geïsoleer. So was die skorsing uit die Wêreldbond van

Gereformeerde Kerke ’n harde hou vir die NG Kerk. Die ‘status confessionis’ wat hierdie liggaam in 1982 afgekondig het, het diep getref. Natuurlik was die getuienis en verset vanuit ons eie kerkfamilie ook baie betekenisvol. Die NG Kerk se eie teologiese en historiese familie was plaaslik, maar ook wêreldwyd verenig in sy verset teen die teologiese regverdiging van apartheid. Toe die NG Sendingkerk in 1986 die Belydenis van Belhar aanvaar, het dit daarmee die waarheid van die evangelie oor die aard van die Christelike kerklike lewe en die eise om versoening en geregtigheid in die evangelie op ’n baie besondere manier in fokus gebring.

In die laat sewentiger en vroeë tagtigerjare het die NG Kerk begin om apartheid af te wys. In 1986 was die bekering van sy dwaling oor apartheid reeds ver gevorder met die aanvaarding van die dokument “Kerk en samelewing”. So sterk was die afwysing van die apartheidsteologie toe, dat die Afrikaanse Protestantse Kerk in 1987 van die NG Kerk weggebreek het. In 1990 is hierdie dokument verder verfyn en toe pres FW de Klerk in 1990 ’n nasionale kerkeberaad te Rustenburg hou, kon prof Willie Jonker met vrymoedigheid in die openbaar die sonde en die dwaling van die NG Kerk ten aansien van apartheid bely.

Sedert hierdie dramatiese jare het die NG Kerk stadig maar seker weer deel geword van ekumeniese organisasies. Die NG Kerk is deur talle ekumeniese liggame met oorgawe en opregte Christelike liefde terug ontvang en omarm. Stadig maar seker, en met die ondersteuning van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke en sy lidkerke, het die NG Kerk weer sy profetiese stem begin vind.

In ekumeniese geledere word die NG Kerk nie meer verwyt oor sy apartheidsverlede nie. Telkens word daar eerder erkenning gegee aan die groot rol wat die kerk speel in die verligting van die nood van die mense van Suid-Afrika. Die NG Kerk het inderdaad sedert die vroeë tagtigerjare ’n reuse-verskuiwing gemaak in sy diakonaat en omgee vir die mense van ons land. Die kerk was maar te bewus daarvan dat dit alleen deur ’n diensknegrol te speel, ’n geloofwaardige getuienis kan lewer van sy bekering.

Die NG Kerk is ook sedert 2004 weer ’n lid van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke. Die rol wat ander lidkerke van Suid-Afrika gespeel het, asook die SA Raad van Kerke en by name die algemene sekretaris, biskop Malusi Mpumlwana om die NG Kerk te ondersteun in sy aansoek, moet vermeld word. Prof Mary-Anne Plaatjies Van Huffel, voormalige voorsitter van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (VGKSA) se Algemene Sinode, het ewe-eens sterk leierskap aan die dag gelê en die NG Kerk se aansoek om lidmaatskap baie effektief ondersteun.

Die WRK bestaan uit 345 lidkerke met gesamentlik meer as ’n half biljoen lidmate. Die Katolieke Kerk behoort uit eie keuse nie aan die WRK nie. Dit is nietemin die breedste en die mees insluitende van alle ekumeniese organisasies wat kerke verenig in die wêreld. Die belydenis dat Jesus Christus God en Redder is, soos wat die Bybel leer, en die gesamentlike vervulling van hulle roeping tot eer van die een God, Vader, Seun en Heilige Gees, bind hierdie kerke aan mekaar.

Die meeste van die wêreld se Ortodokse Kerke, Anglikane, Baptiste, Lutherane, Metodiste, Gereformeerdes, sowel as baie Verenigde en Onafhanklike kerke uit meer as 110 lande, kom agtjaarliks byeen in ’n Algemene Vergadering. Die sentrale komitee vergader elke twee jaar.

Die WRK se fokus en beleid het ook oor die jare baie veranderinge ondergaan. Die mees omstrede tyd in sy geskiedenis was waarskynlik die tyd toe sy “Program om rassisme te beveg” (*Program to combat racism*) oorgegaan het tot finansiële ondersteuning van bevrydingsorganisasies soos SWAPO en die ANC wat geweld gepleeg het as deel van hulle verset teen onderdrukking. Die WRK het met sy benadering van geregverdigde oorlog baie interne spanning ontketen. Vandag is sy benadering totaal anders. Die fokus val nou op geregverdigde vrede. Trouens, een van die vlagskipaksies van die WRK is sy program genaamd “Pelgrimstog van geregtigheid en vrede”. Alle kerke en kerklike strukture word in hierdie program meegeneem in talle aksies om die wêreld te genees van konflik en pyn. Die WRK is onder meer op talle plekke intens betrokke by die beslegting van nasionale geskille. Die pelgrimstog is volgens die beleidsdokumente van die WRK begrond in God se eie sending na die wêreld en die voorbeeld van Jesus. Van 8-9 Junie 2016 is daar juis in Soweto ’n WRK-konferensie gehou met gespreksgenote vanoor veral Afrika, maar ook die res van die wêreld met die oog op nasionale geskilbeslegtingsprosesse. Die WRK is betrokke by die oplossing van konflikte in Soedan, Suid-Soedan, Republiek van die Kongo, Nigerië, Colombië, die Midde-Ooste, Sirië en talle ander plekke. Die werk wat gedoen word om vrede en geregtigheid te bevorder, het onmisbaar geword. Strydende partye

se laaste uitweg is dikwels om van die kerk se bemiddeling gebruik te maak. Oral, so lui die oortuiging van die WRK, word tekens opgerig van die heerskappy van God in die wêreld.

Die WRK het oor die laaste dekades 'n baie sterk fokus op missionaliteit. Die sogenaamde "*evangelicals*" en "*ecumenicals*" het mekaar op merkwaardige maniere gevind om saam te reis, teologies, maar ook in die soeke na vrede en geregtigheid en die verkondiging van die evangelie wêreldwyd.

Die WRK het ook 'n sterk fokus op die nood van mense. Daarom het die WRK uitgebreide programme met die doel om gestremdes te ondersteun, MIV/Vigs te beveg, gemeenskapsgesondheid te bevorder, na kinders en vroue in nood om te sien, voedselvoorsiening en die voorsiening van skoon water. Die immigrasie van mense, vlugtelinge, ontworteldes en die gevolge van natuurrampe is ook op die sakelys van die WRK. Die WRK het ook 'n besondere fokus op die ekologie en die versorging van die aarde. Die fokus op regverdige samelewings waarin daar aan mense se Godgegewe menswaardigheid reg laat geskied word, onderlê die meeste van hierdie aktiwiteite.

Die WRK doen in sy kommissie genaamd Faith and Order, omvattende teologiese navorsing. Die mees bekende uitkoms van hierdie werk is waarskynlik die WRK se dokument oor Doop, Nagmaal en Bediening (*Baptism, Eucharist and Ministry* of die sogenaamde BEM-dokument). Uitgebreide navorsing is oor hierdie drie kwessies gedoen vanweë die verdelende aard daarvan. Die WRK doen ook baie om gebed te bevorder en kerke te laat saam bid vir mense in nood.

Die NG Kerk se lidmaatskap van die WRK lei 'n nuwe tyd van diensbaarheid in. Die WRK se omvangryke kundigheid en kapasiteit kom nou tot die NG Kerk se beskikking. Die NG Kerk kan ook nou sy stem en sy gawes toevoeg tot dié van Christene wat wêreldwyd getuig van die lewegewende hoop wat daar in Christus is. "Together Towards Life" is immers die slagspreuk van die WRK. Die blydskap en die emosie waarmee die Suid-Afrikaanse lidkerke, die Afrika-kerke en die sentrale komitee van die WRK die NG Kerk op 27 June 2016 terug ontvang het, getuig onder meer van die afwagting oor die moontlikhede wat hiermee ontsluit is.

4.2.2 ONTVANGS IN SUID-AFRIKA

Die moderatuur het Kgotsohuis, die kantore van die SARK in Johannesburg, op 11 Augustus 2016 besoek. Die SARK het spesiale reëlings getref om tydens hierdie besoek die hertoelating van die NG Kerk tot die geledere van die WRK te vier. Die president en vise-president van die SARK, biskop Siphozihle Siwa en dr Frank Chikane, was teenwoordig, asook die algemene sekretaris, biskop Malusi Mpulmwana. Die ander lede van die uitvoerende komitee van die SARK het ook die geleentheid bygewoon. 'n Besigtigingstoer deur die gebou om die vordering met die restourasieproses aan te dui, is gevolg deur 'n spesiale erediens om die terugkeer van die NG Kerk na die geledere van die Wêreldraad van Kerke te vier. 'n Koor van Soweto het tydens die diens opgetree en onder meer Psalm 48, "Die Heer is groot waar Sions top", in Afrikaans gesing. Dr Kobus Gerber en dr André Bartlett was as lede van die uitvoerende komitee van die SARK teenwoordig.

Die voorgenome restourasieplanne wat die kantoorruimtes asook 'n koffiewinkel en 'n museum op die grondvloer insluit, is ook verduidelik. Die 11-verdieping gebou huisves reeds 'n aantal kantore van besigheidsorganisasies en het die potensiaal om die finansiële selfstandigheid van die SARK te verseker.

Die SARK roep op elke vloer 'n kerklike figuur uit die geskiedenis van die organisasie wie se nalatenskap van groot betekenis was, in herinnering. Die nalatenskap van dr Beyers Naudé, wat as vaderfiguur van die ekumeniese beweging in Suid-Afrika beskou word, gaan onder meer herdenk word. Dr Naudé word in die SARK beskou as 'n profeet uit die NG Kerk.

Die ASM het op aanbeveling van die moderatuur besluit om finansieel by te dra tot die herdenking van die Beyers Naudé-nalatenskap in Kgotsohuis. Dit sal 'n baie sterk versoeningsgebaar wees en sal getuig van die betekenis en waarde wat die NG Kerk heg aan die rol wat mense soos dr Naudé in die geskiedenis van ons land gespeel het.

4.2.3 WERK IN SOWETO

Die Wêreldraad van Kerke was op 8-10 Junie 2016 in Soweto die gasheer vir 'n internasionale kerklike gesprek oor gebiede en lande in die wêreld waarin daar groot konflik voorkom. Die algemene sekretaris

van die Wêreldraad van Kerke, dr Olav Fykse Tviet, het as gespreksleier opgetree. Die voorsitter en die algemene sekretaris, sowel as dr Kobus Gerber as lid van die uitvoerende komitee van die SARK, kon die geleentheid in Soweto meemaak. Konflikte in Suid-Soedan, die Republiek van die Kongo, Burundi, Somalië en die Midde-Ooste is onder meer bespreek. Die vredesproses in Suid-Afrika in die vroeë negentigerjare is as model gebruik vir die vind van oplossings.

4.2.4 ONTVANGS VAN DIE FAITH AND ORDER COMMISSION-VERGADERING IN 2017

Die Faith and Order Commission, een van die WRK se belangrikste werksaamhede, se vergadering het op 15-22 Junie 2017 in Suid-Afrika plaasgevind. Sewe-en-vyftig jaar na Cottesloe, het die WRK vir die eerste keer weer 'n amptelike vergadering in Suid-Afrika gehou. Die kommissie bestaan uit 55 lede.

Die NG Kerk het as gasheer van die geleentheid, wat plaasgevind het by die eMseni Sentrum in Kemptonpark, opgetree. Die geleentheid het ook saamgeval met Jeugdag, wanneer die Soweto-gebeure van 16 Junie 1976 jaarliks herdenk word. 'n Colloquium is op 16 Junie 2017 by die Universiteit van Pretoria se teologiese fakulteit gehou. Hierdie fakulteit het in 2017 sy 100ste verjaarsdag gevier. Dr Susan Durber, moderator van die Faith and Order Kommissie, en van die Verenigde Gereformeerde Kerk in die Verenigde Koninkryk, het onder meer by hierdie geleentheid gesê: *"We are addressing difficult issues ourselves. This meeting, in this context, reminds us that questions of faith and order are not abstract issues, but matters of life and death, of justice and peace, of truth and reconciliation.*
"This may be a real call to us to respond and to use our unique, multi-lateral space, to face up to things that we might find easier to avoid, but which the churches are urging us to address," het sy gesê.

Die kommissie het 'n ekumeniese doelwit rondom teologiese studies. Temas wat tydens die konferensie hanteer is, het gefokus op vrede en geregtigheid, die ontluikende ekklesiologie, alles binne die raamwerk van Faith and Order se groot missie, genaamd: "The Church: Towards a common vision."

Die kommissie se vergadering in Suid-Afrika was 'n groot sukses. 'n Gesprek is onder meer met die NG Kerk gevoer oor sy pad tot hier en sy toekomstige rol in die ekumeniese beweging. Dr Gustav Claassen, algemene sekretaris, het namens die NG Kerk 'n groeteboodskap gebring. Besoeke is deur die lede van die kommissie gebring aan Soweto en die Uniegebou in Pretoria. Dit was uit alles baie duidelik dat die tydperk van isolasie van mekaar vir beide die WRK en die NG Kerk nadelig was.

4.2.5 BOD VIR AANBIED VAN DIE ALGEMENE VERGADERING VAN DIE WRK

Die NG Kerk se ASM en die VGKSA het besluit om 'n gesamentlike bod te doen om as gashere van die 2021-vergadering van die Algemene Vegadering van die WRK op te tree. Die bod is gedoen om die vergadering in Kaapstad in die KIKS-konferensiesentrum aan te bied. Groot dank is verskuldig aan Stad Kaapstad en die Wes-Kaapse regering, en by name mnr Adriaan Fourie, vir die buitengewone welwillende ondersteuning van ons bod. Ondersteuningsbriewe is ook verkry van die SARK en verskeie ekumeniese vriende in Suid-Afrika. Dr Gustav Claassen het die bodproses gelei saam met prof Mary-Anne Plaatjies van Huffel van die VGKSA. 'n Afvaardiging van die bodkomitee van die WRK het Kaapstad van 13-16 Januarie 2018 besoek. 'n Groot groep ekumeniese leiers het die ontmoeting met die afvaardiging meegemaak en hulle steun aan ons bod toegesê. Dr Claassen het saam met prof Mary-Anne Plaatjies van Huffel later die vergadering van die sentrale komitee van die WRK in Genève bygewoon om die bod vir die aanbied van die Algemene Vergadering van die WRK in 2021 te motiveer. Die bod is uiteindelik aan Karlsruhe in Duitsland toegeken. Alles dui daarop dat dit die finansiële kapasiteit van die Duitse kerk was wat die deurslag gegee het in die besluit van die sentrale komitee. 'n Versoek om wel die volgende vergadering van die sentrale komitee in 2020 in Kaapstad aan te bied, is in November 2018 oorweeg.

4.2.6 VIERING VAN DIE 70-JARIGE BESTAAN VAN DIE WRK IN SUID-AFRIKA

Die NG Kerk het inisatief geneem en as gasheer in Suider-Afrika opgetree van die 70-jarige viering van die bestaan van die WRK. Die geleentheid het plaasgevind op 29 Augustus 2018 by die NG Kerk Pretoria-Oos. Dr Habil Daniel Buda, die president van die WRK se Program vir Kerk en Ekumeniese Verhoudings, het 'n lesing gehou met die tema: "The WCC's pilgrimage of justice and peace". Daar is daarna 'n kerkdiens gehou waaraan kerkleiers vanuit verskeie denominasies in Suider-Afrika deelgeneem het.

4.2.7 BESOEK AAN GENÈVE

Die WRK het die algemene sekretaris van die NG Kerk genooi om 'n vergadering van die WRK in Genève van 5-8 Desember 2017 by te woon. Die geleentheid is deur 22 verteenwoordigers van lidkerke

bygewoon. Die tema wat deur die algemene sekretaris van die WRK, dr Olav Fykse Tveit, by dié geleentheid hanteer is, was "*Reflections on unity, mutual accountabality, common witness and service*". Die fokus het geval op die gedeelde verantwoordelikheid om te getuig van geregtigheid en versoening.

Die belangrikheid van ekumene is onderstreep as deel van kerke se roeping en missie. Afgevaardiges het ook die hoofkantoor van die WRK in Genève besoek en is voorgestel aan al die werksaamhede van die WRK. Die WRK het ingestaan vir die koste van die besoek en dit sal waarskynlik 'n jaarlikse geleentheid word.

4.2.8 WRK-KONFERENSIE OOR WÊRELDSENDING EN EVANGELISASIE

Dié konferensie van die WRK het in Arusha, Tanzanië op 8-13 Maart 2018 plaasgevind. Meer as 'n duisend afgevaardigdes, wat by sending en evangelisasie betrokke is, het die geleentheid bygewoon. Die tema van die byeenkoms was *Moving in the Spirit: Called to transforming discipleship*.

Tydens die konferensie het die klem veral geval op die uitreik na die gemarginaliseerdes in die samelewing, soos byvoorbeeld minderheidsgroepe wat uitgebuit word. Die uitdagings van die akkumulering van rykdom en groeiende gapings van ongelykhede tussen ryk en arm, eksploitering en hebsug, ekologiese vernietiging van die omgewing, groeiende voorkoms van internasionale konfliksituasies tussen groepe en lande en die gepaardgaande gevolge van kontekste wat miljoene mense kwesbaar en uitgeslote laat, het aandag gekry.

Die konferensie het lidkerke opgeroep om hierteen te getuig en op te tree teen magsvergrype, elitisme, 'n verbruikersmentaliteit en eksploitering van watter aard ook al. Protes deur die kerk en 'n soeke na geregtigheid en vrede moet plaasvind deur transformerende dissipelskap wat dienskneg-leierskap in die lig van die kruis en opstanding van Christus vra. Die konferensie is namens die NG Kerk deur Marelize Malherbe, Rupert de Koning en Gustav Claassen bygewoon.

4.3 WÊRELDGEMEENSKAP VAN GEREFORMEERDE KERKE (WGGK)

4.3.1 VERGADERING TE LEIPZIG

Die Algemene Vergadering van die WGGK het van 29 Junie tot 7 Julie 2017 in Leipzig, Duitsland plaasgevind. Die NG Kerk se afvaardiging het bestaan uit di Nelis Janse van Rensburg en Dirkie van der Spuy, drr Gustav Claassen en Elize Morkel, me Melanie Thirion en dr Annette Potgieter. Afvaardigings soos hierdie moet altyd aan die streng vereistes van die organisasie voldoen.

Die vergadering van die WGGK het saamgeval met die 500-jaar herdenking van die sestiende-eeuse reformasie wat deur Martin Luther in Wittenberg ontketen is. Prof Nelus Niemandt, drr André Bartlett en Nadia Marais en 'n hele aantal jong leraars het in nie-amptelike hoedanigheid die vergadering meegemaak. Van die jong leraars het ingeskakel as deel van die program vir jong gelowiges.

Daar is ook vooraf 'n jeugbyeenkoms van gereformeerde jongmense vanoor die wêreld vanaf 23 tot 28 Julie 2017 in Leipzig gehou. Daar is ook 'n vooraf-vergadering gehou oor vroue se deelname in die kerk. Daar was ook 'n aantal jong leraars van die NG Kerk wat as lede van die steunspan dienste gelewer het by die vergadering.

4.3.1.1 DIVERSITEIT

Die vergadering is gekenmerk deur die diversiteit van die 225 lidkerke se ongeveer 900 afgevaardigdes. Alle verrigtinge is in ses tale getolk. Die WGGK verteenwoordig meer as 80 miljoen lidmate. Die goedvoorbereide liturgieë wat tydens die vergadering benut is, is ook in verskillende tale aangebied om almal se deelname te verseker. 'n Nuwe konsensussoekende onderskeidingsmodel is gebruik om tot besluite te kom.

4.3.1.2 REFORMASIE 500

Leipzig en die omliggende streke en stede was die verhoog waarop of arena waarbinne die Duitse reformasie plaasgevind het. Martin Luther se nuwe manier van dink oor God, die kerk en geloof het aanleiding gegee tot wat later as die vier "solas" van die 16de eeuse reformasie bekend sou staan, naamlik *sola gratia, sola fide*, *sola Christi* en *Sola Scriptura*. Dit het die hoekstene van die Reformasie geword met die leuse: "*Semper reformanda*" wat ons in die gereformeerde tradisie herinner om steeds in ons dag te bly reformeer en te verander om ons te belyn met die boodskap van die evangelie. Daarom was dit vir Luther belangrik dat nie net die geestelike leiers toegang tot die Bybel (Vulgaat in Latyn) sou

hê nie, maar dat elke lidmaat in hulle verstaanbare moedertaal toegang tot die Bybel sou hê. Luther het vervolgens die Bybel in Duits vertaal sodat almal self kon sien en verstaan wat die Bybel leer.

Die WGGK se Algemene Vergadering se besoek aan Wittenberg was in vele opsigte die hoogtepunt van die vergadering. Eredienste is ook deur die afgevaardigdes bygewoon in die Lutherse Domkerk in Berlyn en die Nikolaikirche in Leipzig. Die aandprogram het ook besoeke ingesluit aan die Thomaskirche in Leipzig waar JS Bach die musiekdirekteur was. Van Bach se bekendste werke is tydens die WGGK se besoek in die Thomaskirche uitgevoer. Die uitstekende program van eredienste, liturgiese toewyding, musiekuitvoerings, ens saam met die diversiteit van tale en kulture het van die vergadering 'n grootse ervaring gemaak.

4.3.1.3 TEMA EN TEOLOGIE

Die tema van die vergadering was: *Living God renew and transform us*. Die klem is deurgaans tydens die vergadering deur talle sprekers en Bybelstudieleiers geplaas op geregtigheidskwessies in 'n wêreld waarin onreg gedy en mense se waardigheid geminag word. Die aftakeling van patriargie in samelewings het onder meer aandag geniet. Maar die hooffokus was op ekonomiese magsmisbruik. Na aanleiding van die ACCRA-belydenis, wat deur die 24ste vergadering van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (WBGK)/World Alliance of Reformed Churches (WARC), 'n voorloper tot die WGGK, aanvaar is, is "*empire*" telkens uitgewys as een van die hoofoorsake van lyding en die miskenning van menswaardigheid. Die ACCRA-belydenis verklaar dat geregtigheid 'n kernsaak van die geloof is. Sake van ekonomiese en ekologiese geregtigheid is nie net sosiale, politieke en morele kwessies nie, maar is integraal tot geloof in Jesus Christus en affekteer die integriteit van die kerk. Die begrip "*empire*" dui op alle magsmisbruik, ekonomies, sosiaal, polities, ekologies ens. in die wêreld. Spreker na spreker het op die gevolge of impak van "*empire*" gewys.

Die gebrek aan 'n teologiese verankering van die geregtigheidsteologie in die Lutherse en reformatoriese teologie van genade, juis in hierdie jaar van herdenking van die 16de-eeuse reformasie, was vir baie afgevaardigdes kommerwekkend. Die *"anti-empire*" retoriek van die vergadering het nie aangesluit by die verstaan van 'n eie gereformeerde identiteit en belydenis nie. Hoewel van die sprekers die belangrikheid van "gemeenskap" (*community*) as teenvoeter vir magsmisbruik beklemtoon het, is daar min gesê om werkbare alternatiewe modelle van byvoorbeeld ekonomiese herverdeling op die tafel te plaas.

4.3.1.4 DIE ROL VAN DIE JEUG

Die jeug word as 'n gelyke rolspeler in die WGGK-familie beskou. Die sterk verbintenis dat die jeug welkom is en 'n waardevolle rol speel, word bevestig deur die aanwysing van vyf jeugafgevaardigdes in leierskapsposisies, waarvan een 'n visepresident is. Die WGGK het verskillende geleenthede geskep om die jeug se betrokkenheid te verseker en leierskapontwikkeling te bevorder. Dit sluit onder meer die Pre-Youth Council in wat daarop toegespits was om die jeugafgevaardigdes in te lig insake die prosesse van die vergadering, asook die geleentheid te bied om 'n missieverklaring rakende die tema op te stel wat aan die vergadering voorgelê word. Die Global Institute of Theology (GIT), 'n program vir jong teoloë, het ook tydens die vergadering as konsultante opgetree op grond van hulle in-diepte studies oor bepaalde onderwerpe. Die "*Stewards*" program, waar jongmense 'n kans gegun word om deel te neem aan die tegniese aspekte van die vergadering het ook jong leiers van oor die wêreld met mekaar verbind en insig laat groei oor die belang van ekumeniese bande en waardevolle leergeleenthede gebied ten opsigte van organisatoriese aspekte van hierdie soort vergaderings.

4.3.1.5 GESLAGSGELYKHEID

Patriargale denke in die kerk en samelewing, asook gelyke toegang tot deelname en leierskap van vroue in die kerk, was baie skerp in die fokus van die WGGK. Reeds tydens die "*Pre-Council for Women"* is die bevestiging van vroue in al die kerklike ampte indringend bespreek. Dit het geblyk dat daar 'n aantal lidkerke is wat nog nie besluit het om vroue tot die amp van leraar en selfs ouderling en diaken toe te laat nie. Hieroor is indringend debat gevoer. 'n Verklaring, "*A Declaration of Faith on Women's Ordination",* is by die Pre-Council opgestel en na aanpassings in die onderskeidingsproses van die WGGK, goedgekeur. Die WBGK het tydens die vergadering sigself ten sterkste verbind tot die uitwissing van patriargie in die kerk en samelewing.

Die WGGK het ook besluit om sy grondwet te wysig sodat ten minste 50% van afgevaardigdes na die WGGK in die toekoms vroue sal wees.

4.3.1.6 PUBLIEKE GETUIENIS

Talle besluite is deur die WGGK geneem met betrekking tot politieke krisisse in die wêreld. Kerke het van oraloor oproepe gedoen vir solidariteit, 'n stem vir geregtigheid, en gebed met betrekking tot hulle plaaslike stryd om lewensruimte, vrede en geregtigheid. Dit het onder meer kwessies ingesluit soos vlugtelinge en migrasie, vrede en versoening in Korea, die vredesproses in Colombië en ongeregtigheid en lyding in Palestina. Die G20-lande is ook aangemoedig om die Parys-ooreenkoms te ondersteun en 'n sterk posisie in te neem om klimaatsverandering aan te spreek.

4.3.1.7 WITTENBERG

Al die afgevaardigdes is op 5 Julie na Wittenberg waar 'n erediens gehou is in die Stadtkirche, waar Martin Luther die leraar was. Tydens hierdie erediens is twee dokumente onderteken. Die eerste was 'n ooreenkoms tussen die WGGK en die Lutherse Wêreldfederasie, die Wittenberg Getuienis waarin daar onder meer verklaar word dat daar nie meer substansiële teologiese verskille is wat die tradisies uitmekaar behoort te hou nie. 'n Nuwe sterk verbintenis tot die vereniging van die twee tradisies en onderskeie kerke is gemaak.

Die tweede dokument wat onderteken is, die "*Joint Declaration on the Doctrine of Justification (JDDJ)*", was ewe-eens buitengewoon betekenisvol. Dit verklaar dat die Katolieke Kerk, die Metodiste, die Lutherane en die Gereformeerdes van die wêreld dit eens is dat 'n mens alleen op grond van God se genade en deur geloof die ewige lewe kan beërwe. Dit was 'n monumentale oomblik in die geskiedenis van die verhouding tussen hierdie vier kerklike tradisies. Die ondertekening van hierdie dokumente verteenwoordig trouens die grootste gebeurtenis in interkerklike verhoudings die afgelope 500 jaar en impakteer alle huidige interkerklike verhoudings. Na die verbreking van die eenheid van die kerk met die Reformasie, was hierdie ekumeniese verklaring 'n oorbruggingstap van die breuk van destyds. "*This is a commitment to walking together, as brothers and sisters in Christ, on a journey from conflict to communion, from division to reconciliation."* As geskille van hierdie omvang bygelê kan word, behoort ander geskille nie Christelike kerke van mekaar te vervreem nie en eenheidsprosesse onbepaald te vertraag nie.

Die ASM het vervolgens die moderatuur versoek om 'n gesprek te reël met die leierskap van die Lutherse Kerk in Suider-Afrika oor die toekomstige verhouding tussen die Lutherse en Gereformeerde tradisies in Suider-Afrika in die lig van die Wittenberg Getuienis. Hierdie gesprek het uiters betekenisvol verloop. Daar is onder meer besluit om verder saam 'n pad te loop ten aansien van teologiese opleiding. Die Lutherse Kerke se teologiese studente word voortaan by die Teologiese Fakulteit van die Universiteit Stellenbosch opgelei.

4.3.2 WGGK-KONSULTASIE: STRENGTHENING COMMUNION

'n Konferensie oor *Communion and human sexuality* is van 27 November tot 2 Desember 2017 in Chennai, Indië, gehou. Dr Carin van Schalkwyk het die NG Kerk daar verteenwoordig.

4.4 VERHOUDING MET DIE PROTESTANTSE KERK IN NEDERLAND (PKN)

Die voorsitter en die algemene sekretaris het in Junie 2016 (op pad na Noorweë vir die WRK se Sentrale Komiteevergadering) besoek gebring aan die PKN. Samesprekings is gevoer met die dagbestuur onder leiding van die voorsitter, ds Karin van den Broeke. Die pasaangestelde algemene sekretaris van die PKN, dr René de Reuver, was ook teenwoordig. Terugvoer is aan hulle gegee oor die vordering met die tussenorde en die eenheidsproses in Suid-Afrika. 'n Besoek is ook gebring aan dr Rommie Nauta, hoof van Internasionale Programme van Kerk in Actie, in Utrecht. 'n Besoek is ook gebring aan die Vrije Universiteit in Amsterdam, asook die Protestantse Teologiese Universiteit (PThU) in Amsterdam. Daar is ook gesprek gevoer met die PKN se afdeling vir "*Permanente Educatie*" in Utrecht.

Die PKN is op velerlei maniere 'n troue reisgenoot. Hulle ondersteuning was oor die afgelope jare vir die NG Kerk veel werd, veral ten aansien van die eenheidsproses en in 2015 met die skryf van die tussenorde. Die voorsitter en die algemene sekretaris het ook 'n vergadering gehou met ds Evert Overeem en prof Leo Koffeman wat direk betrokke was by die skryf van die tussenorde vir die vier susterskerke. Die PKN het in 2015 die eerste reiskostes van prof Koffeman en ds Overeem na Suid-Afrika betaal met die oog op die skryf van die tussenorde. Hulle is tydens die ontmoeting in Utrecht versoek om weer Suid-Afrika te besoek. Die bywoning van die VGKSA se Algemene Sinode van 3-9 Oktober 2016 was van belang en hulle het aangedui dat hulle op hulle kostes daardie sinode sal wil bywoon.

Die Christelijke Hogeschool Ede is ’n instelling van die PKN wat vergelykbaar is met die Hugenote Kollege. Die voorsitter en algemene sekretaris het ook tydens hulle besoek aan Utrecht hierdie moderne instelling besoek waar onder meer opleiding aan toekomstige maatskaplike werkers, joernaliste, onderwysers, verpleegsters, kerklike werkers en besigheidslui gebied word.

Die algemene sekretaris is genooi om die PKN se sinode in November 2019 by te woon. Daar was ook die afgelope tyd goeie gesprekke met Willem den Hartog van die GZN, ’n sendinggenootskap wat onder die PKN val.

4.5 VOORTGEZETTE GEREFORMEERDE KERKEN IN NEDERLAND (VGKN)

’n Memorandum van Samewerking is reeds met dié kerk gefinaliseer maar nog nie onderteken nie. Wedersydse ondertekening van die dokument kan geskied tydens die algemene sekretaris se besoek aan die sinode van die PKN in November 2019.

4.6 VERENIGDE PROTESTANTSE KERK IN BELGIË (VPKB)

Die VPKB, soos die meeste Protestantse kerke in Europa en elders, staar die uitdaging van veroudering en vermindering van lidmate in die gesig. ’n Tekort aan leraars word ondervind en vakante gemeentes is problematies. Toenemend word hulle predikantekorps aangevul deur Franssprekende leraars uit Afrika.

Die invloei van immigrante na Europa bied groot uitdagings aan die VPKB.

Die algemene sekretaris het ’n uitnodiging ontvang om die sinode van die VPKB te besoek en ’n groeteboodskap te bring. Die vergadering het op 14-16 November 2018 plaasgevind in La Forestra naby Leuven in België.

Die algemene sekretaris het in ’n gesprek met die leierskap van die VPKB die moontlikheid van brugpredikante aan die hand gedoen. Die NG Kerk se vyf bane van teologiese opleiding is ook aan hulle verduidelik as ’n moontlike oplossing vir die tekort aan leraars.

4.7 CHRISTIAN REFORMED CHURCH IN NORTH AMERICA (CRCNA)

Die NG Kerk is in volle ekumeniese verhouding met die CRCNA. Daar is gereelde kontak met die CRCNA. Die NG Kerk het in 2017 deelgeneem aan ’n sogenaamde *Global Prayer Safari* wat deur die CRCNA nasionaal onderneem is. Die NG Kerk is deur ds Jannie Pelser verteenwoordig.

Daar is skakeling met die CRCNA deur middel van hulle verteenwoordiger in SA, rev Mike Ribbens. Die algemene sekretaris het op uitnodiging die sinode van die CRCNA van 11-20 Julie 2019 in Grand Rapids bygewoon en ’n groeteboodskap namens die NG Kerk gebring. Gesprekke is gevoer oor die kerkeenheidproses in Suid-Afrika, die Belydenis van Belhar, asook rassisme.

4.8 REFORMED CHURCH IN JAPAN (RCJ)

Die NG Kerk is in volle ekumeniese verhouding met die RCJ. Die vennootskapverhouding word hanteer deur Missie Japan, ’n werksaamheid van die NG Kerkfamilie. Dr Gideon van der Watt is die skriba van Missie Japan.

Dr Stéphan van der Watt, sendeling en teoloog van die NG Kerk is in diens van die RCJ in Kobe. Wedersydse ondersteuning van die NG Kerk en RCJ in tye van rampe verstewig die sterk band tussen die twee kerke. Elmar du Rand en sy vrou Nadine du Rand is die nuutste sendelinge wat na Japan vertrek het as deel van Missie Japan se werksaamhede.

Die algemene sekretaris het in 2017 ’n groeteboodskap by die sinode van die RCJ gebring. Hy is vergesel deur prof Fanie Snyman en dr Gideon van der Watt.

4.9 CHRISTIAN REFORMED CHURCHES IN AUSTRALIA (CRCA)

Die NG Kerk is in 2016 uitgenooi na die sinode van die CRCA. ’n Groeteboodskap is tydens die geleentheid deur die algemene sekretaris gebring. Tydens die vergadering het lede van die CRCA hulle ongemak met die NG Kerk se besluite van 2015 oor selfdegeslagverbintenisse te kenne gegee. Die CRCA het, by wyse van twee deputate, in gesprek met die NG Kerk getree oor die inhoud en implikasies van die 2015-besluite. Die NG Kerk is in die gesprek, wat veral oor Skrifbeskouing gegaan het,

verteenwoordig deur drr Fanie Cronjé, André van Niekerk en die algemene sekretaris. Die CRCA het haar verbintenis in 2017 met die NG Kerk beëindig.

4.10 AFRIKAANSE CHRISTENKERK VAN NIEU-SEELAND (ACK)

Die NG Kerk is in volle ekumeniese verhouding met die ACK. Die twee kerke is in deurlopende kontak en sinodesittings word wedersyds bygewoon wanneer dit moontlik is.

4.11 UNITING CHURCH IN AUSTRALIA (UCA)

Daar is deurlopende kommunikasie tussen die NG Kerk en die UCA. Sake soos aansoeke van NG Kerk leraars wat in Australië wil gaan werk, lidmate wat gemeentes soek en die bediening van Afrikaanse immigrante, is gereeld op die agenda van hierdie bilaterale gesprekke.

Wanneer enige vergadering of kerkvergadering van ander denominasies in Australië bygewoon word, word ook ’n kontak- en hoflikheidsbesoek aan die UCA gebring.

4.12 GEREFORMEERDE EVANGELIESE KERK IN AUSTRALIË (GEKA)

Die NG Kerk is in volle ekumeniese verhouding met die GEKA. Die twee kerke is in deurlopende kontak en sinodesittings word wedersyds bygewoon wanneer dit moontlik is.

Die GEKA bestaan hoofsaaklik uit NG Kerk lidmate wat na Australië geëmmigreer het. Die grootste konsentrasie van die kerk se lidmate is in die Perth-omgewing woonagtig. Die aantal gemeentes daar het gekrimp na drie, naamlik een in Perth, en twee ander wat deur die werk van *Outreach Western Australia* in Bunbury en in Geraldton tot stand gekom het. *Outreach Western Australia* is ook as bediening deel van die kerkverband en Afrikaanse eredienste met pastorale versorging word op agt dorpe in Wes-Australië in stand gehou.

’n Toename in immigrasiesyfers word tans ervaar, maar dit gaan nie noodwendig gepaard met ’n toename in lidmaattal nie.

4.13 REFORMED CHURCH IN HUNGARY (RCH)

Die NG Kerk is in volle ekumeniese verhoudinge met die RCH. ’n Hartlike verhouding bestaan tussen die twee kerke. Die RCH was ook die eerste kerk wat haar besorgdheid oor die politieke situasie en grondhervorming in Suid-Afrika uitgespreek het.

Ds Nelis van Rensburg en dr Gustav Claassen het in 2017, na afloop van die WCRC-vergadering in Leipzig, op eie koste ’n welwillendheidsbesoek aan die RCH gebring.

Die algemene sekretaris is in 2018 genooi om ’n groeteboodskap by die sinode van die RCH te bring. Tydens die besoek is ook gesprekke gevoer oor missionaliteit, leierskap, vroeëkinderontwikkeling en die diakonaat.

4.14 WORLD REFORMED FELLOWSHIP (WRF)

Die NG Kerk is ’n lid van hierdie organisasie sedert 2015. Hierdie liggaam is uniek in die sin dat behalwe denominasies individuele gemeentes ook daarvan ’n lid kan word. Dit bied ook waarskynlik een van die ruimste forums waar kerke wat ’n meer “behoudende” reformatoriese teologie beoefen, maklik tuis voel. Lidmaatskapbydraes geskied by wyse van donasies en nie per vasgestelde matrikse soos ander ekumeniese liggame nie.

Die WRF se Algemene Vergadering het in Jakarta op 8-12 Augustus 2019 plaasgevind. Die algemene sekretaris het ’n uitnodiging ontvang, maar kon as gevolg van begrotingsredes dit nie bywoon nie.

4.15 VERGADERING VAN DIE ALL AFRICA CONFERENCE OF CHURCHES (AACC)

Die vergadering van die AACC het van 27 Junie tot 1 Julie 2018 plaasgevind in Kigali, Rwanda. Die NG Kerk se afgevaardigdes was di Nelis Janse van Rensburg, Rion Britz, Fay van Eeden en dr Gustav Claassen. Die tema van die vergadering was *Respecting the dignity and God’s image in every human being (Gen 1:26-27).* Dit is deur 800 afgevaardigdes van dwarsoor Afrika bygewoon.

Tydens die voorafgaande “jeugvergadering” is met hartseer kennis geneem van kinderprostitusie en van minderjariges wat as soldate aangewend word. Werkloosheid en konflik is deur die jeug uitgewys

as een van die belangrikste oorsake van migrasie en mensehandel in Afrika. Mensehandel, migrasie, geweld teen vroue en die herstel van vrede was op die agenda van die voorafgaande vrouebyeenkoms.

Fay van Eeden het deelgeneem aan die gesprek oor gendergeregtigheid en Rion Britz aan die gespreksgroep oor jeugsake.

Die AACC het veral klem gelê op die menswaardigheid van God se beelddraers. Etniese en denominasionele verskille, gebrekkige politieke leierskap, korrupsie en oorbevolking is uitgewys as van die uitdagings in die pad van die ontwikkeling van die menswaardigheid van die mense van Afrika. Menswaardigheid is hoog op die agenda van die organisasie. Mensehandel, die beskerming van vroue en kinders teen misbruik, opvoeding en opleiding, en die bevordering van vrede is enkele van die kwessies wat die agenda van hierdie baie belangrike rolspeler in Afrika vul.

Die AACC is ’n goedgeorganiseerde instelling wat omvangryke werk doen om die evangelie in Afrika te versprei. Die AACC word ook verteenwoordig in die Wêreldraad van Kerke. Die AACC is finansieel gesond. Die Desmond Tutu-Konferensiesentrum in Nairobi, wat die eiendom van die AACC is, word baie suksesvol bedryf en dra by tot die finansiële sukses en volhoubaarheid van die AACC.

Die AACC verteenwoordig 120 miljoen Christene in Afrika. Die hoofkantoor is in Nairobi, Kenia. Tydens die vergadering is die nuwe algemene sekretaris, dr Fidon Mwombeki, bekendgestel. Tydens die vergadering is rev Simon Temple van Sierra Leone as nuwe president verkies en dr Edwin Zulu van Zambië as visepresident. Ds Fay van Eeden is verkies tot die Suidelike Streeksraad van die AACC.

4.16 AFRIKA-GEMEENSKAP VAN GEREFORMEERDE KERKE (AGGK)

Die Algemene Vergadering van die Afrika-Gemeenskap van Gereformeerde Kerke (AGGK) of *Africa Community of Reformed Churches* (ACRC) is die Afrika-liggaam van die Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke (WGGK).

Die vergadering van die AGGK het op 23-25 Junie 2018 by die Kivumeer in Rwanda plaasgevind. Die tema van die vergadering was *Living God, renew and transform us*. Aandag is gegee aan konflik in die konteks van Afrika. Fokus is geplaas op hoe kerke die rol van vredemaker kan speel. By die geleentheid is dr Gustav Claassen, die algemene sekretaris van die NG Kerk, tot die uitvoerende komitee van die AGGK verkies. Die geleentheid is namens die NG Kerk deur ds Nelis Janse van Rensburg en dr Gustav Claassen bygewoon.

Die AGGK het weer op 18-22 Februarie 2019 by eMseni in Kemptonpark vergader. Die byeenkoms het op die jeug se betrokkenheid by die ekologie en gendersake gefokus. Ds Jeanine Hepburn sou die NG Kerk se jongmense verteenwoordig. Jeanine en haar baba was egter in ’n kapingsdrama en is erg getraumatiseer deur die gebeure en het nie die byeenkoms bygewoon nie. Jong sprekers uit Afrika het dié twee temas hanteer en hulle goed van hulle taak gekwyt. Rev Damon Mkandawire van die United Church of Zambia het die saak rondom ekologie aan die orde gestel. Klimaatsverandering, water en landbou was temas wat onder die loep geneem is. Afrika is in vele opsigte besonder kwesbaar vir klimaatsverandering. Geprojekteerde impakstudies toon dat die vasteland groot uitdagings in die gesig staar. ’n Beroep is op jongmense gedoen om van die oorsake wat lei tot klimaatsverandering deur hulle leefstyl uit te skakel. Die gesprek oor gendergeregtigheid is deur Esther Taboge van Nigerië aangevoer. Die belangrikheid van sosiale ondersteuning is deurentyd beklemtoon. Ten slotte het Skrifgedeeltes wat gebruik kan word rondom gendersake aandag gekry.

Dr Gustav Claassen is genooi om die vyftienjarige herdenking van die ACCRA-verklaring op 3-8 November 2019 by te woon. Hy is ook gevra om een van die fasiliteerders saam met prof Jerry Pillay en dr Setri Nyomi, vorige algemene sekretaris van die WCRC, te wees tydens ’n teologiese simposium wat deel is van die feesvieringe.

4.17 REFORMED FAMILY FORUM

Die Reformed Family Forum (RFF) bestaan uit kerke uit Afrika wat ’n historiese verbintenis met die NG Kerk het. Die forum het tot stand gekom tydens ’n byeenkoms op 1-3 Julie 2015 wat gehou is by Justo Mwale Universiteit in Lusaka, Zambië. Die doel van die forum is om kennis te neem van mekaar se werksaamhede en ondersteuning aan mekaar en ander te lewer.

Die Reformed Family Forum, of soos dit in Portugees bekend staan as “Encontro da Familia Reformada”, is ’n forum/netwerk waarin die algemene sekretarisse hulle onderskeie kerke verteenwoordig.

Die forum bestaan uit verteenwoordigers van die volgende kerke:

- Nederduitse Gereformeerde Kerk (Algemene Sinode, sowel as sekretarisse van Getuienisaksie (Wes-Kaapland) en Vennote in Getuienis (Vrystaat).
- Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika.
- Reformed Church in Africa.
- Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika.
- Dutch Reformed Church in Botswana.
- Church in Central Africa Presbyterian (Nkhoma Synod, Malawi).
- Church in Central Africa Presbyterian (Harare Synod, Zimbabwe).
- Reformed Church in Zimbabwe.
- Reformed Church in Zambia.
- Nongo u Kristu u I Ser u sha Tar (NKST – Nigeria).
- Igreja Reformada em Mozambique (IRM – Mpatso, Tumbine & Nova Synods).
- Reformed Church of East Africa (RCEA – Kenia).
- Swaziland Reformed Church.
- Die Igreja Evangélica Reformada de Angola (IERA – Angola).
- Die Lesotho Evangelical Church in Southern Africa (LECSA – Lesotho).

Byeenkomste is die afgelope vier jaar in Malawi (Salima), Benoni (Lumko), Kemptonpark (eMseni) en Wellington (Andrew Murray Retraitesentrum) gehou.

’n Publikasie wat die verhaal van die forum en sy lede vertel, naamlik *A family of Reformed Churches in Africa – Remarkable stories of God’s grace,* geskryf deur Gideon van der Watt en Mariette Odendaal, het in 2017 verskyn.

4.18 LESOTHO EVANGELICAL CHURCH IN SOUTHERN AFRICA (LECSA)

Daar bestaan ’n besondere band tussen die LECSA, die Vrystaat Sinode en die NG Kerkfamilie. LECSA is van die kerke wat die langste verbintenisse met die NG Kerk het en wel sedert 1847. Dr Andrew Murray het ook gedurende sy bediening kontak met LECSA gehad. LECSA is ook lid van die Reformed Family Forum en die WCRC.

Die algemene sekretaris is genooi om op 24 April 2019 tydens die sinode van LECSA te Morija ’n groeteboodskap namens die NG Kerk te bring.

4.19 SUID-AFRIKAANSE RAAD VAN KERKE (SARK)

Die NG Kerk is sedert 2004 weer ’n lid van die SARK en speel sedertdien ’n baie belangrike rol in die organisasie. Die NG Kerk getuig tans as lid van die SARK by meervoudige geleenthede saam met die lidkerke van die SARK van ’n alternatiewe lewe in Christus. Die NG Kerk word verteenwoordig in die uitvoerende komitee van die SARK deur dr Gustav Claassen. Drr Kobus Gerber en André Bartlett is ook lede van die uitvoerende komitee.

4.19.1 DIE SUID-AFRIKA WAARVOOR ONS BID-VELDTOG

Die SARK het op 16 Desember 2015 ’n veldtog, genaamd “Die SA waarvoor ons bid” geloods. Hierdie gebeds- en aksieveldtog, is by ’n spesiale versoeningsdagdiens geloods ten einde die kerk te mobiliseer om ’n aktiewe rol te speel in die aanspreek van die maatskaplike wanbalanse wat tans in ’n post-apartheid-Suid-Afrika ervaar word.

Die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) het gekom en gegaan, maar ons is steeds ’n gepolariseerde nasie – ruimtelik, sosiaal, ekonomies en polities. Suid-Afrika geniet nog steeds nie ’n ten volle versoende bestaan nie. Die Suid-Afrika waarvoor ons bid-veldtog fokus op genesing en versoening, armoede en ongelykheid, ekonomiese transformasie, die versterking van familiebande, en die verankering van ons demokrasie. Hierin het die kerk ’n groot rol te speel. Die SARK het omvattende navorsing op elkeen van hierdie terreine benut om strategieë te ontwikkel sodat die kerk ’n verskil kan maak op hierdie terreine. Die kundigheid van die NG Kerk ten aansien van sosiaal-maatskaplike ontwikkeling het beslis bygedra tot die kwaliteit van die werk van die SARK.

Die SARK gee tans ook aandag aan die hele kwessie van grondhervorming en titelaktes, gesinsverbrokkeling en godsdienstige misbruike, alle aspekte van onderwys, korrupsie en die misbruik van staatsinstellings. Die versekering van vrye nasionale verkiesings in 2019 het ook die aandag van die SARK geniet.

4.19.2 NATIONAL CONVENTION

Die *National Convention* is 'n beweging van die SARK wat oor die tydperk van September 2017 tot September 2018 'n reeks van drie byeenkomste gehou het waartydens 'n debat gevoer is oor die waardes waarmee ons wil vorentoe gaan in die breë samelewing van Suid-Afrika. Morele koersaanduiding is nou nodiger as ooit. Die basiese inhoude van die SARK se dokument: *The South Africa we pray for* het as die breë raamwerk vir die gesprekke gedien.

Die NG Kerk is verteenwoordig deur ds Nelis Janse van Rensburg, dr Gustav Claassen, di Wimpie Wasserman en Elize Klut. 'n Aantal werkskomitees is saamgestel met die oog op die formulering van voorstelle en die getuienis van die kerk teenoor die staat en die publiek.

4.19.3 KORRUPSIE EN MAGSMISBRUIK

Die SARK het op talle maniere druk uitgeoefen op die regering onder leiding van die vorige president, mnr Jacob Zuma, om stappe te neem om korrupsie in die staatsdiens en semi-staatsomgewing hok te slaan.

Hoewel die hoofstroomkerke deur die Zuma-regering gemarginaliseer is, het die SARK aangehou om vertoë te rig met die doel om korrupsie aan te spreek.

Toe die president mnr Nhlanhla Nene, minister van finansies, in Desember 2015 afdank, en chaos in die land losbreek, is die SARK skielik genader vir 'n gesprek met mnr Zuma. Die SARK-afvaardiging het in die gesprek twee dae na mnr Nene se afdanking, druk op mnr Zuma uitgeoefen om te bedank.

Die openbare bewerings van korrupsie wat deur die voormalige adjunkminister van finansies, mnr Mcebisi Jonas en die voormalige ANC-LP, me Vytjie Mentor, gemaak is, het verdere skokgolwe deur die land gestuur. Die beweerde kaping van die staat deur die Guptas het die kritiek op die leierskap van die president erg laat toeneem. Die SARK het hierop gereageer deur die aanwys van die sogenaamde "*Unburdening Panel*". Die bedoeling was om aan mense wat wou praat oor hulle ervarings en kennis van korrupsie 'n veilige ruimte te bied waarbinne hulle dit kon doen. Talle hoogeplaaste politici, staatsamptenare en sakelui het voor die paneel onder leiding van die president van die SACC, biskop Ziphozihle Siwa, getuig. Ander lede van die paneel was afgetrede regter van die Konstitusionele Hof Yvonne Mokgoro; die voormalige voorsitter van die Verkiesingskommissie van SA, Brigalia Bam en die voorsitter van Grace Bible Church, biskop Mosa Sono. Hulle het gewerk met 'n vrywillige span prokureurs en navorsers.

Die bevinding van die Konstitusionele Hof op 29 Desember 2017 dat mnr Zuma gefaal het daarin om die verantwoordelikhede van die president ten aansien van die Grondwet na te kom, het die druk op hom laat oplaai. Die SARK het vertoë bly rig oor skoon regering. Uiteindelik het die verslag van die *Unburdening Panel* op 18 Mei 2018 verskyn. Die getuienis was absoluut verdoemend en het gewys op die omvattende korruptering van die staat.

Die SARK se baie groot bydrae om druk toe te pas op die president om te bedank, kan nooit onderskat word nie. Daar is redelike eenstemmigheid daaroor dat dit meer die druk van die burgerlike samelewing as enigiets anders was, wat gelei het tot die bedanking van president Zuma. Hierin het die SARK 'n leidende rol gespeel en daarin geslaag om as morele kompas die pad na herstel aan te dui.

4.19.4 #FEESMUSTFALL

Die studentebetogings onder die naam #FeesMustFall het gedurende Oktober 2015 krisisafmetings begin aanneem. Die ontwrigting by universiteite was omvattend en grootskaalse fisiese skade is aan geboue en duur fasiliteite aangerig. Die bona fide versugting na studiegeleenthede het egter nie die aandag van die SARK en sy lidkerke ontglip nie. Die SARK het arm studente se uitroep om toegang tot, vir hulle, onbekostigbare tersiêre onderwys, ondersteun. Die SARK was egter sterk gekant teen die aanrig van skade en optrede wat die menswaardigheid van studente en personeel van universiteite in gedrang kon bring.

Die SARK was op verskeie tersiêre kampusse deur sy lidkerke betrokke by die ontlonting van spanning en die fasiltering van gesprekke tussen universiteitsowerhede en studente en voornemende studente. Verteenwoordigers van die NG Kerk, onder leiding van die algemene sekretaris, het onder meer op die kampusse van die Universiteite van Pretoria, Vrystaat en Stellenbosch deurslaggewende bydraes gelewer tot die hoor van pleidooie en die herstel van vrede.

4.19.5 ORGANISATORIES

Die ASM het sy kommer uitgespreek oor die SARK se organisatoriese opset. Daar dien byvoorbeeld persone in die uitvoerende komitee wat nie hulle kerke verteenwoordig nie. Die streekstrukture van die SARK het ook geen verteenwoordiging in die uitvoerende komitee en bestuur van die organisasie nie. Die algemene sekretaris is versoek om hierdie kwessies mettertyd met die uitvoerende komitee op te neem.

4.20 NATIONAL CHURCH LEADERS CONSULTATION (NCLC)

Die Nasionale Kerkleiersforum onder voorsitterskap van aartsbiskop Thabo Makgoba funksioneer binne die ruimte van die SARK. Die NCLC vergader jaarliks in November. Tydens hierdie vergadering word die brandendste kwessies in die Suider-Afrikaanse samelewing bespreek. Kundige sprekers word na die NCLC-vergaderings genooi.

In 2015 het die NCLC besoek gebring aan die Wits-kampus terwyl die studente met #FeesMustFall-optogte besig was. Daar is saam met studenteleiers gebid vir vrede en uitkoms vir voornemende studente wat dit nie kan bekostig om te studeer nie.

In 2016 is die minister van Finansies, mnr Pravin Gordhan en sy adjunkminister, mnr Mcebesi Jonas, by die NCLC ontvang. Mnr Gordan het eers ’n toespraak op nasionale televisie gemaak, waarna hy die kerkleiers toegespreek het oor die stand van korrupsie en staatskaping in die land. Daar is saam vir die twee besoekers gebid.

Korrupsie en staatskaping was ook op die agenda van die NCLC in 2017 en op 18 Oktober 2018 is die volgende bespreek:

1. Die hoë voorkoms van tuberkulose-infeksies in Suider-Afrika waaraan die voorkoms van MIV/Vigs verwant is. Die groot probleem is die groeiende weerstand teen medikasie. In Suid-Afrika was daar reeds in 2016 7,02 miljoen mense wat MIV-positief was.

2. Die dilemma van huishoudings wat deur kinders in stand gehou word as gevolg van die afsterwe van ouers.

Aartsbiskop Thabo Makgoba het ook in 2015 gesprekke geïnisieer tussen kerkgroepe, burgerlike organisasies en belangrike rolspelers in die mynbedryf van Suid-Afrika. Die sogenaamde “*Day of Courageous Conversation”* gesprekke het so ontstaan. ’n Groot aantal verteenwoordigers (o.a. hoof uitvoerende amptenare) van die groot myngroepe in Suid-Afrika is betrokke, asook verteenwoordigers van ’n aantal kerkgroepe en gemeenskapsorganisasies.

Die gesprekke word voortgesit, aangesien dit duidelik geblyk het dat samewerking tussen kerke en myne al hoe belangriker word. Die mynbesture sien nie meer kans om meer geld in plaaslike munisipale besture te stort om gemeenskapsontwikkeling te doen nie. Te veel fondse is misbruik en het nooit die bedoelde bestemming daarvan bereik nie. Die myne het openlik verklaar dat daar min gemeenskapstrukture is wat vertrou kan word met fondse vir die ondersteuning van arm gemeenskappe en die ontwikkeling van betekenisvolle intervensies.

Aartsbiskop Makgoba hou ook jaarliks ’n leiersindaba by sy huis in Bishopscourt in die Kaap. Die gesprek wat oor twee dae strek, vind gewoonlik plaas tussen nie meer as tien persone nie. Dit is ’n uiters verrykende en leersame gesprek en die NG Kerk baat beslis daarby. Die NG Kerk is al in die gesprekke verteenwoordig deur die voorsitter van die ASM en die algemene sekretaris.

4.21 TUSSENKERKLIKE RAAD (TKR)

Die TKR tree meestal in werking wanneer daar sake van openbare aard is waaroor die lidkerke meen dat ’n gesamentlike getuienis van waarde sal wees. Die NG Kerk, Gereformeerde Kerke in SA en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika is lede van hierdie raad.

Die TKR het op 15 Februarie 2017 vergader onder voorsitterskap van die NG Kerk. Die NG Kerk is verteenwoordig deur drr Andries Kritzinger, Auke Compaan, Danie Malan, Yolanda Steenkamp, James Kirkpatrick en Gustav Claassen. Sake van gemeenskaplike belang soos die herdenking van die Reformasie van die 16de eeu, missionale transformasie en die rol van die TKR in publieke teologie, asook die vertaling van belydenisskrifte, is bespreek. Die gasspreker by die geleentheid was dr Theuns Eloff wat ook ’n gesprek gelei het oor die rol van die kerk in die huidige politieke situasie. Die TKR het ook ter vergadering ’n verklaring uitgereik rondom die saak van misdaad.

Op 26 Februarie 2016 het die TKR ’n verklaring uitgereik oor geweld op universiteitskampusse. Op 28 Februarie 2017 is ’n verklaring aan die adres van die regering uitgereik oor misdaad in Suid-Afrika. Op 3 Julie 2017 is ’n verklaring uitgereik oor godsdiens in skole.

Die TKR het in 2017 ’n besondere bydrae gelewer tot die vieringe rondom Martin Luther. Verskeie byeenkomste het plaasgevind en materiaal is ontwikkel in dié verband.

Tydens ’n TKR-byeenkoms op 18 Julie 2019 is die 400-jarige herdenking van die Sinode van Dordt gevier. Sprekers van die lidkerke het deelgeneem aan ’n baie geslaagde geleentheid.

4.22 CONVENTUS VAN REFORMATORIESE KERKE (CONVENTUS)

Die Conventus vergader jaarliks in Maart (afwisselend in die Noorde en die Suide) en skep ’n forum vir kerke met ’n breë reformatoriese agtergrond. Lidkerke sluit oa die NG Kerk, NHKA, GKSA, NGKA, RCA, Evangeliese Lutherse Kerk (Noordelike en Suidelike sinodes), Uniting Presbyterian Church, Volkskerk van Afrika, Calvyn Protestantse Kerk, Rynse Kerk, APK en Maranata Church of Christ in. Die VGKSA is ook uitgenooi om deel te neem. Pogings word ook aangewend om die United Congregational Church en die twee kleiner Presbiteriaanse denominasies betrek.

Die viering van die 500ste herdenking van die Reformasie was onlangs ’n belangrike agendapunt. Die finansiële situasie van die kleiner denominasies veroorsaak dat hulle dikwels net met een afgevaardigde teenwoordig kan wees – maar almal is verbind tot hierdie breë reformatoriese forum. Die Conventus funksioneer tans onder voorsitterskap van die GKSA en het die afgelope twee jaar nie vergader nie.

Die voertaal is hoofsaaklik Engels omdat ’n hele aantal kerke dit as voertaal het en tolkfasiliteite nie haalbaar binne die begroting is nie.

4.23 CHURCH UNION COMMISSION (CUC)

Die CUC bestaan uit die Uniting Presbyterian Church in Southern Africa, Anglican Church of Southern Africa, Methodist Church of Southern Africa en die United Congregational Church of Southern Africa. Die NG Kerk is voorheen uitgesluit van die CUC hangende die hereniging van die NG Kerk met die VGKSA. Hierdie voorwaarde is egter deur die CUC ter syde gestel. Die CUC verenig onder meer bedieninge op plekke waar die lidkerke nie afsonderlik selfstandig kan bestaan nie. Die CUC bied op ’n besondere wyse geleenthede om ook nuwe bedieninge te begin waar selfstandige afsonderlike kerke nie volhoubaar is nie. Die reëlings word op plaaslike vlak deur deelnemende kerke getref.

Die CUC bestaan uit denominasies wat verbind is tot organiese strukturele eenheid, ten einde die ideaal van ’n verenigde kerk in Suid-Afrika te bevorder. Die CUC is in 1968 gestig deur ’n groep hoofstroom Engelstalige kerke met die oog op groter eenheid. In 1970 het die CUC ’n Verklaring van Voorneme voorgestel ten einde kerkeenheid te bevorder. Hierdie verklaring is deur die lidkerke onderskryf waarin onderneem is om:

1. Ooreen te kom oor ’n gemeenskaplike vorm van bediening van die Woord en sakramente, met inagneming van die diverse bedieningspatrone wat reeds eie is aan die onderskeie denominasies.

2. Alle lede van al die lidkerke tot die onderskeie lidkerke se nagmaalvieringe toe te laat as ’n onmiddellike en sigbare teken van die algemene soeke na eenheid.

3. Toenemende samewerking ten opsigte van alle areas van die kerk se bedieninge te bevorder.

Die CUC het ook taakgroepe vir teologiese opleiding, versoening en restitusie en ’n gespreksgroep oor die JDDJ. Die NG Kerk word by hierdie taakgroepe verteenwoordig deur drr Andries Kritzinger, Kobus Myburgh en Paul du Plessis.

Die NG Kerk is in November 2018 as volle lid van die CUC toegelaat. Hierdie nuwe geformaliseerde verhouding ontsluit ’n groot hoeveelheid nuwe bedieningsopsies vir NG gemeentes wat wil uitbrei, maar dit nie alleen kan doen nie.

4.24 TEASA (THE EVANGELICAL ALLIANCE OF SOUTH AFRICA)

TEASA bestaan uit kerke verteenwoordigend uit die meer charismatiese omgewing. TEASA het ’n groot ledetal.

TEASA en die SARK het ’n opdrag van die onderskeie kerkleiers om ’n gesprek aan die gang te kry met die oog op nouer samewerking. Die algemene sekretaris dien op die uitvoerende komitee van TEASA. TEASA speel ’n belangrike rol ten opsigte van publieke getuienis. Die kwessies van haatspraak en die kommersialisering van godsdiens was hoog op die agenda van die organisasie.

Daar word in September ’n gespreksgeleentheid gereël oor die Palestynse kwessie. Die NG Kerk is betrokke by die organisering van die geleentheid.

4.25 ECUMENICAL FOUNDATION OF SOUTHERN AFRICA (EFSA)

EFSA is gestig met die visie om ’n ekumeniese akademie te skep wat as forum en platform kan dien om verskillende sektore en rolspelers saam te bring om te besin oor die hoofuitdagings wat ’n verdeelde Suider-Afrikaanse samelewing in die gesig staar. EFSA het al talle publikasies die lig laat sien, konferensies gehou en netwerke geskep. EFSA speel ook ’n groot rol in die funksionering van die *National Church Leaders Consultation* waarvan aartsbiskop Thabo Makgoba die voorsitter is. Die *National Religious Association for Social Development* (NRASD) is ook nou verbind met EFSA en beding internasionaal vir fondse vir sosiale ontwikkeling.

Die voorsitter van die ASM, ds Nelis Janse van Rensburg is genooi om op 13-16 Februarie 2019 deel te neem aan ’n EFSA-konferensie in Tutsing, Duitsland wat gefokus het op die verdere bou van netwerke tussen die Duitse kerke, nie-regeringsorganisasies en Suider-Afrikaanse nie regerings-organisasies. EFSA fasiliteer ook tussen kerke, ander godsdienste en die regering met die oog op die aanvaarding van ’n nuwe memorandum van verstandhouding met die staat. Befondsing van welsynsprojekte en vennootskappe is die doel van hierdie memorandum.

4.26 SACLI (SOUTH AFRICA CHRISTIAN LEADERS INITIATIVE)

SACLI is ’n forum wat bestaan uit verteenwoordiging van kerke uit die meer charismatiese georiënteerde spiritualiteit. Die fokus van dié groepering is om as drukgroep te dien teen korrupsie, rassisme, armoede en werkloosheid. SACLI het ook ten doel om versoening te bewerk in gemeenskappe waar faksies ’n destruktiewe invloed het. Die algemene sekretaris is deel van die forum op grond van die feit dat hy ’n lid is van die uitvoerende komitee van TEASA. Daar word met die privaat sektor saamgewerk ten einde werkloosheid teen te werk.

SACLI lewer infrastruktuurdienste aan talle ekumeniese strukture (SARK, NCLC, National Religious Leaders Council).

’n Eendag-konferensie van SACLI is op 31 Oktober 2018 deur die algemene sekretaris te Kopanong Conference Centre bygewoon. Die volgende temas is hanteer: die ekonomie, georganiseerde besigheid en werkloosheid, die “stand van die nasie”, versoening en anti-korrupsie.

Die konferensie het besluit om verskeie inisiatiewe te onderneem, soos om:
1. In samewerking met GIBS (*Gordon Institute of Business Science*) kerkleiers te bemagtig met die oog op die hantering van die polities-ekonomiese uitdagings van Suid-Afrika.
2. In samewerking met DBSUP (*Dynamic Business Start-Up Programme*) kleinsake-ontwikkeling te inisieer.

3. ’n Drie-jaar projek saam met Heartlines van stapel te stuur ten einde versoening met behulp van kerke te bevorder.

4.27 NATIONAL CHURCH LEADERS CONSULTATION (NCLC)

Die NCLC vergader jaarliks. Die laaste vergadering van die NCLC was op 19 November 2018 in Randburg. Dit is deur 12 kerklike verteenwoordigers bygewoon. Ds Dirkie van der Spuy het die NG Kerk verteenwoordig.

Daar is oor die volgende sake bespreking gevoer: regulering van kerke, grondhervorming, standaard van lekepredikers en die inspraak by die regering. Die algemene sekretaris is aangewys om saam met drie ander afgevaardigdes die toepaslike sake met die regering op te neem.

4.28 DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA (NHKA)

Die voorsitters en algemene sekretarisse van die NG en Hervormde Kerk het oor die afgelope termyn by twee geleenthede saamgeëet. Die goeie onderlinge verhoudinge het daartoe gelei dat die twee volle moderature van die twee kerke mekaar ontmoet het en wel in Julie 2017. Die gesprek was baie konstruktief en het gelei tot ’n proses om ’n bilaterale ooreenkoms tussen die twee kerke te sluit.

’n Verdere ontmoeting met verteenwoordigers van die Hervormde Kerk is op 24 Julie 2018 in die NHKA Raadsaal in Pretoria gehou. Die NG Kerk is verteenwoordig deur die voorsitter, algemene sekretaris en aktuarius. Lede van die Algemene Kuratorium, naamlik die voorsitter dr Paul du Plessis asook dr Kobus Myburgh, was teenwoordig.

Die gesprek het in ’n baie goeie gees afgeloop. Drie besluite is geneem naamlik om komitees aan te wys om:

4.28.1 op kort-, medium-, en langtermyn scenario’s te ontwikkel ten aansien van volhoubare teologiese opleiding aan die Universiteit van Pretoria.

4.28.2 ondersoek te doen na die ontwikkeling van ’n tussenorde ten einde dit moontlik te maak vir gemeentes van die NG Kerk en NHKA om byeen te kom in eenheidsbedieninge.

4.28.3 ’n gesamentlike byeenkoms te hou tussen leraars van die onderskeie kerke met die oog op die bou van verhoudings.

4.28.4 Gesamentlike teologiese opleiding by die UP is ’n belangrike faktor in die verhouding tussen die twee kerke. Goeie samewerking vind plaas ook wat die kerkeie opleiding betref.

4.28.5 Wedersydse beroeping van predikante vind toenemend tussen die twee kerke plaas.

4.28.6 Die NHKA en NG Kerk is tans in gesprek oor die verbetering van die bediening van die kerke se lidmate in Zimbabwe en Botswana.

’n Baie geslaagde byeenkoms tussen die NHK en die NGK het op 19 Julie 2019 plaasgevind. Sowat 40 verteenwoordigers van beide kerke het dit bygewoon. Prof Kobus Schoeman het resultate uit die navorsing van Kerkspieël aan die vergadering voorgehou wat toon in hoe ’n mate daar groot ooreenkomste tussen die twee kerke is.

Teologiese opleiding aan die UP was ’n verdere besprekingspunt asook die moontlikheid om ’n tussenorde te gebruik vir groter samewerking op plaaslike vlak.

4.29 THE EVANGELICAL LUTHERAN CHURCH IN SOUTHERN AFRICA (ELCSA)

Die moderatuur het op 6 Februarie 2017 met die Lutherse Kerke in Suid-Afrika en Namibië in gesprek getree. Die Lutherane soek nouer samewerking met die NG Kerk oor onder andere die beroeping van die NG Kerk se predikante. ELCSA het onlangs besluit om voortaan hulle predikante se teologiese opleiding by die Fakulteit Teologie op Stellenbosch te laat doen. Daar bestaan ook ’n goeie verhouding tussen ELCSA en die Teologiese Seminarium van die NG Kerk in Wes-Kaapland op Stellenbosch. ELCSA is ook genooi om hulle studente te laat inskakel by die Seminarium van die NG Kerk in Wes-Kaapland. Die NG Kerk werk in verskeie ekumeniese forums saam met die Lutherane. ’n Behoefte is uitgespreek om die goeie samewerking wat daar reeds bestaan meer formeel te maak deur ’n

memorandum van samewerking. ’n Werkgroep is saamgestel wat ’n memorandum van samewerking tussen die twee kerke voorberei vir goedkeuring deur die twee kerke.

4.30 KATOLIEKE KERK

Die Katolieke Kerk het in 2018 hulle tweehonderdjarige bestaan in Suid-Afrika gevier. Die algemene sekretaris is genooi om die openingsgebed tydens die vieringsgeleentheid te doen.

’n Jaarlikse gesprek, oor die verloop van twee dae, vind tussen die afgevaardiges van die NG Kerk en die Katolieke Kerk plaas. Sake van gemeenskaplike belang en opinie word met mekaar gedeel, maar daar word ook oor verskille met mekaar gepraat. Die NG Kerk word verteenwoordig in dié gesprekke deur prof Piet Meiring, dr Kobus Gerber, ds Rudolf Scharneck, drr Andries Kritzinger en Gustav Claassen.

Daar bestaan ’n besondere verhouding en samewerking tussen die Katolieke Kerk en NG Kerk wat die ruimte skep om moeilike teologiese kwessies te kan bespreek. Die ervaring is dat die twee kerke oor tyd groter begrip vir mekaar ontwikkel het.

4.31 UNITING PRESBYTERIAN CHURCH IN SOUTHERN AFRICA (UPCSA)

4.31.1 Die versoek van die UPCSA om aan eenheidsgesprekke tussen die NG Kerk en die UPCSA deel te neem, het informeel plaasgevind. Meer formele gesprekke met dié denominasie word in die vooruitsig gestel.

4.31.2 Die NG Kerk en VGKSA het ooreengekom om afgevaardiges van die UPCSA na van die kerkherenigingsgesprekke tussen hulle te nooi.

4.31.3 Deurlopende goeie kontak word met die UPCSA behou soos byvoorbeeld groeteboodskappe by hulle sinodesittings en ander geleenthede. Die algemene sekretaris het ’n groeteboodskap in 2018 tydens hulle sinode gebring.

4.31.4 Die huidige moderator van die UPCSA, dr Peter Langerman, is ook die voorsitter van die Church Unity Commission (CUC).

4.32. APOSTOLIESE GELOOFSENDING (AGS)

Deurlopende kontak word met die AGS behou en daar is ook skakeling met die AGS in ekumeniese forums soos die SARK en TEASA. Die NG Kerk is genooi na die honderd-en-tienjarige-vieringe van die AGS.

4.33 ANGLIKAANSE KERK VAN SUIDELIKE AFRIKA

Geen formele gesprekke vind met die Anglikaanse Kerk plaas nie. Die NG Kerk het egter gereeld kontak met die Anglikane deur middel van ander forums soos die CUC en die SARK.

Die NG Kerk word op ’n gereelde basis uitgenooi na konsultasies en gesprekke met aartsbiskop Thabo Makgoba. ’n Voorbeeld hiervan is die “*Courageous Conversations”* gesprekke onder leiding van die aartsbiskop wat ’n gesprekforum is tussen die godsdienstige, mynbou- en sakesektore. Die doel is om ontwikkeling en sosiale investering te bevorder in gemeenskappe waar die sake- en mynbousektor ’n teenwoordigheid het.

4.34 METODISTE KERK

Geen formele gesprekke vind met die Metodiste Kerk plaas nie. Die NG Kerk het egter gereeld kontak met die Metodiste deur middel van ander forums soos die CUC en die SARK.

4.34 VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK VAN SUIDER-AFRIKA (VGKSA)

4.35.1 DIE AANVAARDING VAN DIE TUSSENORDE (BYLAAG 1, p 77)

Die tussenorde wat gedurende 2015 tot stand gekom het tussen die vier susterskerke van die NG Kerkfamilie, is tydens die vergadering van die Algemene Sinode in Oktober 2015 goedgekeur en kerkregtelik deel gemaak van die kerk se Kerkorde.

Die Algemene Sinode van die NGKA het in Augustus 2015 besluit om nie ’n besluit te neem oor die aanvaarding van die tussenorde nie. Die RCA het ook besluit om nie ’n besluit oor die tussenorde te neem nie.

Die VGKSA het tydens sy Algemene Sinode van 3-9 Oktober 2016 die tussenorde deel gemaak van dié kerk se Kerkorde.

4.35.2 IMPLIMENTERING VAN DIE TUSSENORDE

Die moderature van die VGKSA en die NG Kerk het op 25 en 26 April 2017 by Le Chateau in Kemptonpark vergader om oor die implimentering van die tussenorde beplanning te doen. Die vergadering het ook nagedink oor die geskiedenis van die proses rondom kerkeenheid vanuit beide die VGKSA en die NG Kerk se oogpunte. Die aanvaarding van ’n tussenorde deur die algemene sinodes van beide kerke (2015 en 2016) was ’n historiese mylpaal. ’n Pastorale brief is na afloop van hierdie vergadering aan alle gemeentes van die twee kerke gestuur. In die pastorale brief word gemeentes aangemoedig om die eenheidsproses met hernude ywer aan te pak en die tussenorde te gebruik as kragtige hulpmiddel om volledige eenheid te bereik.

4.35.3 VERGADERING VAN MODERATURE EN VOORSITTERS

Op aanbeveling van die twee moderature van onderskeidelik die VGKSA en die NG Kerk is ’n vergadering van al die voorsitters van die twee kerke se deelnemende sinodes van 22-23 Augustus 2017 te eMseni, Kemptonpark gehou. Die twee moderature van die VGKSA en die NG Kerk, asook die voorsitters van die onderskeie samestellende sinodes, 17 in totaal, van die twee kerke is na die byeenkoms genooi.

Die groep het besluit om daarna praktiese aanbevelings aan die onderskeie strukture, die Sinodale Kommissie van die VGKSA en die ASM van die NG Kerk te maak om vir implementering oorweeg te word.

Tydens hierdie vergadering is prosesbesluite geneem met die oog op die implimentering van die tussenorde. Die droom is om teen 2025 ’n groot aantal gemeentes en ringe te verenig, sodat die eenheidsprosesse tussen sinodes hierop kan voortbou.

Die moderature van die twee kerke het sedertdien weer vergader en het ’n handleiding vir die benutting van die tussenorde vir gebruik in die twee kerke saamgestel. Hierdie handleiding word aan alle gemeentes en ringe beskikbaar gestel. Die moderature het ook besluit om eredienste in verskillende sentra in die land te hou waartydens die tussenorde gevier sal word.

4.36 DIE REFORMED CHURCH IN AFRICA (RCA)

Die RCA het ontstaan as gevolg van die sendingwerk van die NG Kerk onder Indiërs. Dit is ’n klein kerk wat getalle betref en bestaan uit sowat 15 gemeentes, veral in die KZN-omgewing. Die RCA sien haarself as ’n evangeliese kerk. Die RCA is ernstig oor haar verhouding met die NG Kerk.

Identiteit is geweldig belangrik vir die RCA as ’n kerk wat hoofsaaklik onder Hindoes werk. Dit skep egter ’n probleem in die saamreis na kerkeenheid. Die besluit rondom selfdegeslagverhoudings, soos deur die NG Kerk geneem in 2015, bied uitdagings aan die RCA wat hulle bediening aan Hindoes betref. So ook het die oorweging wat die NG Kerk geskenk het aan die moontlikheid om die Belharbelydenis deel van hulle konfessionele basis te maak, allerhande uitdagings aan die RCA gebied. Die RCA is nie ten gunste van die aanvaarding van die Belydenis van Belhar as belydenisskrif nie. Hulle staan ook ’n federale model van kerkeenheid voor eerder as organiese eenheid.

Die laaste bilaterale gesprek met die RCA het op 25 Januarie 2016 plaasgevind. Die RCA is egter nog ’n aktiewe lid van die Reformed Family Forum.

4.37 DIE NG KERK IN AFRIKA (NGKA)

Die NG Kerk, VGKSA en RCA het die afgelope twee jaar meer en meer frustrasie beleef met die NGKA op algemene sinodale vlak. Die voorsitter van die NGKA het nie die gesamentlike vergaderings van die vier susterskerke bygewoon nie. Die NGKA het in 2015 verteenwoordigers gehad in die gesprekke oor ’n tussenorde en selfs in Augustus 2015 ’n ekstra verteenwoordiger gehad by die skryf van die tussenorde. Tydens hulle Algemene Sinode kort daarna is die tussenorde halfpad goedgekeur en toe deur die voorsitter van die tafel gehaal.

Vroeër is daar ooreengekom oor ’n gesprek tussen verteenwoordigers van die algemene sinodes van die NG Kerk, VGKSA en NGKA, asook verteenwoordigers van die onderskeie kerke se sinodes in die Vrystaat en Noord-Kaap. Die gesprek sou te Maselspoort in die Vrystaat plaasvind. Die reëlings was reeds op dreef toe die NGKA laat weet hulle gaan nie meer die gesprek bywoon nie. Die gesprek kon gevolglik nie plaasvind nie.

Intussen het ons die slegte nuus ontvang dat die NGKA deur hulle finansiële bestuurder bedrieg en beroof is. Hulle is finansieel in diep moeilikheid, maar wou nie enige regstappe teen die betrokke leraar neem nie.

Goudland Sinode het intussen in gesprek getree met verteenwoordigers van swart gemeentes in hulle gebied om in te skakel by hulle sinode. Hierdie gemeentes was vroeër NGKA-gemeentes. ’n Versoek is deur die NGKA aan die NG Kerk se moderatuur gerig om oor die aangeleentheid in gesprek te tree. Die voorsitter en algemene sekretaris het die moderatuur van die NGKA op 13 Augustus 2016 in Krugersdorp by die NG Kerk Rant-en-Dal ontmoet.

Die NGKA het basies drie versoeke gehad, naamlik:

1. Dat die gemeentes wat by die Goudland Sinode aangesluit het nie hulle geboue mag gebruik nie.
2. Dat die gemeentes en lidmate nie die NGKA se name en embleem mag gebruik nie.
3. Dat die NG Kerk nie aan die enkele leraars wat aan die groep verbonde is predikantsbevoegdheid moet gee nie.

Die onderhawige gemeentes word al sedert 2012 nie meer deur die NGKA as lidmate en gemeentes van die NGKA beskou nie. Die NGKA-moderatuur het toegegee dat die ontvangs van hierdie gemeentes binne Goudland Sinode ’n sinodale en nie algemeen-sinodale aangeleentheid is nie. Hulle het ook toegegee dat dit sekerlik die reg van gelowiges is om by enige kerk aan te sluit en binne daardie verband te funksioneer. Die NG Kerk se afvaardiging het duidelik aangedui dat hulle van mening is dat geen kerk sonder toestemming ’n ander kerk se geboue, toerusting of naam en embleem mag gebruik nie. Hulle het onderneem om met Goudland Sinode hieroor in gesprek te tree.

Oor die legitimering van predikante het hulle onderneem dat die betrokke persone se besonderhede, standaard van opleiding, ens sal bepaal of hulle predikantsbevoegdhied kan verkry en dat die Algemene Kuratorium van die NG Kerk versoek sal word om reëlings te tref rondom hulle status. Dit is intussen gedoen.

Die NGKA-moderatuur het ons ook ingelig dat daar in al hulle sinodes spanning is en dat daar in elke sinode gemeentes is wat hulle sinodale geledere wil verlaat.

Die NG Kerk se afvaardiging het versoek dat ons weer ons bilaterale gesprekke met mekaar moet voortsit. Hulle reaksie was dat daar geen haas daarmee is nie, en dat dit maar later gedoen kan word.

Die voorsitter en algemene sekretaris het enkele dae later met verteenwoordigers van Goudland Sinode vergader en hulle ondernemings aan die NGKA gestand gedoen. Goudland was dit uit die staanspoor eens oor al die reëlings wat die NG Kerk se afvaardiging met die NGKA getref het. Goudland Sinode het reeds dienooreenkomstige reëlings in plek gehad en sou verder verseker dat daar nie misbruik gemaak word van die NGKA nie.

Die NGKA het nietemin voortgegaan met dreigemente asof die bogenoemde gesprekke nooit plaasgevind het nie. Die dreigende houding van ’n NGKA-skrywe aan die adres van die NG Kerk verwoord ’n oortuiging dat die NG Kerk uitgelewer is aan sy sogenaamde apartheidsverlede en dat die NG Kerk daarom uiters kwesbaar is. Dit mag gedeeltelik waar wees, maar om die NG Kerk daarmee te dreig, is glad nie betaamlik nie.

’n Besoek is op 25 Januarie 2018 deur die voorsitter en algemene sekretaris aan die Vrystaatse Sinode gebring. Tydens hierdie geleentheid is daar onder meer indringend gesprek gevoer oor ons verhouding met die NGKA. Dit het geblyk dat daar groot verdeeldheid binne die NGKA in die Vrystaat bestaan en dat dit baie moeilik is om met hulle in konstruktiewe gesprek te tree. Die NGKA se moderatuur in die

Vrystaat se gesindheid teenoor die NG Kerk in die Vrystaat is goed, maar geniet klaarblyklik nie die steun van ’n groot deel van die Vrystaatse NGKA nie. Die kerk het baie vakatures in gemeentelike leraarsposte. Soms is daar een leraar verantwoordelik vir soveel as tien gemeentes.

Die algemene sekretaris het op 8 Januarie 2019 weer ’n versoek gerig aan die adres van die moderatuur van die NGKA om bilateraal te ontmoet. Die moderatuur van die NGKA het egter op dieselfde dag terug laat weet dat hulle uitgesluit is van die eenheidsproses en daarom nie met die NG Kerk bilateraal wil vergader nie. Hulle glo dat hulle hulle deelname aan eenheidsprosesse moet beperk tot plaaslike aksies. Hulle het ook op dieselfde dag laat weet dat hulle ook nie meer deel wil wees van die Seisoen van Menswaardigheid nie, aangesien die Seisoen met die eenwordingsproses van die kerk gemoeid is.

Die NG Kerk se ASM is baie bekommerd oor die NGKA, asook ons verhouding met dié kerk. Ons aanvoeling is dat die gesprekke met die NGKA nou in sinodale gebiede hanteer moet word. Die kontekste binne sinodes verskil en die NGKA se Algemene Sinode het volgens hulle eie weergawe van die stand van sake nie veel invloed in hulle gebiedsinodes nie.

Die algemene sekretaris is genooi om op 22 Augustus 2019 ’n groeteboodskap van die NG Kerk te bring by die NGKA se sinode te Barkly-Wes.

4.38 DIE CALVYN PROTESTANTSE KERK (CPK)

Die CPK is formeel op 15 Oktober 1950 gestig onder leiding van eerwaarde Isaac David Morkel. Die CPK se belydenisgrondslag is die Drie Formuliere van Eenheid. Vandag het die Calvyn Protestantse Kerk van Suider-Afrika 35 gemeentes in die Wes-Kaap, Suid- en Oos-Kaap, Noord-Kaap, asook in Namibië.

Die CPK is ’n gereformeerde kerk en sinodaal-presbiteriaal in terme van sy kerkregering. Die kerk het destyds weggebreek van die NG Sendingkerk as gevolg van die gebrekkige protes in dié kerk teen apartheid.

Die NG Kerk geniet op sinodale en gemeentevlak goeie verhoudings met die CPK. Die CPK is ernstig oor die eenheid van die kerk, maar wil graag sien dat die NG Kerk en VG Kerk en CPK saam verenig word in een kerk. Die CPK het daarom versoek om deel te word van die gesprek tussen die vier moderature van die vier susterskerke van die familie. Beide die VGK en die ASM van die NG Kerk het hiertoe ingestem. Die CPK sal hopelik by die volgende gesamentlike vergadering betrek kan word.

Verskeie bilaterale gesprekke is reeds tussen die NG Kerk in Wes-Kaapland en die CPK gevoer oor die eenheid van die kerk. Gesamentlike prosesse is ook geloods met die oog op skakeling tussen die onderskeie kerke se gemeentes.

Voortdurende en goeie kontak word met die CPK behou deur die Sinode van Wes-Kaapland. Die Algemene Sinode 2013 se besluit om in terme van KO Art 70 en Reglement 20 ekumeniese bande met die CPK te sluit, moet nog aandag kry. Informele gesprekke is al in dié verband gevoer. Die CPK is ook deel van die Reformatoriese Konvent.

4.39 VOLKSKERK VAN AFRIKA (VK)

Die Sinode van Wes- en Suid-Kaapland behou voortdurende en goeie kontak met die VK. Die Algemene Sinode 2013 se besluit om in terme van KO Art 70 en Reglement 20 ekumeniese bande met die Volkskerk van Afrika aan te gaan moet nog aandag kry. Die VK is ook deel van die Reformatoriese Konvent.

4.40 DIE GEREFORMEERDE KERKE VAN SUID-AFRIKA (GKSA)

Die GKSA se 104de en 105de Algemene Sinode is in 2016 en 2018 deur die algemene sekretaris en ds Nico van Rensburg op Potchefstroom bygewoon. By dié geleenthede is ’n groeteboodskap deur die algemene sekretaris tydens ’n erediens gebring. Veral die volgende besluite tydens die 2018-sinode is van belang:

1. Daar is besluit dat ook ander Skrifgetroue liedere in eredienste gesing kan word, bo en behalwe Psalms en Skrifberymings.

2. Daar is besluit om te bly by vorige besluite rondom vroue wat nie in die ouderlings- en predikantsamp mag dien nie.
3. Die bestaande memorandum van samewerking met die NG Kerk is gehandhaaf ten spyte van besware deur die Ring van Pretoria-Moot.

Die GKSA het ook by twee geleenthede in 2016 deputate gestuur om met die NG Kerk in gesprek te tree oor sy besluit van 2015 oor selfdegeslagverhoudings. Die gesprekke het meestal gehandel oor Skrifgesag en hermeneutiek. Die NG Kerk is in die gesprekke verteenwoordig deur lede van ATLAS. Die gesprekke was indringend en het baie van die breuklyne tussen verskillende hermeneutiese benaderings blootgelê.

Binne die struktuur van die TKR is daar noue samewerking met die GKSA.

4.41 INTERGODSDIENSGESPREK

4.41.1 NATIONAL RELIGIOUS LEADERS COUNCIL (NRLC)

Die NRLC funksioneer onder voorsitterskap van aartsbiskop Thabo Makgoba. Die doel van die raad is om op ’n interreligieuse wyse die uitdagings van die dag aan te spreek.

4.41.2 SKAKELING MET DIE JOODSE GEMEENSKAP

Skakeling met die Joodse gemeenskap het die afgelope termyn slegs op informele vlak plaasgevind. Die NG Kerk se kommer oor die Israel-Palestynse kwessie en die kerk se gesprekke met pro-Palestynse groepe, deur middel van die SARK en TEASA, het waarskynlik ’n invloed op die verhouding met dié gemeenskap.

4.41.3 NASIONALE BIDDAG – MOTSEPE FOUNDATION

Sedert 2018 is, in die lig van die talle krisisse in die land, ’n nasionale biddag deur die Motsepe Foundation geïnisieer. Dit is ’n intergodsdiensgeleentheid en die platform van nasionaal die wydste verteenwoordiging van alle godsdienste. Die geleentheid wat jaarliks in die Orlandostadion in Soweto plaasvind, word bygewoon deur sowat tagtigduisend mense.

Die NG Kerk het die afgelope twee jaar elke keer die geleentheid bygewoon en deelgeneem. Die geleentheid word as ’n baie belangrike getuienisgeleentheid vir die NG Kerk gesien.

4.42 ANDER EKUMENIESE SAKE

4.42.1 CHRISTIAN DEVELOPMENT TRUST (CDTF)

Die CDTF-stigting (CDTF) is ’n ekumeniese trustfonds wat lenings teen baie lae rentekoerse aan kerke en Christelike organisasies bied vir veral die verkryging van eiendom. Die fonds het in 1979 tot stand gekom. In 1999 is die stigting geregistreer as ’n Artikel 21-maatskappy wat die funksies van die oorspronklike CDT oorgeneem het.

Die CDTF bestaan uit sowat 15 lidkerke. Die algemene sekretaris dien op die direksie onder voorsitterskap van biskop Jo Seoka. Die trust kan in gedagte gehou word wanneer gemeentes en sinodes projekte aanpak wat die verkryging van eiendomme insluit.

4.43 BENCH MARKS FOUNDATION

Bench Marks is ’n SARK-stigting met biskop Jo Seoko as die voorsitter. Die NG Kerk is lid van hierdie liggaam wat navorsingsgerigte aktivisme fasiliteer deur studie te doen oor die impak van ekologiese veranderinge op gemeenskappe en die omgewing. Bench Marks het toegang tot baie sterk navorsings- en regsbronne. Die algemene sekretaris en prof Willie van Heerden is die NG Kerk se verteenwoordigers.

4.44 KAPELAANSDIENSTE VAN DIE SANW

Die moderatuur het die kapelaan-generaal van die SANW, brigadier-generaal (Rev) Monwabisi Jamangile, op 17 Mei 2018 by die kantoor van die Algemene Sinode ontmoet. Ds Marius Cornelissen, voormalige kapelaan-generaal, het die gesprek gefasiliteer. Baie waardering is deur die kapelaan-generaal uitgespreek vir die rol van die NG Kerk in die geskiedenis van die kapelaansdiens.

’n Memorandum van Samewerking tussen die NG Kerk en die kapelaansdiens van die SANW is na onderhandelingsprosesse deur die algemene sekretaris en kpln-genl Andrew Jamangile onderteken.

4.45 SAMEWERKING MET KORREKTIEWE DIENSTE

’n Memorandum van Samewerking met die Korrektiewe Dienste is in die proses om geskryf te word.

4.46 NETWORK FOR AFRICAN CONGREGATIONAL THEOLOGY (NetACT)

NetACT het sy eerste lig in Kenia in die jaar 2000 gesien by ’n byeenkoms van die *Overseas Council* oor die verhouding tussen die kerk en teologiese opleiding. Afgevaardigdes uit die NGK-familie wat die Kenia-byeenkoms bygewoon het, het die volgende jaar in Lusaka aan NetACT amptelike beslag gegee as ’n netwerk tussen agt gereformeerde kweekskole. Die visie was leierskapontwikkeling op gemeentevlak.

Die netwerk, met sy kantoor by die Fakulteit Teologie in Stellenbosch, bestuur ook fondse wat tot voordeel van sy lede aangewend word. Verskeie gesamentlike teologiese publikasies het die lig gesien met *Living with dignity, African perspectives on gender equality* as hoogtepunt. Dié boek het in 2016 die Andrew Murray-Desmond Tutu-prys vir teologiese publikasies ontvang.

NetACT se fokus is nie noodwendig groei in getalle nie, maar wel teologies-missionale groei gerig op die kerk en samelewing. Die World Communion of Reformed Churches (WCRC) het kennis geneem van die netwerk en het NetACT versoek om as hulle teologiese platform in Afrika te dien. Die teologiese skole te Pretoria, Bloemfontein en Potchefstroom is genader om toe te tree en saam met die vier grootste teologiese opleidingsentra in Kenia die ankerlede te word van vier interafhanklike groepe binne die netwerk. Die nuwe bedeling het in 2015 en 2016 sigself uitsorteer en sy konstitusie aangepas. Dit is nou ’n oop netwerk bestaande uit lede wat hulle vereenselwig met die oorspronklike doelwitte van NetACT.

Tans fokus die 40 lede van die netwerk, komende uit 15 lande in Afrika, op transformasiegerigte gemeenskapsontwikkeling. Die netwerk het ook 14 geassosieerde lede, onder andere die NG Kerk in Wes-Kaapland, Die NG Kerk se Algemene Sinode, asook die WCRC. Die Ecumenical Foundation of Southern Africa (EFSA) se Institute for Theological & Interdisciplinary Research is verder een van die sleutel-geassosieerde lede wat die netwerk se onlangse publikasies gefinansier het. Die publikasies is gratis van die internet aflaaibaar.

Die lede van NetACT kan in groepe, of gesamentlik, tematies werk. So is daar met die oog op die temas ‘teologiese leierskap’ en ‘publieke teologie’, om twee te noem, tans kreatiewe prosesse op gang wat teologies fokus op die missionale uitdagings van ons kontinent. Toegang tot die internet en die ontwikkeling van informasietegnologie aan ons teologiese skole het van 2001 af ’n sleutelrol gespeel om die netwerk te help ontwikkel.

Honderde nagraadse studente uit Afrika is deur die bemiddeling van NetACT bemagtig. NetACT word passievol bestuur deur proff Jurgens Hendriks en Len Hansen vanuit hulle kantoor in Stellenbosch.

Die algemene sekretaris het in 2016 die NetACT-konferensie in Limuru, Kenia bygewoon. Tydens die geleentheid was die tema die ontwikkeling van gemeenskappe. Referate is gelewer wat later opgeneem is in ’n publikasie.

Die algemene sekretaris het van 30 Junie tot 6 Julie 2019 die NetACT-vergadering in Kenia bygewoon. Die vergadering het grootliks gehandel oor Islam en die uitdagings wat dit aan Afrika bied, asook dialoog met hierdie godsdiens. Gedurende 2019 is vier streekskonferensies (Oos-Afrika: Kenia, Ethiopië, Suid-Soedan, Wes-Afrika: Nigerië, Franssprekende Afrika, Sentraal-Afrika: Namibië, Zambië, Malawi, Lesotho, Suid-Afrika, Mosambiek en Angola) gehou met twee fokusareas: (a) Die opleiding van bibliotekarisse om die NetACT Internetportaal (NIP) te gebuik en (b) Kurrikulum ontwikkeling binne teologiese instellings wat fokus op Publieke Teologie, die Africa Leadership Study, Missionale teologie en gemeenskapsontwikkeling.

Tydens die Algemene Vergadering is tien nuwe teologiese instellings aanvaar as nuwe lede wat die totaal lede nou bring op vyftig. Hierdie jaar het ook die toetrede van Franssprekende Afrika-instellings gesien wat Wes-Afrika ook nou deel maak van die netwerk. In 2020 word voorsien dat die werk aan die boek *African public theology* afgehandel sal wees en dat die boek, saam met die boek *African spiritual*

leadership by die 2020 Algemene Vergadering van NetACT in Addis Abeba bekend gestel sal word vir gebruik regoor Afrika in die teologiese instellings wat lede is van NetACT.

Die doel met beide publikasies is om instellings aan te moedig om die inhoud (o.a. korrupsie, nepotisme, swak leierskap, menseregteskendings ens.) op praktiese maniere te verpak om so hulle onderskeie lande bewus te maak dat die Afrika wat God oor droom baie anders lyk as die Afrika van vandag.

5. BELYDENISKWESSIES

5.1 REFORMASIE 500

Die 500ste herdenking van die 16de eeuse Reformasie is in 2017 gehou. Wêreldwyd is buitengewone moeite gedoen om hierdie geleentheid te benut om die historiese en teologiese waarde van hierdie gebeurtenis te bedink en te herevalueer. Die NG Kerk het saam met die GKSA en die NHKA (die lidkerke van die Tussenkerklike Raad) gewerk om die herdenkings in Suid-Afrika sinvol te doen. Die algemene sekretaris het as voorsitter van die TKR opgetree tydens die beplanning van die feesvieringe. Die volgende werk is onder meer gedoen:

Die volgende temas is geïdentifiseer vir gebruik in publikasies:

1. Vrygemaak deur ’n God wat hoop gee.
2. Vrygemaak om met vreugde vir ander te dien.
3. Vrygemaak vir hierdie lewe.
4. Vrygemaak om te kan bely.
5. Vrygemaak om in geloof anders te kan kyk.
6. Vrygemaak … daarom is ons goed genoeg.
7. Vrygemaak … daarom gee ons om.
8. Vrygemaak … daarom het ons almal ’n roeping.
9. Vrygemaak om anders te werk.
10. Vrygemaak om dapper in die openbaar te leef.
11. Vrygemaak om te sorg vir God se skepping.
12. Vrygemaak om ’n nuwe lied te sing.

- CLF het met die oog op die herdenking van die Reformasie materiaal ontwikkel vir ’n Pinksterreeks en Week van Gebed.
- Brosjures oor Reformasie of oor figure soos Luther, Calvyn, Zwingli en Hus, is ontwikkel.
- ’n Reeks oor 40 dae met Reformasie as tema, insluitende materiaal vir kleingroepe, is ontwikkel.
- Bybel-Media (*Nous)* het verantwoordelikheid geneem vir ’n pakket met vyf produkte rondom die Reformasie. Dit het ingesluit gebede, narratiewe, aanhalings deur Luther.
- ’n Logo is ontwerp.
- ’n Feesgedig is deur prof Cas Vos geskryf.
- Liedere deur is deur VLAM en VONKK ontwikkel.
- Artikels in *Kerkbode* insake die Reformasie is deur prof Johan van der Merwe geskryf.
- Die Bybelgenootskap het ’n publikasie oor Luther en Bybelvertaling gepubliseer.
- Gesprek is oor RSG uitgesaai oor die Reformasie.
- Kategesemateriaal vir die vier Sondae voor Hervormingsondag is ontwikkel.
- Gesamentlike dienste met ons TKR-vennote is op 29 Oktober 2017 in Pretoria, Bloemfontein en Kaapstad gehou. Gesamentlike ekumeniese geleenthede met die oog op 31 Oktober se herdenking van die Reformasie, waarby die Lutherane en Katolieke betrokke was, is gehou.

5.2 DORDT 500

Die TKR het ’n geleentheid op 18 Julie 2019 gereël om die Sinode van Dordt te herdenk. Die byeenkoms het plaasgevind in die GKSA se Paul Krugerkerk in Pretoria. Sowat veertig predikante van die NGK, GKSA en NHKA het die geleentheid bygewoon. Prof Johan van der Merwe het namens die NGK deelgeneem en die algemene sekretaris was een van die gespreksleiers.

6. BELEIDSKWESSIES

6.1 SELFDEGESLAGVERHOUDINGS (BYLAAG 2, p 85)

Die debat oor selfdegeslagverhoudings wat uitgeloop het op die 2015-besluit van die Algemene Sinode oor die kwessie, het die ASM uitgedaag soos nooit vantevore nie. Die ASM het met die advies van die

Algemene Taakspan Regte (ATR) die proses tot by die Buitengewone Algemene Sinode van 2016 kompleks en verdelend beleef.

6.1.1 DIE FUNKSIE VAN DIE ALGEMENE TAAKSPAN REGTE (ATR)

Die funksies van die ATR word deur Reglement 7 van die Kerkorde uitgespel. Waar regsgedinge ter sprake is, moet die ATR aan die ASM advies gee. Die ATR het ook die verantwoordelikheid om advies aan die ASM te gee oor die vertolking van die Kerkorde.

Die Algemene Sinode het ook tydens sy vergadering van 2015 die volgende besluit geneem:

> *"Die Algemene Sinode dra dit aan die ATR op om die kerkregtelike en regsimplikasies van enige besluite insake selfdegeslagverhoudings te ondersoek, met verslag en aanbeveling aan die Algemene Sinodale Moderamen" (Handelinge van die Algemene Sinode, 2015).*

6.1.2 ADVIES VAN DIE ATR OP 16 NOVEMBER 2015 TEN AANSIEN VAN APÉLLE EN 'N MORATORIUM

Tydens die vergadering van die ASM van 16 November 2015 gee die ATR die volgende advies oor die kwessie van appèlle teen besluite van 'n Algemene Sinode:

6.1.1.1 *"Die ATR het regsadvies ingewin van onafhanklike regsadviseurs. Wanneer 'n appèl teen 'n besluit ontvang is, word dié besluit outomaties opgeskort hangende die uitslag van die appèl (vergelyk die aangehegte regsadviese)."* (Uit die notule van die vergadering van die ASM)

6.1.1.2 Die ATR het verder daarop gewys dat
*"appèl op grond van *prosedures (Kerkorde) deur die Algemene Sinode se gevolmagtigde appèlliggaam hanteer kan word (vergelyk Regl 7, pt 3.1.5 en Regl 19, pt 5.1); en *appèl op grond van leergeskille (Bybel en belydenis) voor die eersvolgende Algemene Sinode kan dien (vergelyk Artikel 44.4 en Regl 19, pt 5.1)." (Uit die notule van die vergadering van die ASM).*

Die ASM het die prerogatief van die ATR aanvaar om hierdie advies te gee en die uitvoering van die advies daarmee as 'n gegewe aanvaar.

6.1.3 VERGADERING VAN DIE ASM VAN 5-7 SEPTEMBER 2016

Die ASM het weer besin oor die reg van appèl teen besluite van die Algemene Sinode. Die ASM neem vervolgens op sy vergadering van 5-7 September 2016 die volgende besluit:

"Die Moderamen besluit

1. *om sy besluit van November 2015 (4.1.1.8.1 Notule Algemene Sinode Moderamen 16-18 November 2015) waarin die advies van die Algemene Taakspan Regte oor die hantering van appèlle teen die sinode oor selfdegeslagverhoudings aanvaar word, te herroep.*
2. *om 'n buitengewone Algemene Sinode van 10 November 2016 te belê om besware, appèlle, gravamina en ander voorleggings te hanteer." (Uit die notule van die vergadering van die ASM.)*

6.1.4 Die ASM het ook kennis geneem van die ATR se funksie ingevolge die Kerkorde as appèlkommissie. Die ATR het ook hieroor advies gegee. Sekundi moes vir die primariuslede van die ATR aangewys word wat as appèlkommissie moes dien, aangesien die primariuslede van die ATR geoordeel het dat hulle, as afgevaardigdes na die sinode van 2015, gekompromiteer was. Die sekundi van die ATR is tydens die vergadering van 5-7 September 2016 aangewys. Die ASM het die appèlkommissie versoek om appellante aan te moedig om die geleentheid om hulle saak by die Buitengewone Algemene Sinode te stel, te benut.

Die appèlkommissie het gekonstitueer onder voorsitterskap van dr Thijs van der Merwe. Hy het nie die Algemene Sinode van 2015 bygewoon nie en is as geskik geag om die kommissie te lei. Die appèlkommissie het advies ontvang dat hulle met regsgeldigheid sou kon voortgaan om appèlle teen

die 2015-besluit aan te hoor en te beoordeel. Die appèlkommissie het hierna voortgegaan en ’n aantal appèlle aangehoor en beoordeel.

6.1.5 BUITENGEWONE ALGEMENE SINODE 2016

Die Buitengewone Algemene Sinode het plaasgevind op 7-10 November 2016 in Pretoria. Voor die aanvang van die sinode het die ATR die voorsitter en res van die moderatuur geadviseer dat die appèlproses geldig was en dat die kommissie bevind het dat die appèlle teen die 2015-besluit oor selfdegeslagverhoudings gehandhaaf word.

Die voorsitter het vervolgens na die aanvang van die sinode aangekondig dat die 2015-sinode se besluite deur die appèlkommissie nietig verklaar is.

Die sinode het vervolgens ’n nuwe besluit oor selfdegeslagverhoudings geneem.

Die volledige besluit lui as volg:

“1. Die Algemene Sinode besluit om die saak van selfdegeslagverhoudings met groot omsigtigheid te benader en om nie standpunte op gelowiges en gemeentes af te dwing waarvan die Gees die gemeentes nie oortuig het nie.

2. Die Algemene Sinode:
2.1 herbevestig sy verbintenis aan die besluite van die Algemene Sinode van 2011 oor Skrifbeskouing, Skrifgesag, Hermeneutiek en Skrifuitleg:

> *1. Die Algemene Sinode herbevestig die verklaring “Skrifgebruik en Skrifgesag”, soos aanvaar by die Sinode van 2004, as ’n eenvoudige en prinsipiële samevatting van die NG Kerk se Skrifbeskouing.*
> *2. Die Algemene Sinode wys daarop dat vir ’n meer volledige uiteensetting van die saak, die verslae soos goedgekeur in 1986 (getiteld “Skrifgebruik en Skrifgesag”), 1990 (“Skrifberoep in Etiese Sake”) en 2002 (“Gesag van die Skrif”) hiermee saam gelees behoort te word (vgl Notule Algemene Sinode 2011, bladsy 91).*

2.2 wys daarop dat die amptelike besluite van die Algemene Sinode oor Skrifgebruik en Skrifgesag nie gewysig is nie en steeds die geldende standpunt van die Algemene Sinode is.

3. Die Algemene Sinode bely:
3.1 dat ons altyd soekend moet bly na die waarheid van die evangelie tussen veelvuldige stemme en in ’n stukkende wêreld.
3.2 dat gelowiges met diep oortuigings oor selfdegeslagverhoudings dikwels van mekaar verskil, en daarom moet hierdie soeke in ’n gees van luister, sensitiwiteit, smeking, dringendheid en verantwoordelikheid benader word, wagtend op die leiding van die Heilige Gees.
3.3 dat almal betrokke by die verskillende vertolkings erns maak met die Skrif en dat daar by almal ’n opregte begeerte is om God se wil te soek.
3.4 dat die kerk die plek is waar almal omarm en die genade van Christus ontdek moet word.

4. Die Algemene Sinode:
4.1 beklemtoon dat geen mens minderwaardig behandel mag word nie, maar inteendeel, dat met respek en liefde teenoor alle mense as beelddraers van God opgetree moet word. Ons erken die gelykwaardigheid van alle mense ongeag seksuele oriëntasie en verbind onsself opnuut tot die bevordering van die Godgegewe waardigheid van alle mense.
4.2 roep alle lidmate op om, ongeag seksuele oriëntasie, mekaar met die liefde van Christus te aanvaar.
4.3 vra onvoorwaardelik vergiffenis waar persone met ’n homoseksuele oriëntasie nie soos hierbo behandel is nie.
4.4.1 herbevestig dat die huwelik deur God ingestel is as ’n heilige en lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou en dat enige seksuele gemeenskap buite so ’n vaste formele huweliksverbintenis nie aan Christelike riglyne voldoen nie.
4.4.2 erken die realiteit dat daar lidmate van dieselfde geslag in burgerlike verbintenisse is wat getuig van liefde en trou.
4.5 bevestig dat die gesin as hoeksteen in ’n Christelike gemeenskap beskou word.

4.6 is oortuig dat enige persoon wat die genade van die Here deelagtig is en Jesus Christus as Here bely, ongeag seksuele oriëntasie, 'n volwaardige lidmaat van die kerk is en as sodanig as ongesensuurde lidmaat volle toegang het tot al die ampte in die kerk.
4.7 bevestig dat kerkrade die reg behou om self te besluit wie in leiersposisies in die gemeentes mag dien, en kan nie verplig word om enige persoon wat in 'n selfdegeslag burgerlike verbintenis is, in diens te neem nie.
4.8 besluit dat dieselfde Christelik-etiese standaarde met betrekking tot leer en lewe geld vir die legitimasie en ordening van alle persone, ongeag seksuele oriëntasie."

6.1.6 HOFSAAK

Twaalf lidmate het die Gautengse Afdeling van die Hoë Hof van Suid-Afrika genader om 'n bevel uit te reik om die 2016 Algemene Sinode se besluite oor selfdegeslagverhoudings nietig te verklaar. Die ASM het besluit om die aansoek teen te staan.

Twee partye het toegetree as amicus curiae: die Kommissie vir Geslagsgelykheid (hierna genoem CGE) en Alliance for the Defence of the Autonomy of Churches in South Africa (ADACSA). Die saak is op 21 Augustus 2018 in die hof aangehoor. Die aansoek het basies twee argumente bevat, naamlik 'n konstitusionele argument wat betoog dat die kerk die Grondwet geminag het met sy 2016-besluit. In die ander argument word beweer dat die kerk nie die reëls van sy Kerkorde reg toegepas het nie.

Die uitspraak van die hof met 'n volbank van drie regters is op 8 Maart 2019 gelewer. Die hof het in die guns van die aansoekers besluit en die besluite van die Buitengewone Algemene Sinode van 2016 ter syde gestel. Die hof het ook bevind dat die NG Kerk met sy 2016-besluit oor selfdegeslagverhoudings inbreek gemaak het op die konstitusionele regte van lidmate van die NG Kerk wat graag in selfdegeslagverhoudings verbind wil word. Die volledige dokumentasie is by die Algemene Sinodale Kantoor beskikbaar.

6.2 GENDERGEREGTIGHEID

Nadat verskeie lede van die ASM die NG Kerk by internasionale ekumeniese gesprekke oor gendergeregtigheid verteenwoordig het, het die ASM besluit om 'n taakspan saam te stel om spesifiek aandag aan dié saak te gee.

In Maart 2018 het die ASM versoek dat die Gendertaakspan hulle werk fokus op: verteenwoordiging, seksuele teistering, aanstellings- en arbeidspraktyke, taalgebruik, patriargale teologie, wat die taakspan dan ook gedoen het. Die taakspan het in die proses deurlopend terugvoer gegee aan die ASM.

6.2.1 SEKSUELE MISBRUIK

Die Gendertaakspan het saam met die ATR 'n omvattende beleidsdokument voorberei vir die voorkoming en hantering van seksuele misbruik in die NG Kerk. **(BYLAAG 13, p 164)**
'n Groot deel van die taak ten aansien van gendergeregtigheid is opvoedkundig van aard. 'n Kultuur van respek moet gebou word. By vergaderings soos die Algemene Sinode, moet daar 'n onberispelike voorbeeld gestel word en kan daar geen ruimte vir onvanpaste gedrag gelaat word nie. Derhalwe het die ASM die Ontwerpspan getaak om riglyne oor seksuele misbruik en wangedrag voor te berei en deel te maak van die ontwerp van die sinodesitting.

Die ASM het ook die Ontwerpspan getaak om 'n aanmeldingsliggaam as tydelike kommissie waar misbruike ten aansien van gendergeregtigheid vir die sitting van die Algemene Sinode aangemeld kan word, aan te wys.

6.2.2 'N HISTORIESE BLIK

6.2.2.1 'N KORT HISTORIESE OORSIG VAN VROUE IN LERENDE AMPTE IN DIE NG KERK

Reeds in 1990 keur die NG Kerk se Algemene Sinode goed dat vroue toetree tot die lerende ampte van ouderling en leraar. Dit het egter nie vanself gelei tot die insluiting en verteenwoordiging van vroue in kerklike ampte en vergaderings nie. Dit gee aanleiding tot 'n reeks besluite:

6.2.2.2 2002 ALGEMENE SINODE

In 2002 bevestig die Algemene Sinode "onvoorwaardelik dat diskriminasie teen die vrou sonde was en is; bely sy eie aandeel, bewustelik of onbewustelik, aan optredes wat onbillik en kwetsend teenoor vroue in die kerk kon wees; moedig predikante, kerkrade en lidmate aan om sensitief te wees vir

neerbuigendheid en vooroordele teenoor vroue; onderneem om meganismes aan die gang te sit om tot en met die volgende Algemene Sinode ernstig aandag te gee aan die saak, na aanleiding van die versoek wat van die kongres oor die vrou in die kerk onder die ASK se aandag gekom het." In dieselfde besluit word daar onderneem om inklusiewe taal te gebruik in alle kommunikasie en word 'n beroep op ander kerkvergaderinge gedoen om ook inklusiewe taal te gebruik.

Hier word dan ook besluit om navorsing te doen oor:
- die kerkgeskiedenis oor vroue se bydrae.
- hermeneutiese sleutels.
- spiritualiteit.

Daar word besluit dat hierdie navorsing gebruik sal word in byeenkomste op streek-sinodevlak en/of inter-sinodedale vlak of tussen sinodes gesamentlik, waarvan die resultate weer aan die navorsingspan deurgegee sal word. Daar word ook byeenkomste vir ringe en kerkrade in die vooruitsig gestel. Hier word ook besluit om Bybelstudiemateriaal te ontwikkel.

Wat verteenwoordiging betref, word 'n beroep op Teologiese Fakulteite gedoen om ("waar moontlik") vroueteoloë in diens te neem. Kerkrade, ringe en streeksinodes word versoek om "doelgerig moeite te doen om vroue na vergaderings af te vaardig."

6.2.2.3 2004 ALGEMENE SINODE
In 2004 word, as deel van die verslag oor vroue in die kerk, besluit om 'n kommissie "onder die moontlike naam Kommissie vir Geslag-en-Diversiteit" te stig. By hierdie vergadering word ook besluit om die moontlikheid van 'n Geslag-en-Diversiteit-lessenaar as deel van die kantoor van die Algemene Sinode te ondersoek. Daar word benadruk dat hierdie lessenaar op geslagsgelykheid moet fokus. Hier word ook besluit "om met die Taakspan Diensverhoudinge te skakel om onbillike arbeidspraktyke teenoor vrouepredikante uit te skakel." In 2004 is daar ook vir die eerste keer besluit dat die Kerkorde sodanig gewysig moet word dat 'n vrou as lid van die moderatuur verkies moet word.

6.2.2.4 2004-2007
Die "Kommissie vir Geslag-en-Diversiteit" word nou die "Taakgroep vir Diversiteitsbestuur". Hoewel daar deurgaans pogings aangewend word om te beklemtoon dat hierdie taakgroep veral aan geslagsgelykheid aandag moet gee, ontvang dié saak uiteindelik bykans geen aandag nie.

Voor die 2007-sinode onderneem dr Elsje Büchner 'n omvattende studie van vrouepredikante en -predikante se arbeidsposisie, as deel van die Taakspan Diensverhoudinge se aandag aan onbillike arbeidspraktyke. Op dié stadium maak vroue 2,58% van die predikantekorps van die NG Kerk uit.

6.2.2.5 2007 ALGEMENE SINODE
In 2007 hoor die Algemene Sinode dat 'n lessenaar nie finansieel haalbaar is nie. Die opdrag word egter herhaal, die slag as 'n "Lessenaar vir Diversiteit". By hierdie sinode word ook gerapporteer oor die swak verteenwoordiging van vroue in die leierskapstrukture van die onderskeie streeksinodes.

6.2.2.6 2011 ALGEMENE SINODE
In 2011 is die Reglement vir die ASM van die Algemene Sinode vir die eerste keer verander om vroue (verpligtend) in te sluit. Die Taakspan Diversiteit se werk word vervang deur die Seisoen van Menswaardigheid. Dit blyk ook dat die "Lessenaar vir Diversiteit" intussen 'n "Vrouelessenaar" geword het, wat deur die Vrouebediening oorgeneem is en min aandag aan geslagsgeregtigheid gee.

6.2.2.7 2015 ALGEMENE SINODE
In 2015 vra die Algemene Sinode verskoning vir die historiese onreg wat geroepe vroue uitgesluit het van die lerende ampte.

6.2.2.8 ENKELE OPMERKINGS NA AANLEIDING VAN DIE HISTORIESE BLIK
Verandering en insluiting gebeur nie vanself nie. Dit is duidelik dat algemeen sinodale beginselbesluite oor die insluiting van vroue (of die gebruik van inklusiewe taal), nie noodwendig lei tot die insluiting van vroue nie. Daar is beide wil én reglementering nodig. Verder moet daar gewaak word oor die aard van die reglementering. Ons wil juis diversiteit in leierskap aanmoedig. Besluite moenie só wees, dat dit die aantal vroue – of mans – beperk nie.

Dit blyk ook dat die saak van gendergeregtigheid voortdurend gekaap word deur ander sake, wat die verweefdheid van (on)geregtheid en die sistemiese aard daarvan onderstreep. Derhalwe het die taakspan saam met die ATR voorstelle vir verteenwoordiging voorberei **(BYLAAG 13, p 164).** Hierdie voorstelle sluit die teenwoordigheid van vroue op ringskommissies, sittings van die Algemene Sinode, asook taakspanne en kommissies van die Algemene Sinode in.

6.2.3 VOORSTEL:

6.2.3.1 Die Algemene Sinode moedig kerkvergaderinge – in lyn met vorige besluite – aan om doelgerig moeite te doen met verteenwoordiging, beginnende reeds by kerkrade.

6.2.3.2 Die Algemene Sinode versoek gemeentes weereens – in lyn met vorige besluite – om vroue as kerkraadslede af te vaardig na sinodesittings.

6.2.3.3 Die Algemene Sinode gee opdrag aan die ASM om ’n Taakspan Gendergeregtigheid saam te stel, om verder aandag te gee aan sake van gendergeregtigheid, soos aanstellings- en arbeidspraktyke, taalgebruik, patriargale teologie, seksuele teistering en verteenwoordiging.

6.2.3.4 Die Algemene Sinode gee aan ATLAS en die ter stigte Gendergeregtigheidstaakspan opdrag om ’n hermeneutiese raamwerk te ontwikkel om patriargale tekste in ’n genderneutrale wêreld op ’n geldige en verantwoordelike wyse te lees.

6.2.3.5 Die Algemene Sinode besluit om met die Hervormde Kerk saam te werk in hierdie verband.

6.3 SEISOEN VAN MENSWAARDIGHEID

Die leierskap van die vier susterskerke (VGKSA, NGKA, NGK en RCA) het die Seisoen van Menswaardigheid (SM) in 2013 van stapel gestuur. Hierdie inisiatief is geïnspireer deur Filippense 1:27 – 2:11. Dit is ’n gesamentlike proses op weg na onderlinge genesing en eenheid. Daar is besluit dat die Seisoen van Menswaardigheid die volgende waardes sal bevorder – respek, luister, liefde, omarming.

Die bestuurspan van die Seisoen bestaan uit verteenwoordigers van elk van die deelnemende kerke en is verantwoordelik vir die strategie en bestuur van die Seisoen van Menswaardigheid. Die nasionale taakspan bestaan uit die bestuurspan en ’n verteenwoordiger van elk van die 21 sinodes van die vier deelnemende kerke wat verantwoordelik is om die Seisoen in die onderskeie sinodes te bevorder.

6.3.1 PRODUKTE

Die Christelike Lektuurfonds (CLF) en Bybel-Media is waardevolle vennote in die ontwikkeling van publikasies wat die gemeentes ondersteun in die bevordering van menswaardigheid. Die volgende produkte is ontwikkel:

- Gebedsgidse (gratis en beskikbaar in Engels, Afrikaans, Sotho, Xhosa, Tswana – CLF). Die gebedsgidse is in PDF-formaat beskikbaar op die webwerf van die Seisoen van Menswaardigheid om dit te druk of op ’n dataprojektor te gebruik in eredienste, vergaderings en ander byeenkomste.
- Plakkate (gratis en beskikbaar in Afrikaans, Engels, Sotho, Xhosa, Tswana – CLF). ’n Stel van vyf kleurvolle plakkate (in Engels, Sotho, Tswana, isiXhoza en Afrikaans) is ontwerp en versprei (saam met die gebedsgidse) na alle gemeentes. Elkeen van hierdie plakkate maak ’n voorstelling van hoe Jesus een van die vier waardes teenoor mense uitleef. ’n Vyfde plakkaat is die meesternarratief van die Seisoen waar Jesus sy dissipels se voete was. Hierdie plakkate is ook elektronies beskikbaar.
- Jesusverhale (gratis beskikbaar in Afrikaans en Engels by CLF). Hierdie boekies bevat nege verhale van die Evangelies van Jesus in gesprek met manne en vroue. Die verhale illustreer die waardes van die Seisoen: respek, luister, liefde en omhelsing. Daar is twee verhale oor elk van die vier waardes. ’n Fokusteks en vier generiese vrae help groepe om die betekenis van die verhaal te ontsluit en om te groei in die bevordering van menswaardigheid in die breër gemeenskap.
- Pamflette. Die Taakspan van die Seisoen van Menswaardigheid het sewe fokusareas geïdentifiseer waar mense se waarde dikwels aangetas word, naamlik: ekologie, armoede, geslag, seksualiteit, ras, gestremdheid en siekte. Pamflette wat handel oor die fokusares is in Maart 2017 deur CLF gepubliseer. Dit is in Afrikaans en Engels by CLF beskikbaar.
- Op versoek van verskeie sinodes is ’n pamflet geskryf met die tema: Is menswaardigheid ’n Bybelse konsep?
- *Die avonture van Maria en Braam* is ’n kinderboek deur dr Thinus van Zyl wat deur die SM ondersteun is en in Engels, Afrikaans, Tswana, Suid-Sotho en Xhosa deur CLF uitgegee is.

6.3.2 NETWERK MET VERSKEIE INSTANSIES WAT OP DIE SM-TEMAS FOKUS

Sinodes is aangemoedig om te skakel met organisasies in die kerk en samelewing wat op die onderskeie temas van die Seisoen fokus. 'n Paar voorbeelde word gelys:

- Ras – ARNSA, Restitution Foundation, Institute for Justice and Reconciliation.
- Armoede – Diakonaat en verskeie organisasies binne en buite die kerke.
- Geslag – Geslagseenhede by universiteite, Circle of Concerned African Women Theologians, Thursdays in Black.
- Siekte – CABSA en verskeie organisasies wat bewusmaking doen vir fisiese en geestesongesteldheid.
- Gestremdheid – Ramp-Up en al die nasionale organisasies vir mense met gestremdhede.
- Seksualiteit – IAM.
- Ekologie – Spesialiste is wyd beskikbaar.

6.3.3 GETUIENIS VANUIT DIE NASIONALE TAAKSPAN

Die jaarlikse vergadering van die Nasionale Taakspan van die Seisoen is telkens 'n ontmoeting waar die waardes van die SM geleef en beleef word in die onderlinge verhoudings. Dit het duidelik geword dat die Seisoen van Menswaardigheid 'n beweging is eerder as 'n projek of selfs 'n proses. Taakspanlede getuig hoe God klein kooltjies vuur laat ontstaan deur inisiatiewe en die beliggaming van menswaardigheid, dikwels op verrassende maniere en op onverwagse plekke. Ons glo dat dit die manier is waarop God die kerk en samelewing vernuwe en transformeer. Dit is nie iets wat beplan en dan uitgevoer word nie. Dit is eerder 'n beweging met 'n gemeenskaplike doel. Die diversiteit van ons kontekste maak dit baie moeilik om algemene terugvoer te gee en om te bepaal wat die werklike impak van die Seisoen is. Ons het ook geleer dat verskillende kontekste vra na verskillende strategieë, produkte, beklemtonings en tydsberekening.

Taakspanlede het hulleself verbind tot die bevordering van menswaardigheid in elke sinode deur:

- Die skep van bewussyn oor prominente sake wat die waardigheid van mense raak, byvoorbeeld ekologiese bewussyn, armoede, rassediskriminasie, siekte, gestremdheid, geweld teen vroue en kinders, ens.
- Uitnooi van mense om deel te neem aan gesprek en nadenke oor sake wat menswaardigheid raak.
- Bevordering van intensionele praktyke in die kerk wat mense sal uitnooi om grense oor te steek, om ruimhartigheid uit te leef, om die menslikheid van ander te beleef en om hulleself bloot te stel aan randfigure soos bejaardes, gestremdes, armes, siekes, ens.
- Die teologie van die beeld van God – mense as beelddraers van God – sentraal te hou.
- Die navolging van Jesus se voorbeeld as iemand wat mense met waardigheid en respek hanteer het, grense oorgesteek het, mense liefgehad het, na hulle geluister en hulle omarm het, veral diegene op die rande van die samelewing. Jesus het 'n nuwe menswees kom moontlik maak.
- Die Belydenis van Belhar te erken as belangrike katalisator vir die kerk se hersiening van mense se waardigheid.
- Die Seisoen van Menswaardigheid te bevorder as beweging wat die kerk help om 'n kontekstueel-relevante teologie en bediening te ontwikkel.

6.3.4 AANBEVELING VAN DIE BESTUUR

Tydens die vergadering van die bestuur van die Seisoen in Februarie 2019 is daar besluit dat die huidige strukture nie meer die mees effektiewe manier is om menswaardigheid te bevorder nie. Terselfdertyd is daar deeglik besin oor die stand van sake in ons samelewing ten opsigte van die sewe fokusareas van die Seisoen en is daar beklemtoon dat die kerk juis nou in elkeen van daardie areas dringend geroep word om 'n verskil te maak. Die bestuur van die Seisoen van Menswaardigheid maak nou die volgende aanbevelings aan die leierskap van die vier kerke:

6.3.4.1 Dat die nasionale taakspan en bestuurspan ontbind.

6.3.4.2 'n konferensie gereël word waar kundiges se insette verkry word tov die sewe fokusareas van die Seisoen van Menswaardigheid en dat daar by die konferensie persone geïdentifiseer word wat die kundigheid en passie het om 'n netwerk te vorm ten einde die fokusarea wat hulle verteenwoordig te bevorder in die onderskeie kerke en sinodes.

6.3.4.3 die nuwe netwerk of span besluit oor maniere waarop die kerk gedien kan word en besin oor die naam van die beweging.

Die bostaande voorstel moet hanteer word tydens die volgende gesamentlike vergadering van die moderature van die vier susterskerke.

7. PUBLIEKE GETUIENIS – INLEIDING

Een van die funksies van die Algemene Sinode in terme van Artikel 43 van die Kerkorde is publieke getuienis. Histories beteken die uitdrukking "gereformeerd volgens God se Woord" dat die kerk met haar lewenswandel en getuienis die publieke lewe ten goede sal beïnvloed. Reg verstaan, is die kerk nie kerk nie as dit nie 'n publieke getuienis het nie. Wat hier volg is 'n verslag oor hoe die Algemene Sinode sy getuienismandaat uitgevoer het in die publieke sfeer.

7.1 PARLEMENTÊRE VOORLEGGINGS

'n Aantal skriftelike voorleggings is deur die algemene sekretaris en moderatuur aan parlementêre komitees gedoen.

7.1.1 GODSDIENS IN SKOLE

Die *Organisasie vir Godsdienste – Onderrig en Demokrasie* het ses skole met 'n aansoek voor die hof gedaag oor die beweerde ongrondwetlikheid van dié skole se godsdiensbeleide en die toepassing daarvan.

Die NG Kerk het deelgeneem aan die openbare gesprek oor die aangeleentheid en sterk betoog dat die reg van beheerliggame van skole om hulle eie godsdiensbeleid te bepaal nie aangetas mag word nie, in ag genome die voorwaardes wat deur die Konstitusie bepaal word.

Die ASM het besluit dat die Algemene Sinode nie op sy eie as *amicus curiae* tot die hofsaak oor godsdiensbeoefening in skoolverband sal toetree nie, maar dat verdere oorweging daaraan geskenk sal word indien die gereformeerde kerke in die land sáám of een van die ekumeniese liggame waarvan die NG Kerk lid is, dit wil doen.

Die hofuitspraak het bevestig dat:

1. 'n Openbare skool aan die onmiddellike gemeenskap, waarbinne die skool geleë is, behoort.
2. Die skool se beheerliggaam verteenwoordigend van die breër skoolgemeenskap is en dat ooreenkomstig die Grondwet (artikel 15b) en die Skolewet (artikel 7) hulle die gesag het om besluite te neem rakende belangrike aspekte soos 'n skool se taal- en toelatingsbeleid en ook hoe godsdiens by die skool beoefen word.
3. Die hof bevestig verder dat die Nasionale Beleid oor Godsdiens en Onderwys nie afdwingbare reëls daarstel nie, maar eerder 'n belangrike dokument is wat riglyne verskaf oor godsdiens in onderwys.
4. Die hof die plek van godsdiens in die publieke sfeer bevestig.

7.1.2 DIE NG KERK HET OOK KOMMENTAAR GELEWER OP *THE DRAFT BASIC EDUCATION LAWS AMENDMENT BILL, 13 OCTOBER 2017*. (BYLAAG 3, p 86)

Die dokument het die wysiging van die SA Skolewet van 1996 voorgestel deur die magte van skoolbeheerliggame totaal te hersien en te verminder. Daar is ook voorgestel dat die belangrikste verantwoordelikhede van ouergemeenskappe na die staat oorgeplaas word. 'n Voorlegging is deur die algemene sekretaris aan die portefeuljekomitee van die parlement in hierdie verband gedoen.

Die algemene sekretaris gee jaarliks 'n verslag oor die stand van die onderwys en gemeentes word uitgenooi om deel te neem aan die Biddag vir Onderwys.

7.1.3 DIE NG KERK LEWER KOMMENTAAR OP DIE *COMBATING OF HATE CRIMES AND HATE SPEECH BILL.* (BYLAAG 4, p 92)

Minister Michael Masutha het op 24 Oktober 2016 beoogde wetgewing rondom "haatmisdaad" en "haatspraak" aangekondig. Die doel van beoogde wetgewing volgens die minister is: "*The recent racist utterances and many other incidents of vicious crimes perpetrated under the influence of racial hate, despite our efforts over the past two decades to build our new nation on these values, has necessitated further measures to uproot this scourge which is reminiscent of our unenviable apartheid past"*. Die konsepwetsontwerp moet uitvoering gee aan die regering se verpligtinge, in terme van die Grondwet, naamlik om gelyke regte te reguleer en diskriminasie te verbied, deur oortredings van "haatmisdaad" en "haatspraak".

Die beoogde konsepwetsontwerp het egter veel verder gegaan as wat in die Grondwet bepaal word. Enige kommunikasie, in sy wydste omvang, wat ’n bepaalde persoon of groep kon laat aanstoot neem, kon volgens die voorgestelde wetsontwerp inkriminerend wees. Terwyl die NG Kerk waardering gehad het vir die aanspreek van “haatmisdaad” en “haatspraak” is bekommernis oor die breë omskrywing daarvan in die voorgestelde wetgewing uitgespreek. Die breë omskrywing kon bepaalde geloofsuitsprake deur die kerk of individue in geding plaas. Huidige wette teen “haatspraak” in Suid-Afrika blyk voldoende te wees, en bykomende wetgewing in hierdie verband is oordadig. Die implementering van hierdie voorgestelde wetgewing sou ook indruis teen ander regte wat deur die Grondwet beskerm word, byvoorbeeld die vryheid van spraak en die vryheid van godsdiens.

Die NG Kerk het met die adjunkminister van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling, John Jeffery, in gesprek getree en ook uitvoerig kommentaar gelewer op die eerste voorgestelde konsepwetsontwerp. Dit blyk dat dié pogings deur die kerk ’n bydrae gelewer het tot ’n meer bevredigende voorgestelde wetsontwerp. Die nuutste gewysigde voorgestelde wetsontwerp bevat ’n bepaling wat *bona fide* godsdienssienings uitdruklik uitsluit van die bepalings oor haatspraak. Dit lees soos volg:
(d) the bona fide interpretation and proselytising or espousing of any religious tenet, belief, teaching, doctrine or writings, to the extent that such interpretation and proselytisation does not advocate hatred that constitutes incitement to cause harm, based on one or more of the grounds referred to in subsection (1)(a).

Die kerk is egter steeds bekommerd oor die wyse waarop minder ernstige vorme van haatspraak deur die voorgestelde wetsontwerp aangespreek word. In die lig daarvan het die NG Kerk ook op die nuutste voorstelle kommentaar gelewer.

7.1.4 DIE BESKERMING VAN MENSE TEEN GODSDIENSTIGE MISBRUIKE (BYLAAG 5, p 123)

Die regulering van godsdiens, soos voorgestel deur die *Commission for the Promotion and Protection of the Rights of Cultural, Religious and Linguistic Communities* (CRL), het die afgelope vier jaar beroeringe in godsdienstige kringe veroorsaak. Daar was in godsdienstige kringe ’n duidelike verdeling van opinie oor die voorgestelde wetgewing oor die regulering van godsdienste en kerke. Selfs tussen die lidkerke van die SARK was daar denominasies wie se opinies reg teenoor mekaar gestaan het. Die NG Kerk se bydrae was, in sy betoog teen die regulering van godsdiens, om ’n gedragskode voor te stel vir gebruik deur godsdienstige groepe. Die debat rondom regulering die afgelope tyd is redelik op die spits gedryf deur ’n *National Summit for Religious and Church Leaders* wat op 13 Februarie 2019 te Rhema gehou is. Die beraad is deur die CRL en Rhema georganiseer. Hierdie beraad is deur sowat 800 kerk- en godsdienstige leiers bygewoon. Voor die beraad is ’n besoek deur die algemene sekretaris en prof Pieter Coertzen aan pastoor Giet Khoza gebring, wat namens pastoor Ray McCauley verantwoordelik vir die reël en inrigting van die beraad was. ’n Sterk argument vir selfregulering en die gebruik van ’n gedragskode is tydens die ontmoeting deur die algemene sekretaris aangevoer.

Die *National Summit for Religious and Church Leaders* het begin met ’n robuuste gesprek, met besware en kritiek op die proses wat gelei het tot die beraad. Verskeie vrae en bekommernisse is gestel oor die gebrek aan inklusiwiteit van diegene wat genooi is na die beraad, die opstel van die agenda (wat saam met ander dokumente net die aand voor die beraad aan afgevaardigdes gestuur is) en die verwagte uitkomste. Die rol van pastoor McCauley en die feit dat dit by Rhema plaasgevind het, is ook aangespreek.

Nadat bekommernisse van verskeie leiers gehoor is, het die vergadering in verskillende groepe verdeel vir tematiese besprekings rondom: struktuur, proses en inhoud; die regs- en grondwetlike raamwerk; gedragskode en beste praktyke; verantwoordbaarheidstelsels vir die samelewing en onsself; asook die ontwikkeling van ’n gesonde werksverhouding tussen die godsdienssektor en die CRL. Die algemene sekretaris het hierdie sessie gefasiliteer.

Die belangrikste uitkoms van die beraad was dat dit die begin is van ’n langer proses wat oor die volgende paar maande moet ontvou. Die proses sal so inklusief moontlik wees, met breë konsultasie met godsdiensleiers op plaaslike, provinsiale en nasionale vlak, met die oog daarop om te verseker dat oplossings vir die geïdentifiseerde aangeleenthede deur die godsdiensgemeenskap ontwikkel word. Hierdie oplossings sal waarskynlik ’n gedragskode vir godsdiensleiers insluit. Die beraad het eenparig ooreengekom dat staatsregulering van godsdiens nie ’n opsie is nie. Dit was ook in ooreenstemming

met die aanbeveling van die Parlementêre Portefeuljekomitee se verslag wat in Februarie 2018 uitgereik is.

'n Verdere belangrike uitkoms van die beraad was die oorweldigende konsensus dat dit onvanpas en onaanvaarbaar is dat die CRL-kommissie vir die kerk wil dikteer hoe om sy sake te reguleer. Die beraad het besluit dat die CRL voortaan uitgesluit word van die proses sodat die kerk self die geleentheid kan kry om eienaarskap te neem en die nodige oplossings te ontwikkel sonder onnodige inmenging. Die doelwit is dat hierdie proses sal uitloop op 'n verdere beraad in Oktober 2019.

Op 25-26 Februarie 2019 is 'n *National Consultative Conference* (NCC) deur die CRL by die St George's Hotel in Pretoria gehou. Die doel van die NCC is om aan die CRL geleentheid te gee om oor hulle aktiwiteite die afgelope vyf jaar verslag te doen, asook van wat die CRL se agenda vir die volgende vyf jaar sal wees.

7.1.5 GRONDHERVORMING (BYLAAG 6, p 126 & BYLAAG 7, p 129)

7.1.5.1 Die taakspan vir Grondhervorming het vergader. Tydens die vergadering is opdrag aan die algemene sekretaris gegee om 'n dokument te formuleer wat duidelik die kerk se beleid rondom grond en grondhervorming uiteensit.

7.1.5.2 Gesprekke met AgriSA het op 'n gereelde basis plaasgevind. Die algemene sekretaris is ook uitgenooi na die Bela-Bela beraad van AgriSA, asook 'n gesprek wat tussen AgriSA en die ANC plaasgevind het. Tydens 'n byeenkoms in Desember 2018 wat gereël is deur die Motsepe Foundation het die president van AgriSA en die algemene sekretaris onderskeidelik namens die landbou en die kerk boodskappe van versoening gebring. Die geleentheid het saamgeval met die feesviering rondom die honderdjarige geboortedagherdenking van Nelson Mandela in die Orlandostadium en is deur tagtigduisend mense bygewoon.

AgriSA en die NG Kerk, verteenwoordig deur ds Tewie Pieters van Coligny, het nou saamgewerk om die spanning en verdeeldheid in Coligny, onder meer oor grond, die hoof te bied.

Die algemene sekretaris het op uitnodiging van AgriSA-Noordwes in Rustenburg deelgeneem aan 'n byeenkoms wat gehandel het oor grondhervorming en die uitdagings van die gemeenskap rondom onderwys, werkloosheid en korrupsie.

Die algemene sekretaris het, op uitnodiging van AgriSA, deelgeneem aan 'n publikasie met die oog op dagstukkies vir boere.

7.1.5.3 Die verhoudinge van die NG Kerk met die TLU het nie dieselfde dinamika as dié met AgriSA nie. Besoeke is aan die TLU gebring om moontlikhede rondom samewerking te ondersoek, maar dit het uiteindelik nie gerealiseer nie. Die TLU se president het ook sy ongemak uitgespreek oor die standpunt van die NG Kerk rondom grondhervorming.

7.1.5.4 Gesprekke en geleenthede met ander belanghebbers rondom grondhervorming het plaasgevind met oa mnr Roelf Meyer. 'n Geleentheid wat deur Gibbs-sakeskool oor twee dae gereël is, is bygewoon. By dié geleentheid het vier regeringsministers met belangrike rolspelers uit die landbou- en sakesektore in gesprek getree oor grondhervorming. Die algemene sekretaris het ook 'n byeenkoms *Christ-centered National Land Summit (Agriculture and Mining)* op 28 Feb tot 1 Mrt 2019 bygewoon. Die tema van dié geleentheid was *Alternative and radical kingdom solutions to land reform and rural systemic poverty*.

7.1.5.5 KONFERENSIE OOR TITELAKTES

'n Konferensie oor titelaktes is op 3 Maart 2017 in Kaapstad gehou. Die NG Kerk en die *Institute for Justice and Reconciliation (IJR)* was die gesamentlike aanbieders. Die konferensie is toegespreek deur onder meer dr Deon Snyman van *The Restitution Foundation*, ds Nelis Janse van Rensburg, dr Stan Henkeman (IJR), Christina Teichmann van die Konrad Adenauer Stiftung, Neville Chainee van die Department van Menslike Nedersettings, prof Elmien du Plessis van die Regsfakulteit aan die Noordwes-Universiteit, prof Ben Cousins van PLAAS, Universiteit van Wes-Kaapland en Stefan Grobler van Volhoubare Voorstedelike Bestuur van die Stad Kaapstad. Ander persone wat teenwoordig was, is Patricia Matolongwe van die Victoria Mxenge Behuisingsprojek, Nyanisile Rolihlahla van die Khulumani

Support Group, dr Marje Jobson van die Khulumani Support Group, Frank van Zyl van die Breedevallei Munisipaliteit en Josette Cole van Mayenzeke.

Prof Francis Wilson van die Universiteit Kaapstad se Besigheidskool het as fasiliteerder opgetree. Die konferensie was besonder insiggewend. Die redes waarom titelaktes soms moeilik oordraagbaar is, is aangedui. Soms lê die probleem by die owerhede wat om ideologiese redes en ter wille van hulle houvas op gemeenskappe nie titelaktes oordra nie. In baie gevalle bied die huisbewoners egter weerstand uit vrees vir hoër belastings, 'n onvermoë om te bepaal op wie se naam die huis oorgedra moet word, of om ideologiese redes. Daar is tans goeie voorbeelde van regerings- en privaat inisiatiewe om titelaktes aan gemeenskappe oor te dra.

Die voorsitter en verteenwoordigers van die kerk het in 2016 met dr Christo Wiese in gesprek getree, aangesien hy aangedui het dat hy graag 'n inisiatief sal steun wat aan huisbewoners eienaarskap van hulle huise sal gee. Hy het reeds vroeër die titelaktes van staatshuise in Parys in die Vrystaat aan huisbewoners help oordra. Die positiewe impak op die ekonomie van die gemeenskap was duidelik. Daar het ook baie groter stabiliteit in die gemeenskap gekom.

Die feit dat die NG Kerk hierdie konferensie saam met IJR aangebied het, het baie waardering ontlok. Die kerk moet ook verstaan dat hy soms 'n funksie het om veilige ruimtes te skep waar mense vanuit uiteenlopende omstandighede saam kan wees. Dr Deon Snyman speel 'n groot rol om die NG Kerk te help om oor rasgrense uit te reik na mense en gemeenskappe.

7.2 GESPREKKE MET POLITIEKE LEIERS EN KULTURELE ORGANISASIES

7.2.1 FAK

Die voorsitter en die algemene sekretaris het op 21 Julie 2016 'n besoek gebring aan die Federasie vir Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK). Laasgenoemde is in die gesprek verteenwoordig deur prof Danie Goosen, voorsitter, en dr Danie Langer, uitvoerende hoof.

Die NG Kerk is ernstig oor die kontekste waarin sy lidmate leef. Die taalkonteks is daarom beslis nie onbelangrik vir die kerk nie. Tog definieer die NG Kerk sigself nie in terme van 'n bepaalde taalgemeenskap nie, maar kies dit eerder om verkondiger van die evangelie in alle tale en vir alle taalgemeenskappe te wees. Die gesprek met die verteenwoodigers van die FAK was verrykend en vrugbaar. Die NG Kerk se verbintenis tot die verryking en gebruik van Afrikaans as voertaal is herbevestig.

7.2.2 SOLIDARITEIT, AFRIFORUM, HELPENDE HAND

'n Afvaardiging van die moderatuur het die leiers van die Solidaiteitvakbond op 29 Januarie 2018 ontmoet. Solidariteit is verteenwoordig deur mnr Flip Buys en dr Dirk Hermann, mnr Kallie Kriel (Afriforum) en dr Danie Brink (Helpende Hand). Die NG Kerk se afvaardiging het bestaan uit die voorsitter, ondervoorsitter, algemene sekretaris, die aktuarius en Elize Bezuidenhout. Duisende van die kerk se lidmate is ook lede van dié vakbond en sy uitgebreide netwerk van organisasies. Die gesprek het in 'n baie goeie gees geskied. Daar is gesprek gevoer oor die rol van die kerk in die huidige samelewing, die NG Kerk se plek binne die ekumene en die voordele wat ons daaruit put om deel te neem aan openbare gesprekke, die verhouding van die kerk met Afrikaans, versoening en stereotipering, en die rol van Afrikaners om 'n bydrae te maak tot die opbou van ons land, hulp aan arm gemeenskappe en samewerking tussen die kerk en Helpende Hand. Dit is belangrik dat die getuienis van die kerk ook in hierdie geledere gehoor is. Dank is betuig vir die goeie werk wat Solidariteit doen. Die groepering is versoek om nie so op te tree dat dit persepsies skep dat Afrikaanse mense negatief is en nie wil bydra tot die opbou van ons land nie. Die kerk wil hande vat waar dit kan waarde toevoeg tot die diens wat aan die mense van Suid-Afrika behoort gelewer te word.

7.2.3 KHULUMANI SUPPORT GROUP

Die Khulumani Support Group is 'n groep van ongeveer 100 000 swart mense wat sedert die einde van apartheid aandring op restitusie ten opsigte van verlies en skade wat hulle opgedoen het vanweë apartheid. Die voorsitter en die algemene sekretaris het met die voormalige president van Khulumani Support Group, Sepho Madlingozi, en Marjorie Jobson vergader en die moontlikheid van 'n verhouding tussen die kerk en die groep bespreek. Daar is in latere gesprekke ooreengekom om 'n gesprek te hou waar tien verteenwoordigers van Khulumani en tien van die NG Kerk sou byeenkom om mekaar te leer ken.

Hierdie gesprek het plaasgevind op 26-27 September 2017 by die kantore van die Algemene Sinode in Hatfield, Pretoria. Daar het 'n diepgaande ontmoeting plaasgevind. Die wedersydse respek, begrip, deernis en omgee het almal diep geraak en wedersydse aannames totaal verander. Die getuienisse van die gesprek was sodanig dat almal besef het dat Suid-Afrikaners baie meer toegespitste tyd en aandag aan mekaar verskuldig is ten einde diepgaande aan mekaar verbonde te raak.

Verdere beplanning is later gedoen met die oog op gedesentraliseerde ontmoetings tussen lede van Khulumani en die NG Kerk. Intussen was daar reeds ontmoetings op plaaslike vlak en wel op Worcester en Klerksdorp.

Die simboliese waarde van die kerk se ontmoeting met die Khulumai Support Group was omvangryk. In swart geledere is dit as die ondenkbare gesien. Daar word voortgebou aan die verhouding met Khulumani Support Group.

Ongelukkig het Khulumani die afgelope twee jaar deur 'n leierskapstryd gegaan wat samewerking beperk. Khulumani en die NG Kerk is egter steeds verbind tot verdere samewerking.

7.2.4 EFF

'n Ontmoeting met die leierskap van die *Economic Freedom Fighters (EFF)* het plaasgevind op 19 Januarie 2018. Die EFF is verteenwoordig deur hulle sentrale komitee-voorsitter, adv Dali Mpofu, asook mnre Godrich Gardee (algemene sekretaris), Julius Malema (partyleier), Leigh-Ann Mathys (tesourier), Mbuyiseni Ndlozi (woordvoerder) en drie ander lede. Die NG Kerk is verteenwoordig deur die voorsitter, ondervoorsitter en algemene sekretaris. Die NG Kerk se afvaardiging het drie sake op die tafel geplaas, naamlik:

1. Nasionale versoening met spesifieke verwysing na rassisme en vooroordele.
2. Ekonomiese transformasie met spesifieke verwysing na onderwys en opleiding.
3. Grondhervorming met spesifieke verwysing na die gewilligheid van landbouers, waarvan baie ons lidmate is, om deel te neem aan grondhervormingsaksies. Landelike veiligheid en plaasmoorde, asook politieke leiers se verantwoordelikheid in dié verband, is sterk geopper.

Die gesprek het in 'n gees van wedersydse respek plaasgevind. Die NG Kerk se getuienis was helder en duidelik en het die rol van Christene in die land, ook met verwysing na die rol van die SARK waarvan ons 'n lid is, op soek na 'n beter toekoms vir almal, beklemtoon. Ons kon ook saam met hulle bid vir ons land en vir hulle rol. Adv Mpofu het die NG Kerk genooi om weer met hulle in gesprek te tree indien omstandighede dit sou vereis.

7.2.5 VRYHEIDSFRONT+

Die voorsitter en die algemene sekretaris het mnr Pieter Groenewald (partyleier) en dr Corné Mulder gedurende 2018 by die parlement in Kaapstad ontmoet. 'n Baie indringende gesprek is gevoer oor die toestand in die land. Die gespek het ook gehandel oor die vervreemding tussen die mense van die land wat dikwels deur politici aangeblaas word ter wille van politieke gewin. Die voorgestelde wetgewing oor beheermaatreëls oor godsdienstige praktyke is ook bespreek. Die toewyding en die oortuiging van die verteenwoordigers van die Vryheidsfront+ was inspirerend.

7.2.6 GESPREK MET DIE REGERING

Herhaaldelike pogings om met die regering in gesprek te tree het misluk. By drie geleenthede is daar met adjunkminister Fatima Chonan van die Departement Binnelandse Sake gesprek gevoer. Die inhoud van die gesprekke het gehandel oor die implikasies van konsep huwelikswetgewing, asook die wyse waarop die NG Kerk moet registreer om selfdegeslagverbintenisse te kan voltrek. Die algemene sekretaris het ook 'n gesprek tussen die adjunkminister en ander kerke gefasiliteer.

Daar is ook met die adjunkminister John Jefferey van die Departement Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling in gesprek getree oor kommer wat die NG Kerk het oor voorgenome wetgewing rondom haatspraak. 'n Brief van ondersteuning is aan minister Pravin Gordhan geskryf ter ondersteuning in die tyd toe hy onder druk was van die Zuma-regering.

President Cyril Ramaphosa is by twee geleenthede gelukgewens met sy verkiesing as staatshoof by wyse van 'n skrywe deur die algemene sekretaris. Die algemene sekretaris het ook op uitnodiging die president se inhuldiging bygewoon.

7.2.7 DEELNAME AAN DIE 2019 NASIONALE EN PROVINSIALE VERKIESINGS

Die NG Kerk is uitgenooi na die bekendstelling van die nasionale en provinsiale verkiesingsprosesse wat op 10 Januarie 2019 te Gallagher plaasgevind het. Die NG Kerk was benewens die SARK die enigste kerklike verteenwoordigers by dié geleentheid.

7.3 KWESSIES WAT DIE REAKSIE VAN DIE KERK GEREGVERDIG HET

7.3.1 ISRAEL/PALESTINA

Die SARK het besluit om ’n afvaardiging te stuur na Israel/Palestina (14-23 Junie 2017) om hulleself te vergewis van die konflik en spanning in dié land en hoe dit die Christengemeenskap in Palestina affekteer. Die Wêreldraad van Kerke (WRK) het ook ’n spesiale konsultasie met die Palestynse Christene in Bethlehem (Beit Sahor) gehou waarheen ’n afvaardiging van die SARK genooi is. Hierdie konsultasie het plaasgevind op 20-22 Junie 2017. Die voorsitter van die ASM is versoek om die besoeke mee te maak. Sy kostes is betaal deur die WRK.

Dit was in 2017 69 jaar sedert die totstandkoming van die Staat van Israel. Die skepping van dié staat het tot gevolg gehad dat 750 000 Palestynse vlugtelinge hulle land moes verlaat. Dit is ook vanjaar 50 jaar sedert die aanvang van die Israeli-besetting van die Wesbank, Gaza en Oos-Jerusalem. Die gebiede word sedertdien deur middel van militêre wet geregeer.

7.3.1.1 CHRISTENE IN PALESTINA

Tydens die besoek van die SARK-afvaardiging het dit duidelik geblyk dat die teenwoordigheid van Christene in Palestynse gebiede en in Israel in die geheel onder groot bedreiging is. Palestynse Christene beleef onhoudbare druk omdat hulle as Christene nie altyd deur Palestyne goed geakkommodeer word nie, maar as Palestyne ook die afkeur en druk van die Staat van Israel moet verduur. Dit blyk dat baie Christene oor die afgelope aantal jare die land verlaat het. Hierdie situasie het krisisafmetings begin aanneem en het nou ’n punt bereik waar die voortsetting van die teenwoordigheid van Christene in die land ’n punt van finale beslissing bereik het. Die *National Coalition of Christian Organizations in Palestine (NCCOP)* het op 12 Junie 2017 ’n ope brief aan die WRK en die ekumeniese beweging gestuur waarin hulle ’n pleidooi lewer vir internasionale ingryping en hulp om die onderdrukking van die mense van Palestina te stop.

7.3.1.2 DIE KERK IN DIE WESBANK

Die SARK-afvaardiging het tydens sy besoek verskeie Christelike kerke en groepe in die Wesbank besoek. ’n Sondagerediens is bygewoon van die Evangeliese Lutherse Kerk in Beit Sahour. Besoeke is ook gebring aan Jerusalem, Bethlehem, Nasaret, die Crimesan-vallei, Ramalah, Hebron, Yanun en Lubia. Laasgenoemde is ’n Arabiese dorpie wat in 1984 deur die Israeliese militêre magte verwoes is. Daar is nou ’n dennebos geplant om die laaste oorblyfsels van die dorpie te versteek. Dit is gedoen met die finansiële hulp van Suid-Afrikaanse Jode. Die plek staan nou bekend as The South African Forest. Die Suid-Afrikaanse landsvlag word ironies genoeg op die inligtingsborde vertoon.

Die afvaardiging het bewus geword van die geweldige druk waaronder die Palestynse bevolking verkeer. Hulle grond in die Wesbank word stelselmatig vervreem deur die uitbreiding van die sogenaamde “*settlements*”. Beweging in die land is vir Palestyne uiters beperk. Daar is gebiede waar hulle glad nie sonder ’n spesiale permit mag kom nie. Hulle motors word deur die kleur van hulle nommerplate geïdentifiseer. Dwarsdeur die Wesbank word voortgebou aan mure wat die Palestynse gebiede afsper en inkrimp. Deurgang deur die mure word streng beheer deur kontrolepunte waar hulle soms ure staan en wag vir deurlating. Ook hulle beweging na die buiteland is beperk en hulle kan glad nie van die Ben Gurion-lughawe in Tel Aviv gebruik maak nie.

7.3.1.3 PALESTYNSE VERSET

Die afvaardiging is bewus gemaak van die Palestyne se verset en die wyse waarop dit die spanning in die land verhoog. Palestynse burgers is beslis nie onskuldig in hulle verset teen die sisteem nie. ’n Voorval by die Al Aqsa Moskee in Jerusalem is ’n goeie voorbeeld hiervan. Op 14 Julie 2017 het drie Israeliese Arabiere (Palestyne) twee Israeliese polisiebeamptes vermoor by die ingang na die gebied. Die Israeli’s het hierna metaalverklikkers aangebring by die ingang na die gebied. Die gevolge hiervan het selfs internasionale dimensies aangeneem. Die Israeli’s het na baie groot internasionale en binnelandse druk die toegangsbeheer verwyder.

7.3.1.4 CHRISTEN-SIONISME

Die rol van baie Christene wêreldwyd ten aansien van die situasie in Israel moet tans bevraagteken word. Christen-Sionisme huldig die oortuiging dat die skepping van die Staat van Israel en die terugkeer van Jode na Palestina in 1948 die uitkoms is van die profesieë van die Ou Testament. Die Staat Israel is baie afhanklik van internasionale ondersteuning en leun swaar op die steun van Christen-Sioniste, veral in Amerika, maar ook elders in die wêreld.

7.3.1.5 WÊRELDRAAD VAN KERKE (WRK)

Die WRK het 'n moniteringsprogram, die sg. *Ecumenical Accompaniment Programme in Palestine and Israel (WCC-EAPPI)* in bedryf gestel. Hierdie program is in 2002 tot stand gebring op grond van 'n versoek van plaaslike kerkleiers dat internasionale teenwoordigheid nodig is om die doen en late van die militêre regering te monitor. Die EAPPI-program werf mense in 21 lande om vir 'n tydperk van drie maande as monitors in Israel/Palestina te gaan werk. Al die inligting van insidente van magsmisbruik en verset word aan die WRK se span in Genève gestuur.

The Palestine Israel Ecumenical Forum (PIEF) is deur die WRK in 2007 geloods om as katalisator en koördineerder te dien om nuwe en bestaande kerklike bedinging vir vrede te bevorder. Dit beywer sigself ook vir die beëindiging van die onwettige besetting van Palestynse gebiede in ooreenstemming met die Verenigde Nasies se besluite, en demonstreer die WRK se verbintenis tot interreligieuse aksie vir vrede en geregtigheid vir al die mense van die streek.

7.3.1.6 DIE WORLD COMMUNION OF REFORMED CHURCHES (WGGK)

Die uitroep van die Palestynse Christene, soos verwoord in hulle ope brief aan die WRK en die ekumeniese beweging, is baie ernstig geneem. Die WGGK het vervolgens tydens sy vergadering in Leipzig 'n aantal besluite geneem met betrekking tot die situasie van die Christene in Palestina:

"The General Council

1. *Affirms that with respect to the situation of injustice and suffering that exists in Palestine, and the cry of the Palestinian Christian Community, that the integrity of Christian faith and praxis is at stake.*
2. *Instructs the General Secretary to initiate a programme to:*
    - *Collect studies and materials that speak to the cry of the Palestinian people, and try to transform the conflict to make it a just and peaceful society and make them available to member churches.*
    - *Undertake study and discernment, using the resources available from member churches and the ecumenical movement, regarding theology hat has been employed to legitimize the oppression of the Palestinian people, recognizing that such a study might result in the need for prophetic action.*
3. *Instructs the Executive Committee, with the Secretariat, to respond (before the end of 2017) to the letter of June 21, 2017 from the National Coalition of Christian Organizations in Palestine indicating what actions can be taken in response to their cry for costly solidarity.*
4. *Encourages member churches to examine their mission, education and investment in relationships with Israel and Palestine in light of the witness of Palestinian Christians and to respond as they understand the Reformed Communion's fundamental commitments to human rights and the protection of international law.*
5. *Instructs the Executive Committee to encourage and support (with practical help from member churches) delegations to visit the region to connect with the present day Christian community – the "living stones" – of the Holy Land, to witness their situation and express support for their desires for freedom and self-determination.*
6. *Encourages the Executive Committee to seek to strengthen initiatives for dialogues, civil peace services, mediation, conflict prevention and transformation."*

7.3.1.7 DIE ASM IS OP SY VERGADERING VAN 11-13 SEPTEMBER 2017 BEDIEN MET 'N VERSLAG EN HET VERVOLGENS DIE ONDERSTAANDE BESLUIT GENEEM:

"*Die ASM*

1. *spreek sy kommer uit oor die verkleinende Christengemeenskap in Israel.*
2. *spreek hom ten sterkste uit teen alle vorme van onreg in Israel/Palestina waar mense se menswaardigheid in gedrang kom en waar hulle lewe geneem of bedreig word.*
3. *moedig besoekers aan Israel aan om die Christene van Israel/Palestina te besoek, hulle te bemoedig en vir hulle te bid."*

Goeie verhoudings word gehandhaaf met die Joodse gemeenskap in Suid-Afrika.

7.3.2 BRIEF AAN MNR PRAVIN GORDHAN

Die destydse minister van finansies, mnr Pravin Gordhan, het in Mei 2016 'n oproep op die breë Suid-Afrikaanse gemeenskap gedoen om hom te ondersteun in sy weerstand teen diegene wat nie die waardes en die bedoelinge van die Grondwet en skoon regering ondersteun nie. Dit was duidelik dat hy onder geweldige politieke druk verkeer het en hom om dié rede tot die publiek gewend het.

Die moderatuur het vervolgens op 19 Mei 2016 'n brief aan hom geskryf waarin daar steun vir sy standpunte oor skoon regering en gesonde regeringspraktyke toegesê is. Hierdie brief het ongekende belangstelling en steun in die sosiale media ontlok. Mnr Gordhan het via adjunkminister Gert Oosthuizen sy dank en waardering betuig.

7.3.3 BRIEF AAN GEMEENTES OOR RASSISME (BYLAAG 8, p 141)

Die moderatuur was aan die begin van 2016 baie besorg oor die wyse waarop lidmate dikwels in rassistiese voorvalle betrek is. Die kwessie het telkens soveel emosies en ontwrigting ontlok dat dit die moderatuur genoop het om perspektiewe daarop te bied in 'n skrywe aan gemeentes gedateer 21 Januarie 2016. Die brief is oorwegend positief ontvang deur lidmate.

7.3.4 PASTORALE BRIEF (BYLAAG 9, p 143)

Die moderatuur van die Algemene Sinode het op 1 Maart 2016 'n pastorale brief binne die NG Kerk versprei. Suid-Afrika was ekonomies, en in terme van leierskap, op 'n baie broos plek. Ons lidmate het swaargekry om aan te pas by die onsekerheid en die politieke en ekonomiese ontwrigting. Die brief is goed ontvang.

7.4 PUBLIEKE KWESSIES WAARAAN AANDAG GEGEE IS

7.4.1 GESPREK OOR DIE EKONOMIE (BYLAAG 10, p 146)

Die ASM het besluit om in aansluiting by die SARK se program *"The South Africa We Pray For*" 'n konferensie van ekonome te hou met die oog daarop om in die NG Kerk 'n gesprek op gang te kry oor die gaping tussen rykdom en armoede in Suid-Afrika. Hierdie konferensie het plaasgevind op 15 Augustus 2016. Dit is gehou in die ouditorium van die Sanlam-hoofgebou in Sandton. Die volgende ekonome het die gesprek bygewoon: dr Johan van Zyl, voorheen van UP en uitvoerende hoof van Sanlam en tans uitvoerende hoof van African Rainbow Capital, mnr Moeletsi Mbeki, 'n politieke analis, voorsitter van KMM Investments (Pty) Ltd, KMM Review Publishing (Pty) Ltd en direkteur van talle ander maatskappye, mnr Dawie Klopper, 'n beleggingsekonoom en portfoliobestuurder by PSG Wealth en 'n lid van die ASM, dr Renier Koegelenberg, besturende direkteur van die Cape Development and Dialoque Centre Trust en uitvoerende direkteur van die EFSA Instituut vir Teologiese en Interdissiplinêre Navorsing (Hy is ook die uitvoerende direkteur van die National Religious Association for Social Development), prof Francis Wilson, vir 40 jaar dosent aan die Universiteit van Kaapstad en later hoof van die Besigheidskool van die Universiteit Kaapstad, prof Stan du Plessis, dekaan van die Fakulteit Ekonomie en Bestuurswetenskappe aan die Universiteit van Stellenbosch, rev Moss Nthla, 'n evangeliese leier en algemene sekretaris van die Evangelical Alliance of South Africa. Prof Piet Naudé, hoof van die Universiteit Stellenbosch se Bestuurskool en voormalige voorsitter van die NG Kerk in Oos-Kaapland, het as gespreksfasiliteerder opgetree.

'n Omvattende gesprek is deur die ekonome gevoer oor die oorsake vir die groot gaping tussen ryk en arm in Suid-Afrika. 'n Verskeidenheid van perspektiewe is aan die orde gestel. Die rol wat die kerk kan speel in die aanspreek van mense se ontwikkeling is onder die soeklig geplaas. Daar was konsensus dat die kerk inderdaad 'n baie groot rol het om te speel en dit veral op twee vlakke, naamlik vroeëkinderontwikkeling en onderwys.

Die gesprek is ook bygewoon deur verteenwoordigers van die onderskeie sinodes van die NG Kerk, asook die voorsitter en die algemene sekretaris. Op 16 Augustus het laasgenoemde kerklui o.l.v. dr Renier Koegelenberg, die gesprek van die 15de gedekonstrueer en besin oor prosesse wat die NG Kerk kan benut met die oog op die herstel van ons land se ekonomie en die florering van die mense van Suid-Afrika.

Die inisiatief is verder geneem deur dr Pieter van der Walt, Predikant in Sinodale Diens: Navorsing, in diens van die Algemene Sinode en die NG Kerk in Wes-Kaapland.

7.4.2 OMGEWING

Die kerk moet haar heroriënteer tot ’n identiteit van eienaarskapsaanvaarding vir die huishouding van God. In dié opsig moet die kerk wees wat dit is. In terme van haar diens aan God lê die versorging van armes, die spaar van water en energie, die optel van papier op dieselfde vlak. Alles is ten diepste deel van ’n godsdienstige lewe. Die boodskap wat voortdurend moet tuiskom, is dat dit gaan om die hele huishouding van God. Om diere te help, minder plastiek te gebruik en kinderhuise te besoek, het alles met mekaar te doen. Die Taakspan Ekologie lewer volledig verslag oor hulle werksaamhede. (Sien verslag oor Ekologie, p 304).

7.4.2.1 KERNKRAG

As lid van SAFCEI het die NG Kerk die organisasie se veldtog teen die ontwikkeling van kernkrag as alternatiewe energiebron ondersteun. SAFCEI was verantwoordelik dat ’n interdik verkry is teen die regering se voorgenome duur onderhandelings met Rosatom van Rusland om kernkrag as energiebron uit te brei.

7.4.2.2 DROOGTES EN RAMPE

Gedurende die geweldige droogte in 2016 het die algemene sekretaris en ds Leon Venter, toe PSD van die Sinode van Wes-Kaapland, droogtehulp gekoördineer. Predikante het gehelp om nood te identifiseer en het dan fondse aangevra. ’n Spesiale biddag is ook gehou waarby van die kerk se ekumeniese vennote betrokke was. Gedurende hierde tyd is daar op ’n besondere manier met AgriSA saamgewerk.

Die moderatuur het kennis geneem van verskeie versoeke die afgelope termyn dat leiding geneem word met die oog op voorbidding vir reën vir droogtegeteisterde gebiede. Gemeentes is versoek om op Sondag 2 Oktober 2017 moeite te doen om te bid vir uitkoms vir die gebiede waar dit nie reën nie. Gemeentes is ook versoek om 2 September 2018 in te rig as ’n dankdag vir reën.

Interkerklike gebedsgeleenthede met die oog op die droogte is ook gereël in samewerking met die TKR en ook lidkerke van die SARK.

Die ASM het in September 2018 besluit om ’n Algemene Sinodale Rampfonds te aktiveer sodat onderlinge hulp beter bestuur en geadministreer kan word en verder gereik kan word met die omgee en sorg van die kerk. Die bedryfspan het ’n protokol goedgekeur vir ’n proses waarvolgens aansoek gedoen kan word vir droogtehulp.

7.4.2.3 KORRUPSIE: THE NATIONAL ANTI-CORRUPTION STRATEGY (NACS)

Korrupsie is ’n endemiese probleem in Suid-Afrika. Dit ondermyn die demokrasie, sosio-ekonomiese ontwikkeling, en beleggingsvertroue in ons land. Korrupsie vind plaas in sowel die privaat as die publieke sektor. Om die rede is daar ’n behoefte aan ’n omvattende anti-korrupsiestrategie, wat pogings oor die hele spektrum kan koördineer om ’n korrupsievrye Suid-Afrika te verseker. Die ideaal is om ’n gemeenskap tot stand te bring waar sleutelwaardes soos integriteit, deursigtigheid en verantwoordbaarheid die gedrag van alle burgers van die land bepaal.

Suid-Afrika het die Verenigde Nasies se *Convention against Corruption,* die Afrika-unie se *Convention on Preventing and Combating Corruption* en Suidelike-Afrika se *Development Community Protocol against Corruption* onderteken en is dus verbind tot die bekamping van korrupsie. ’n Nasionale strategie teen korrupsie is nodig om hierdie verbintenisse te eerbiedig. ’n Nasionale strategie alleen is egter nie voldoende nie en ’n duidelike implementeringsplan is noodsaaklik. Dit benodig verder ’n moniterings-, evaluasie- en rapporterende raamwerk wat moet verseker dat alle partye en sektore betrek word en ’n aktiewe rol speel.

Die algemene sekretaris is, as verteenwoordiger van die godsdienssektor, deur die Departement Kommunikasie en Inligting genooi om deel te neem aan hierdie proses. Die eerste rondte van gesprek waartydens insette gevra is oor die inhoud van die strategie, het op 29 November 2018 plaasgevind. Dit is ’n voortgaande proses waarby die NG Kerk betrokke sal wees tot die finalisering van die strategie.

7.4.3 VROEËKINDONTWIKKELING

Die Algemene Sinode van 2015 het deeglik kennis geneem van die belangrike rol wat vroeëkinderontwikkeling kan speel as intervensie in die lande se armoedesiklus. Daar is trouens reeds in 2015 besluit om gemeentes en sinodes aan te moedig om by ’n beweging vir vroeëkinderontwikkeling betrokke te raak. Hierdie oortuiging is versterk deur die geprek oor die ekonomie wat op 15 Augustus 2016 gehou is in Sandton. Die verslag van die Hugenote Kollege wat by die 2013-sinode gedien het oor die rol van die kerk in die verligting van armoede het ook vroeëkinderontwikkeling aangedui as een van die mees kritiese bydraes wat die kerk kan maak tot die ontwikkeling van die land.

Die moderatuur het kennis geneem dat die Algemene Sinode oor geen meganisme beskik het om die probleem aan te spreek nie. Die Kerklike Maatskaplike Diensteraad (KMDR) was die enigste amptelike algemene sinodale rolspeler wat aan armoedeverligting aandag gegee het. Die KMDR is egter ’n nie-regeringsorganisasie (NRO) en kan nie die rol wat sinodes, ringe en gemeentes kan speel in die verligting van armoede deur vroeëkinderontwikkeling fasiliteer nie.

Die ASM het vervolgens besluit om ’n taakspan saam te stel vir barmhartigheid. Hierdie taakspan het aan die werk gespring en op 15-17 Oktober 2018 ’n werkswinkel gehou oor vroeëkinderontwikkeling. Die werkswinkel is geborg deur Societas for ECD en die DG Murray Trust. Die werkswinkel was ’n groot sukses met sprekers soos Grace Mathlape, die HUB van Smartstart, Jade Jacobson van Nal’iBali, Ruth Lundie van Common Good, dr Willie van der Merwe van die Hugenote Kollege en Jenny MacGarvie van PEN wat saam met talle kerklike funksionarisse perspektiewe gebied het op vroeëkinderontwikkeling. ’n Klein taakspan is saamgestel wat getaak is om ’n nasionale ekumeniese strategie te ontwikkel vir vroeëkinderontwikkeling. (Sien verslag Missionale Diakonaat, p. 221)

7.5 GESPREKKE MET DIE OOG OP VERSOENING IN SUID-AFRIKA

7.5.1 FAMLIE VAN DIE CRADOCK-VIER

’n Gesprek is deur die voorsitter gevoer en ’n verhouding is ontwikkel met Lukhanyo Calata, seun van een van die vier anti-apartheidsaktiviste, bekend as die Cradock-Vier, wat op 27 Junie 1985 naby Port Elizabeth vermoor is. Die gesprekke is in ’n baie goeie gees van versoening gevoer. Lukhanyo Calata het gedurende 2018 ’n boek gepubliseer met die titel, *My father died for this.*

Gesprekke is ook gevoer met dr Wilhelm Verwoerd, kleinseun van die voormalige eersteminister, dr Hendrik Verwoerd. Hy het ook ’n boek gepubliseer met die titel, *Bloedbande.* ’n Ete is op 3 Augustus 2018 gehou waar Lukhanyo en Abigail Calata, Wilhelm en Sharon Verwoerd, Theo en Thandi Mayekiso, Deon en Sara Snyman, Charl en Ilna Stander en Nelis en Aletta Janse van Rensburg in ’n diepgaande gesprek die twee storielyne verken en gedekonstrueer het.

Nelis Janse van Rensburg en Jasper Louw en sy eggenote het op 25 Augustus 2018 ’n besoek gebring aan mev Nomonde Calata, die weduwee van Fort Calata en moeder van Lukhanyo. Die weduwee van Matthew Goniwe, mev Nyameka Goniwe was ook teenwoordig. Tydens die besoek is die merkwaardige verhaal vertel van die versoening wat gekom het in Cradock deur die leiding van mev Goniwe en die ondersteuning en begrip wat sy destyds ontvang het van die plaaslike NG leraar, ds Hansie Schutte. ’n Proses van NG lidmate en mense uit die Lingelihle-woonbuurt wat met mekaar op reis gegaan het, het daaruit voortgevloei en was klaarblyklik van groot waarde vir versoening in die gemeenskap van Cradock.

Daar is voortgesette kontak met die Calata-familie. Tydens twee ekumeniese geleenthede (na die besoek aan Cradock) het Lukhanyo Calata getuig van die waarde wat die NG Kerk se versoeningswerk vir hulle as familie, maar ook vir die land het.

Die nuus oor die gesprekke met die groep het wyd versprei in swart geledere. Die gebaar van versoening het klaarblyklik groot simboliese betekenis vir diegene in die swart gemeenskap wat daarvan bewus geword het.

7.5.2 BRAM FISCHER SE DOGTERS

Die dogters van Bram Fischer het te hore gekom van die gesprekke met die Calatas en mev Goniwe en versoek om ook in gesprek te tree met verteenwoordigers van die NG Kerk. ’n Gesprek is gevolglik met hulle gereël en wel op 14 Augustus 2018. Dr Pieter van Jaarsveld het uit die Vrystaat die gesprek bygewoon, aangesien die Vrystaat die plek was waar Bram Fischer en sy familie se lewe afgespeel het.

Ook hierdie gesprek is van groot waarde geag en die nuus van die kerk se versoenende houding beteken vir baie mense geweldig baie.

7.5.3 MNR PATRICE MOTSEPE EN DIE MOTSEPE FOUNDATION

Die NG Kerk en mnr Patrice Motsepe, eienaar van die mynboumaatskappy African Rainbow Minerals, het oor die afgelope dekade 'n besondere verhouding opgebou. Mnr Motsepe het sy welwillendheid teenoor die NG Kerk by talle geleenthede getoon deur die NG Kerk telkens te vermeld by groot saamtrekke as 'n agent vir versoening en die heropbou van die mense van Suid-Afrika se lewe. Mnr Motsepe speel 'n baie groot versoeningsrol in Suid-Afrika en bring telkens deur die Motsepe Foundation mense van talle agtergronde byeen. Die NG Kerk word dan telkens in fokus geplaas deurdat hy by wyse van uitsondering getuig van die NG Kerk se goeie werk. Die verteenwoordiger van die NG Kerk moet ook telkens in Afrikaans bid. By die Motsepe Foundation-dinee in November elke jaar oorhandig mnr Motsepe namens die Foundation donasies aan kerke en ander nie-regeringsorganisasies. Die NG Kerk is een van enkele kerke wat telkens die grootste bedrag ontvang. In 2018 is die bedrag van R450 000 aan die NG Kerk geskenk.

In November 2017 het die Motsepe Foundation en 33 godsdienstige en geloofsgebaseerde organisasies die "2017 Nasionale dag van gebed vir alle Suid-Afrikaners" aangebied, wat baie suksesvol was en deur meer as 100 000 mense bygewoon is. Dr Gustav Claassen is genooi om in Afrikaans te bid.

Op 25 November 2018 het meer as honderdduisend mense weer by die ENB-stadion in Soweto vergader vir die "2018 Nasionale dag van gebed vir alle Suid-Afrikaners" wat weer deur die Motsepe-stigting en die 33 geloofsgebaseerde organisasies aangebied is. Ds Dirkie van der Spuy het die Afrikaanse gebed gedoen.

Die Motsepe Foundation het ook 'n borgskap ter waarde van R150 000 aan die NG Kerk gegee om die Faith and Order-vergadering van die WRK van 15-22 Junie 2017 in Pretoria te help finansier.

8. NAVORSING

Die aanstelling van dr Pieter van der Walt in 'n 25% pos van die Algemene Sinode as navorser, is moontlik gemaak deur 'n ooreenkoms wat met die Sinode van Wes-Kaapland gesluit is. Dr Van der Walt is sedert 1 Augustus 2016 in diens van dié sinode.

Hy verleen tans ondersteuning aan die Algemene Taakspan vir Leer en Aktuele Sake en aan die algemene sekretaris ten aansien van die ontwikkeling van verantwoorde standpunte oor kontensieuse kwessies. Sy kantoor bied ook navorsingsondersteuning aan dr Lourens Bosman en die Taakspan vir Missionale Kultuurverandering. Dr Van der Walt het nuwe navorsingsmetodieke ontplooi en werk ten nouste saam met prof Kobus Schoeman van die Universiteit van die Vrystaat wat verantwoordelik is vir Kerkspieël. Die benutting van die internet maak dit nou moontlik om ewekansige kwantitatiewe en kwalitatiewe studies te doen om byvoorbeeld te bepaal hoe predikante oor bepaalde aangeleenthede dink.

Hy is tans byvoorbeeld besig met navorsing oor gemeentes se betrokkenheid by VKO. Sy kantoor het ook die beste praktyke van gemeentes ondersoek wat 'n missionale kultuurverandering ondergaan het, en is tans besig om materiaal hieroor vir gemeentelike leierspanne te ontwikkel. Sy kantoor bestudeer ook die ontwikkeling van nuwe geloofsgemeenskappe in gemeentes oor kultuurgrense heen.

9. TEOLOGIESE OPLEIDING

Die Algemene Kuratorium het oor die afgelope termyn reusewerk gedoen om nuwe moontlikhede te ontsluit ten opsigte van teologiese opleiding in die NG Kerk. Die missionale transformasie van die kerk wat hierdeur gedien word, is omvattend aangesien die nuwe model teologiese opleiding toeganklik maak vir baie meer mense as diegene wat residensieel by 'n universiteit kan studeer.

Die opsie vir tweede loopbaan studente wat nou toegang het tot teologiese opleiding het reeds 'n groot aantal studente gelok. Die kategorieë van diensleraars en standplaasleraars omarm gelowiges uit ander beroepe en in buitengewone bedieninge om in die amp van leraar in diens van die kerk te kan

staan. Die opleiding van gelowiges om te dien as ouderlinge met bedieningsbevoegdheid verryk ook reeds talle se opsies om diensbaar te wees in die koninkryk.

Verwagte uitkomste, kriteria vir opleiding en die spesifieke bevoegdheid van elke gelegitimeerde in onderskeiding van mekaar, is duidelik uitgewerk en deur die ASM goedgekeur. Die NG Kerk kan uitsien na ’n ryke oes van gelegitimeerdes wat met goeie toerusting medewerkers word in diens van die koninkryk. (Sien verslag oor teologiese opleiding).

10. BYBELVERTALING

Die lede van Algemene Taakspan Bybelvertaling (ATBV) verteenwoordig die NG Kerk by ’n Kerklike Advieskomitee van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) wat die Bybelgenootskap adviseer insake alle aspekte van Bybelvertaling in Afrikaans. Die taakspan adviseer vervolgens ook die Algemene Sinode in verband met die aanwysing van Bybelvertaling(s) wat amptelik gebruik moet word (KO Art 43.1.5). (Sien verslag oor Bybelvertaling, p 492).

11. KOMMUNIKASIE

11.1 E-KOMMUNIKASIE

Die E-KOM taakgroep is ’n kommunikasienetwerk bestaande uit die nuusredakteurs van al die sinodes, die redakteur van *Kerkbode,* die bestuurder van sosiale media en ’n verteenwoordiger van Bybel-Media. Die E-KOM taakgroep se doel is om die NG Kerk se kommunikasienetwerk so effektief as moontlik te maak. Die algemene sekretaris, as deel van sy taakomskrywing, is die sameroeper van die groep en belyn alle verklarings/pastorale briewe/besluite en koördineer die kommunikasie hiervan. Die taakgroep vergader een keer per jaar. Onderwerpe wat die afgelope vier jaar deur kundiges hanteer is, sluit in:

- Kommunikasie as deel van die kerk se getuienis.
- Wat kan die NG Kerk doen om elektroniese kommunikasie te verbeter?
- Die behoefte aan ’n geïntegreerde kommunikasiestrategie vir die NG Kerk.
- Wat is die verskil tussen effektiewe kommunikasie en net die deel van inligting?
- Vaardigheidsontwikkeling van nuusredakteurs.

Positiewe uitkomste wat deur die inisiatief van dié taakgroep totstand gekom het, is:

- Die algemene sekretaris se direkte kommunikasie met predikante oor belangrike verklarings/ standpunte en verwikkelings.
- Die verbetering van die webwerf.
- Vaardigheidsvlakke van nuusredakteurs is verbeter.
- Beter integrasie is bewerk.
- Die samestelling van ’n redaksie, bestaande uit die algemene sekretaris, *Kerkbode* se redakteur, tien sinodale nuusredakteurs en die bestuurder van sosiale media, om nuus te koördineer.

11.2 KOMMUNIKASIESTRATEGIE

Die ASM het besluit om ’n volledige kommunikasiestrategie vir die NG Kerk (AS) te ontwikkel wat kommunikasie na sinodes, gemeentes en lidmate insluit. Die redakteur van *Kerkbode* en voorsitter van die direksie van Bybel-Media is betrek. Die proses het onder leiding van lede van die moderatuur geskied. (**BYLAAG 12, p 159).**

12. JEUGNETWERK

’n Gesamentlike byeenkoms tussen die onderskeie taakspanne wat verantwoordelik is vir verskillende aspekte van jeugbediening is gehou. Dit sluit in die taakspanne vir kategese, onderwys, familiebediening en belydenisaflegging.

Die groep het besluit om ’n koördinerende liggaam, Geloofsvorming Jeug, tot stand te bring sodat sinodes mekaar kan ondersteun in die onderskeie funksies van die geloofsvorming van die jeug. #Imagine is ingesluit by hierdie inisiatief. Ds Fouché de Wet is as voorsitter verkies.

13. KERKLIKE MAATSKAPPYE

Die Taakspan Kerklike Maatskappye (TKM) bestaan uit twee afgevaardigdes van elk van Bybel-Media en Hugenote Kollege en CLF (’n NRO), asook die Algemene Sinode en vergader met die algemene sekretaris as sameroeper. Die taakspan het nie uitvoerende bevoegdheid nie, maar het ’n oorsig- en koördineringsrol en is ook die kommunikasiepunt tussen die CLF, Bybel-Media en Hugenote Kollege.

Die maatskappye het steeds ’n behoefte om direk, dus bilateraal, met die ASM in gesprek te wees, aangesien die ASM die liggaam is wat grootliks verantwoordelik is vir die implementering van beleid en die uitvoering van strategieë waarop die Algemene Sinode besluit en die direkte leiding van die ASM aan die onderskeie maatskappye noodsaaklik geag word.

Die taakspan maak tans nie regtig ’n impak om die primêre kommunikasiepunt tussen die maatskappye onderling en die Algemene Sinode te wees nie. Daar kan verskeie redes hiervoor wees, waaronder die samestelling en die reglement van die taakspan. Die huidige reglement beklemtoon die oorsigfunksie van die TKM. Die maatskappye vind dit egter steeds moeilik om hulle te posisioneer binne die Algemene Sinode se beleid en strategieë. ‘n Verandering in die reglement word voorgestel. **(BYLAAG 11, p 158).**

13.1 HUGENOTE KOLLEGE

Nadat die Hugenote Kollege in 2012 sy reg verbeur het (as gevolg van minister Blade Nzimande se nuwe reëling oor openbare/privaat ooreenkomste) om namens Unisa opleiding te doen van studente wat ingeskryf is vir graadkursusse, moes buitengewone maatreëls getref word om die instelling te laat oorleef.

Die Kollege het verskeie kursusse op ’n VOO-vlak (Further Education and Training in Engels) geakkrediteer in die velde van maatskaplike werk en teologie. Sedertdien het die kollege ook begin met ’n proses om weer graadkursusse by die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerhede (SAQA) te akkrediteer. Uiteindelik, na jare se prosesse het die Kollege op 12 Februarie 2019 selfstandige akkreditasie bekom vir sy BSW-graad (B-graad in Maatskaplike Werk). Die Kollege het ook ’n BTh-graad wat ver in die proses van akkreditasie is. Die BTh-graad is ’n afstandsonderriggraad. ’n Elektroniese platform is in samewerking met NetAct geskep sodat studente voortaan alle kerklike kursusse op enige plek in die wêreld via hierdie platform kan doen.

Die Kollege se teologiese opleiding is ook intussen ingelyf by die Kuratorium van die NG Kerk in Wes-Kaapland en die Kollege word nou deur die Algemene Kuratorium erken as vierde teologiese opleidingsentrum van die NG Kerk. Die Kollege bied deur die Hugenote Bybelinstituut die bedienaarskursus van die Algemene Kuratorium aan. Hierdie kursus fokus op die opleiding van lidmate met die oog op preekbevoegdheid in die kerk.

Die Kollege sal ook mettertyd gereed wees om sekere van die diensleraarkursusse wat deur die Algemene Kuratorium in vooruitsig gestel word, aan te bied.

13.2 BYBEL-MEDIA (BM)

Volgens Artikel 43.1.9 van die Kerkorde is die Algemene Sinode verantwoordelik vir “algemene kerklike media”. Bybel-Media is die orgaan waardeur dit geskied. BM funksioneer as drie bedryfseenhede, te wete Bybel-Media, Bybel-Media Handel en Tydskriftemaatskappy van die NG Kerk. (Sien verslag, p. 486).

13.3 CHRISTELIKE LEKTUURFONDS. (CLF)

Die CLF het ten doel om die boodskap van die Bybel uit te dra deur die daarstelling en verspreiding van gratis of bekostigbare lektuur. Hierdie lektuur word op effektiewe wyse in die verskillende tale van Suider-Afrika versprei met die oog op die bediening in en deur die susterkerke in die NG Kerkfamilie (binne- sowel as buitelands). Die lektuur is so ver moontlik ook gerig op die behoeftes van ander kerke en instansies met wie ons in ’n vennootskapsverhouding staan. (Sien verslag, p 489).

13.4 KERKLIKE MAATSKAPLIKE DIENSRAAD (KMDR)

Die behoefte aan ’n oorkoepelende forum wat die kerk se werk op nasionale en selfs internasionale vlak kan verteenwoordig, het aanleiding gegee tot die stigting van die Kerklike Maatskaplike Diensteraad (KMDR) in 2001. Kerklike maatskaplike dienste wil niks anders wees as ’n bediening van die kerk nie. Die kerklike maatskaplike dienste is vir die NG Kerkfamilie ’n belangrike besit. Dit het groot kundigheid en is goed geplaas in die breë maatskaplike welsynsektor, nie net in Suid-Afrika nie maar ook in Namibië. (Sien verslag, p 498).

14. SINODALE KANTOOR

14.1 NUWE ALGEMENE SEKRETARIS

Dr Gustav Claassen het net na die Algemene Sinode van Oktober 2015 die kantoor van die algemene sekretaris betrek en lewer sedertdien uitstaande diens aan die kerk. Tydens die Algemene Sinode se prestasiebeoordeling van Februarie 2019 is sy werk op ekumeniese gebied baie hoog geëvalueer. Hy het daarin geslaag om die NG Kerk se verhoudings met talle ekumeniese instellings en kerke uit te bou en te benut. Die NG Kerk se verhouding met die kerke in Afrika het ook onder sy leiding baie mooi ontwikkel.

Daar was ook buitengewone waardering vir sy werk ten aansien van die publieke getuienis van die kerk. Hy het by talle geleenthede die kerk verteenwoordig in komplekse gesprekke oor sake wat van nasionale en internasionale belang is. Sy leiding met die dokument van die kerk oor grondhervorming spreek as ’n voorbeeld boekdele van sy kundigheid en vaardighede.

Dr Claassen slaag ook daarin om baie goeie verhoudings te handhaaf met die leierstrukture van die onderskeie samestellende sinodes van die NG Kerk.

Dr Claassen se werk is meervoudig en dikwels kompleks van aard. Daarom is daar ook onder meer buitengewone waardering vir die wyse waarop hy die kantoorkompleks van die Algemene Sinode laat opgradeer het tot ’n vriendelike en funksionele plek van ontmoeting.

14.2 HERSKIKKING VAN PERSONEEL

Dit het baie gou na die aanvang van die nuwe ASM-termyn duidelik geword dat die posvoorsiening in die kantoor van die Algemene Sinode nie belyn is met die verantwoordelikhede wat Artikel 43 van die Kerkorde aan die Algemene Sinode toeken nie.

Die arbeidskonsultant, Pieter van Rooyen, het die ASM begelei in besluitneming oor die herskikking van die poste van die Algemene Sinode. ’n Artikel 189-proses (van die Wet op Arbeidsverhoudinge) is gevolg en twee poste is botallig verklaar. Onderhandelinge is met die posbekleërs gedoen en pakette is aan hulle volgens die voorskrifte van die wet uitbetaal.

Die ASM het hierna ’n pos van algemene bestuurder goedgekeur, asook ’n verkleinde boekhouerspos. Die kostes verbonde aan die nuwe posbedeling is nie hoër as dié van die vorige bedeling nie.

14.3 ALGEMENE BESTUURDER

Dr Lourens Bosman is deur die ASM aangestel as algemene bestuurder en hy beklee die pos vanaf 1 Maart 2018. Hy is onder meer verantwoordelik vir die implimentering van die missionale strategie van die Algemene Sinode. Hy tree ook as bestuurder/koördineerder op ten aansien van die werk van die taakspanne van die sinode. Hy is ook die bestuurder van die algemene sinodale kantoor en bied ondersteuning op verskillende wyses aan die algemene sekretaris.

14.4 HERSIENING VAN DIE KANTOORBESTUUR

’n Groot aantal verbeterings is aangebring in die bestuur van die kantoor. Inkomste word verdien uit die verhuring van ’n gedeelte van die geboue en parkeerruimte. Die gebouekompleks is opgegradeer en is nou ’n nog meer vriendelike ruimte waarbinne die taakspanne en personeel gemaklik kan funksioneer.

Inventarisse is in plek gestel en die boekhoustelsel is opgegradeer.

15. DIE AKTUARIUS

Prof Johan van der Merwe is aan die begin van 2017 gediagnoseer met kanker. Hy het die moderatuur ingelig dat hy vanweë sy gesondheid moet uittree as aktuarius. Die ASM het op 13 September 2017 sy bedanking aanvaar en vir dr Dewyk Ungerer in sy plek as aktuarius gekies.